

**DIE GELOFTE VAN 16 DESEMBER 1838:
DIE HERDENKING EN BETEKENIS DAARVAN,
1838 TOT 1910**

deur

ALANA BAILEY

Voorgelê ter vervulling van ‘n deel van die vereistes vir die graad

MAGISTER HEREDITATIS CULTURAEQVE SCIENTIAE:
GEDOSEERD (KULTUURGESKIEDENIS)

in die

**Fakulteit Geesteswetenskappe
Universiteit van Pretoria
Pretoria
Oktober 2002**

Leier : Prof. O.J.O. Ferreira
Medeleier : Prof. J.S. Bergh

*Afrikaners! viert feest, heft het harte naar boven,
De gelofte der vad’ren getrouw! ‘t Is uw plicht,
Uw behoefté en voorrecht, uw God thans te loven
Voor de roemrijke daad door die helden verricht.¹*

¹ Uittreksel uit: N. Hofmeyr, Dingaansdag [gedig], *The Friend*, 1903-12-21, p. 6.

INHOUD

Afkortings	v
Voorwoord	vi
HOOFSTUK I: INLEIDING	1
1. Probleemstelling en historiografiese posisionering	1
2. Metodiek	3
3. Woordomskrywings	5
a. Afrikaner	5
b. Gelofte	6
c. Die dag 16 Desember	7
d. Trekkers	8
e. Volksfeeste	9
HOOFSTUK II: OORSPRONG VAN DIE GELOFTE VAN 1838	11
1. Die Groot Trek tot Desember 1838	11
2. Aflegging van die Gelofte	14
3. Die Slag van Bloedrivier (16 Desember 1838)	19
4. Betekenis van die Slag	21
5. Bewoording van die Gelofte	24
HOOFSTUK III: VROEGSTE HERDENKINGS VAN DIE 1838-GELOFTE (1838 TOT 1863)	27
1. Eerste nakoming (1838)	27
2. Vroeë herdenkings van die Gelofte (1839 tot 1863)	27
a. Bou van die Geloftekerk, Pietermaritzburg	27
b. Vroeë invloed van die Slag en Gelofte	28
c. Informele vierings (1840 tot 1863)	29
HOOFSTUK IV: VIERINGS MET GEDEELTELIKE STATUTÈRE ERKENNING TOT NA DIE ANGLO-TRANSVAALSE OORLOG (1864 TOT 1881)	33
1. Herdenkings herleef en groei in Natal (1864)	33
2. Erkenning en herdenkings in die ZAR (1865 tot 1878)	36
a. Statutêre erkenning in Transvaal (1865)	36
b. Herdenkings in die ZAR tot met die Britse Anneksasie in 1877	37
c. Transvaalse herdenkings onder Britse beheer (1877 en 1878)	41
3. Wyer belangstelling in die Gelofte in die Oranje-Vrystaat (1869 tot 1878)	42
4. Vooraand (1879) en verloop van die Anglo-Transvaalse Oorlog (1880 tot 1881)	42
a. Wyer bekendstelling van die Gelofte (1879)	42
b. Volksbyeenkoms en Gelofteviering by Wonderfontein (1879)	43
c. Volksvergadering by Paardekraal en die ontstaan van die sogenaamde Paardekraalgelofte (1880)	44
d. Die Anglo-Transvaalse Oorlog (1880 tot 1881)	47

5.	Geloftevierings van 1881	48
a.	Dankfees by Paardekraal (13 tot 16 Desember 1881)	48
b.	Ander herdenkings van 1881	51
6.	Invloed van die Anglo-Transvaalse Oorlog op herdenkings	51
HOOFSTUK V: HERDENKINGS MET GEDEELTELIKE STATUTÊRE ERKENNING TOT DIE VOORAAND VAN DIE ANGLO-BOEREORLOG (1882 TOT 1898)		52
1.	Byeenkomste in die Boererepublieke en Natal (1882 tot 1885)	52
2.	Feeste van 1886	55
a.	Staatsfees by Paardekraal	55
b.	Vrystaatse fees by Doornkraal	56
3.	Desentralisasie van Transvaalse herdenkings (1887)	56
4.	Halfeeufees van die Gelofte by Bloedrivier (1888)	56
5.	Paardekraalfeeste (1888 tot 1891)	57
a.	Kerklike fees (1888)	57
b.	Oprigting van die Paardekraalmonument	59
c.	Paardekraalfees (1890)	59
d.	Paardekraalse Staatsfees (1891)	59
6.	Uitbreidung van herdenkings in Transvaal (1892 tot 1895)	61
a.	Erkenning deur die Ned. Geref. Kerk (1892)	61
b.	Gemeenskapsfeeste groei in Transvaal (1892 tot 1893)	61
7.	Herdenkings groei in die Oranje-Vrystaat (1890 tot 1894)	62
a.	Invloed van die Jongelings Debat- en Skietoefeningsvereniging	62
b.	Statutêre erkenning in die Oranje-Vrystaat (1894)	63
c.	Onmin oor feesvierings	64
d.	Vrystaatse feeste van 1894	64
8.	Transvaalse herdenkings van 1894	65
a.	Poging tot insluiting onder Sondagwetgewing	65
b.	Die “dubbele Sabbat” van 1894	65
9.	Laaste vier jaar se vierings voor die Anglo-Boereoorlog (1895 tot 1898)	66
a.	Vegkop (1895)	66
b.	Bloukrans (1895)	66
c.	Jamesoninval (1895)	67
d.	Entoesiastiese vierings in 1896	67
e.	Herdenkings van 1897 en 1898	71
HOOFSTUK VI: HERDENKINGS TYDENS DIE ANGLO-BOEREORLOG (1899 TOT 1901)		72
1.	Oorwinnings en entoesiastiese vierings (1899)	72
a.	Vierings aan die front	72
b.	Eerbetoon in die ZAR	72
2.	Terugslae en somberder byeenkomste (1900)	74
a.	Britse verwydering van Paardekraal se klipstapel	74
b.	Vierings aan die front	76
c.	Saamtrek by Nootgedacht op 16 Desember 1900	76
d.	Herdenkings deur Boerekrygsgevangenes	77

3.	Herdenkings in verslaendheid (1901)	79
a.	Laaste vierings aan die front	79
b.	Herdenkings in konsentrasiekampe	79
c.	‘n Nuwe gelofte in Ahmednagar Boerekrygsgevangenekamp	80
4.	Aanbreek van ‘n nuwe era (1902)	81
HOOFSTUK VII: VIERINGS TOT MET DIE TOTSTANDKOMING VAN DIE UNIE VAN SUID-AFRIKA (1902 TOT 1910)		82
1.	Aanvanklike herdenkings na afloop van die Anglo-Boereoorlog (1902)	82
2.	Verwikkelinge rondom die Gelofte en herdenkings in 1903	83
a.	Statutêre erkenning in Transvaal	83
b.	Gerugte oor Dingaansdag 1903	84
c.	Transvaalse geleenthheidprogramme	84
d.	Vrystaatse statutêre erkenning en vierings	84
e.	Gedigte ter herdenking van Dingaansdag	85
f.	Feesherlewing in Natal	90
3.	Byeenkomste van 1904	91
a.	Begrafnis van oud-pres. Paul Kruger (16 Desember 1904)	91
b.	Ander Transvaalse Dingaansdaghherdenkings van 1904	92
c.	Vrystaatse en Natalse vierings van dié jaar	92
4.	Wyer inhoud vir Geloftevierings (1905 tot 1906)	94
a.	Ontstaan van die kransleggingstradisie op 16 Desember (1905)	94
b.	Transvaalse feeste van 1905	95
c.	Dingaansdagkontroversie onder Vrystaatse handelslui (1905)	95
d.	‘n Vrystaatse herdenking van 1905	96
e.	Poging tot Kaapse statutêre erkenning (1906)	97
f.	Dingaansdag 1906	97
5.	Feeste en pogings tot statutêre erkenning op die voorraad van Uniewording (1907 tot 1909)	98
a.	Eerste gesprekke oor nasionale vakansiedae (1907)	98
b.	Herdenkings van 1907	98
c.	Pogings om wyer statutêre erkenning vir Dingaansdag te verkry (1908)	99
d.	Gelofteherdenkings en geleenthedsprogramme van 1908	100
e.	Dingaansdag 1909	102
6.	Gelofteherdenkings in die Unie van Suid-Afrika (1910)	105
a.	Nasionale statutêre erkenning vir 16 Desember	105
b.	Fondsinsameling ten bate van die Vrouemonument	106
c.	Transvaalse herdenkings	106
d.	Vierings in die Oranje-Vrystaat	109
e.	Herdenkings en houdings in Natal en die Kaapprovinse	110
f.	Toekoms	110
HOOFSTUK VIII: GEVOLGTREKKING		111
1.	Ontwikkeling van Gelofteherdenkings (1838 tot 1910)	111
2.	Betekenis van Gelofteherdenkings (1838 tot 1910)	114
3.	Gelofteherdenkings na 1910	119
BRONNE		121

AFKORTINGS

AREA	Argief vir Eietydse Aangeleenthede
ATKV	Afrikaanse Taal- en Kultuurvereniging
B.D.	Baccalaureus Divinitatis
CJV	Christelike Jongeliedevereniging
D. Phil	Doctor Philosophiae
FAK	Federasie van Afrikaanse Kultuurvereniginge
GEM	Geestelike Eeufeesmonument
Ned. Geref.	Nederduitse Gereformeerde [Kerk]
Ned. Herv.	Nederduitsch Hervormde [Kerk]
OVS	Oranje-Vrystaat
SAVF	Suid-Afrikaanse Vroudefederasie
SVK	Sentrale Volksmonumentekomitee
U.O.V.S.	Universiteit van die Oranje-Vrystaat
U.P.	Universiteit van Pretoria
VSA	Verenigde State van Amerika
YMCA	Young Men's Christian Association
ZAR	Zuid-Afrikaansche Republiek

VOORWOORD

Die Raad van die Voortrekkermuseum in Pietermaritzburg word opreg bedank vir die finansiële skenking wat hierdie navorsing moontlik gemaak het. Tydens die soektog na inligting, is waardevolle hulp landswyd van biblioteek- en argiefpersoneel ontvang. Dr. P.J. Lor en die leeskamerpersoneel van die Nasionale Biblioteek in Pretoria, asook mej. Esta Jones van die Argief vir Eietydse Aangeleenthede in Bloemfontein, verdien ‘n besondere woord van dank. Moeilik vindbare bronne is met die uiters gewaardeerde hulp van mev. Estelle Pretorius van die Voortrekkermonument Erfenisterrein en dr. Dioné Prinsloo opgespoor. Verskeie individue en organisasies het toestemming verleen dat hulle dokumenteversamelings vir die studie geraadpleeg kon word. Dit word hoog op prys gestel en erkenning word in die bronnellys aan hulle verleen.

Spesiale dank word aan mnr. Martin en mev. Linda Zöllner betuig vir hulp met die rekenaar wat vir die studie gebruik is. Geen woorde kan vergoed vir hulle opofferings nie.

Mev. Estelle Pretorius het die noukeurige taalversorging van die manuskrip waargeneem, wat met groot waardering erken word.

Ten slotte gaan my opregte dank en waardering aan my ouers vir hulle aanmoediging en proefleeshulp, asook aan proff. O.J.O. Ferreira en J.S. Bergh wat die vertroue in my gehad het om my vir die taak aan te beveel en my deurentyd met hulle insig en advies tot die voltooiing daarvan gelei het.

DIE GELOFTE VAN 16 DESEMBER 1838:

DIE HERDENKING EN BETEKENIS DAARVAN, 1838 TOT 1910

deur

ALANA BAILEY

Leier : Prof. O.J.O. Ferreira
Medeleier : Prof. J.S. Bergh

Departement Historiese en Erfenisstudies

Voorgelê ter vervulling van ‘n deel van die vereistes vir die graad

MAGISTER HEREDITATIS CULTURAQUE SCIENTIAE (KULTUURGESKIEDENIS)

In Desember 1838 het ‘n kommando Trekkers teen die Zulukoning Dingane (c. 1795-1840) se leër opgetrek, nadat die Trekkers gevoelige verliese onder dié strydmag gely het. Omdat hulle teen ‘n oormag Zulukrygers te staan sou kom, het die Trekkers hulle onder leiding van A.W.J. Pretorius (1798-1853) en S.A. Cilliers (1801-1871) met ‘n gelofte tot God verbind. Die presiese woorde is nie aangeteken nie, maar ooggetuies se latere weergawes hiervan, dui aan dat God se hulp gevra is om die oorwinning oor die Zululeer te behaal. Indien dit sou gebeur, sou die Trekkers en hulle nageslagte die dag van die sege jaarliks aan God alleen wy. Die oorwinning is op 16 Desember 1838 tydens die Slag van Bloedrivier verwerf en die eerste nakoming van die Gelofte het dieselfde dag nog op die slagveld plaasgevind. So het die oudste Afrikanervolksfees, later bekend as Dingaans- of Geloftedag, ontstaan.

Aanvanklik is die Gelofte op klein skaal deur gesinne en geloofsgenote herdenk. In 1864 het die Algemene Kerkvergadering van die Afrikaners se Natalse Kerke aanvaar dat 16 Desember voortaan as kerklike dankdag in al hulle gemeentes gevier sou word. Dit was hoofsaaklik die gevolg van twee Herlewingsgesinde Nederlandse predikante, di. D.P.M. Huet (1827-1895) en F.L. Cachet (1835-1899),

se beywering vir die grootskaalse herdenking van die Geloofte deur Afrikaners. In 1865 het die Uitvoerende Raad van die Zuid-Afrikaansche Republiek bepaal dat 16 Desember ‘n openbare vakansiedag in dié Boererepubliek sou wees. Tydens die Anglo-Transvaalse (1880-1881) en Anglo-Boereoorlog (1899-1902) het die nakoming van die Geloofte Afrikaners besiel. ‘n Uiters nasionalistiese betekenis is gevvolglik aan die vierings geheg. Byeenkomste het deur die ZAR, Oranje-Vrystaat en noordelike Natal op toenemend georganiseerde skaal uitgebrei. In 1894 het die Vrystaatse Regering dit ook tot publieke vakansiedag verklaar. Engelssprekendes en anderskleuriges het oor die algemeen min betekenis aan die Geloofte geheg en 16 Desember in dorpe en stede vir vryetydsbesteding aangewend. In 1910 is ‘n wetsontwerp aanvaar waarvolgens 16 Desember vanaf 1911 ‘n nasionale vakansiedag (Dingaansdag) in die Unie van Suid-Afrika sou wees.

Die byeenkomste ter nakoming van die Geloofte van 1838 het ‘n onuitwisbare invloed op die Afrikaner en selfs die Suid-Afrikaanse kultuurgeskiedenis gehad. Dit het ‘n belangrike godsdienstige, nasionale, sosiale en opvoedkundige rol in die volkslewe gespeel en die Afrikaner se kreatiwiteit, historiese bewussyn, norme en interkulturele verhoudings gestimuleer en gevorm. In 1952 is die naam van die nasionale vakansiedag van Dingaansdag na Geloftedag verander. In die post-apartheid bestel na 1994 het die dag steeds ‘n publieke vakansiedag gebly, hoewel die naam daarvan na Versoeningsdag verander is. Die behoud hiervan is as ‘n belangrike gebaar van rekonsiliasie tussen Afrikaners en ander landsburgers beskou.

‘n Studie van Suid-Afrikaners se uiteenlopende benaderings tot die herdenking van die 1838-Geloofte, beginnende by die vroegste vierings daarvan van 1838 tot 1910, kan bydra tot wedersydse begrip en versoening.

**THE COVENANT OF 16 DECEMBER 1838:
ITS COMMEMORATION AND SIGNIFICANCE, 1838 TO 1910**

by

ALANA BAILEY

Supervisor : Prof. O.J.O. Ferreira

Co-supervisor : Prof. J.S. Bergh

Department of Historical and Heritage Studies

Submitted as partial requirement for the degree

MAGISTER HEREDITATIS CULTURAQUE SCIENTIAE (CULTURAL HISTORY)

After suffering heavy losses at the hands of the warriors of Zulu King Dingane (c. 1795-1840), a Voortrekker commando advanced against the former in December 1838. As it was evident that they would be faced by superior enemy numbers, the Voortrekkers were induced by A.W.J. Pretorius (1798-1853) and S.A. Cilliers (1801-1871), to enter into a covenant with God. Its exact words were not recorded, but eyewitnesses' later versions concurred that God had been requested to assist them in vanquishing the Zulu Army. Should they be victorious, the Voortrekkers undertook that they and their descendants would annually dedicate the day of the conquest to the glory of God alone. The Battle of Blood River took place on 16 December 1838, marking the Voortrekkers' desired victory. On the same day, the Covenant was fulfilled for the first time on the very battlefield. Thus the oldest Afrikaner national celebration, later known as Dingaan's Day or Day of the Covenant, came about.

Initially the Covenant was commemorated in a small way by families and religious associates. In 1864 the General Synod of the Afrikaners' Natal Churches agreed that 16 December would henceforth be

celebrated as ecclesiastical day of thanksgiving by all its congregations. This was the result of the efforts of two Dutch clergymen and supporters of Revival Theology, namely Revs. D.P.M. Huet (1827-1895) and F.L. Cachet (1835-1899). In 1865 the Executive Counsel of the South African Republic declared 16 December to be a public holiday in this Boer Republic. During the Anglo Transvaal (1880-1881) and Anglo Boer Wars (1899-1902), the commemoration of the Covenant inspired Afrikaners. The celebrations acquired a deeply nationalistic significance. A growing number of Covenant ceremonies were annually being organised throughout the Boer Republics and northern Natal. In 1894 the Government of the Free State also declared 16 December to be a public holiday. English-speaking compatriots and members of other races in general attached little importance to the Covenant, normally utilising 16 December for recreational purposes only. In 1910 an act was passed by Parliament according to which 16 December would be celebrated as a national holiday (Dingaan's Day) throughout the Union of South Africa, as of 1911.

The celebration of the Covenant of 1838 has had an inestimable influence on Afrikaner and even South African cultural history. It played an important religious, national, social and educational role in everyday life, stimulating and shaping the Afrikaner's creativity, historical consciousness, ethics and intercultural relations. In 1952 the name of the day was changed from Dingaan's Day to Day of the Covenant. After 1994, in post-apartheid South Africa, it has still remained a public holiday, even though it is now known as Day of Reconciliation. The fact that it has been retained as a holiday is regarded as a significant gesture of goodwill towards Afrikaners.

A study of South Africans' diverse attitudes towards the celebration of the Covenant of 1838, starting with the earliest commemorations between 1838 and 1910, may contribute towards mutual understanding and harmony.

SLEUTELTERME

Afrikaner	Christelike geloof
Dingaansdag	Dingaansfees
gelofte	Geloftefees
Groot Trek	Paardekraal
Slag van Bloedrivier	Trekkers
volksfees	Voortrekkers
Zulu	16 Desember

KEY TERMS

Afrikaner	Battle of Blood River
Christian religion	Covenant
Covenant celebration	Dingaan's Day
Great Trek	national festival
Paardekraal	Trekkers
Voortrekkers	vow
Zulu	16 December

I. INLEIDING

1. PROBLEEMSTELLING EN HISTORIOGRAFIESE POSISIONERING

Die herdenking van die Geloofte van 1838 het aanleiding gegee tot die oudste van al die Afrikaner se historiese feeste.¹ Deur die jare is daar waarskynlik al meer oor die viering van 16 Desember, as oor enige ander Suid-Afrikaanse vakansiedag geskryf, gedebatteer en gefilosofeer. Daar is diegene wat die onderwerp as holrug gery beskou, maar huis omdat dit meer as ‘n eeu en ‘n half lank so ‘n prominente of selfs kontroversiële onderwerp bly, is dit nodig om die gebeure rondom die datum voortdurend aan nuwe ondersoek en waardebepaling te onderwerp. Sodoende kan die werklike betekenis en implikasie van die Geloofte en die nakoming daarvan in die eietydse situasie belang word.²

Daar is geen tekort aan ongepubliseerde en gepubliseerde inligting oor die Slag van Bloedrivier en die Geloofte van 1838 nie. In ‘n navorsingsverslag wat in 2002 hieroor voltooi is, is byvoorbeeld meer as vyfhonderd-en-twintig artikels in periodieke publikasies geïdentifiseer wat dit direk of indirek as onderwerp het.³ Die vier monografieë wat die nuttigste inligting oor die ontstaan en nakoming van die Geloofte bevat, is waarskynlik D.W. Krüger se *Die viering van Dingaansdag 1838-1910* wat ongeveer in 1938 verskyn het, *Geloftedag* wat in 1961 uit die pen van M.J. Swart verskyn het, *Ons Volksfeeste* wat P.H. Kapp in 1975 as deel van die reeks genaamd *Die Afrikaner en sy kultuur* onder redaksie van P.W. Grobbelaar gepubliseer het, asook W. Marais se *Geloftedag en die toekoms van die Afrikaner* van 1996. Die eerste drie publikasies handel spesifiek oor die wyse waarop die Geloofte nagekom is. Krüger en Swart het die vierings vanaf 1838 in chronologiese volgorde behandel, terwyl Kapp dit meer tematies bespreek het. Al drie auteurs het die indruk geskep dat weinig vierings tussen 1838 en 1910 plaasgevind het. Verder het hulle hoofsaaklik op die grootste byeenkomste gekonsentreer wat in dié tydperk gehou is, byvoorbeeld Paardekraal se Staatsfeeste van 1881, 1886, 1891 en 1896, asook die begrafnis van oud-pres. S.J.P. (Paul) Kruger (1825-1904) in 1904.⁴ Aandag is sporadies aan wetgewing rondom die viering van 16 Desember verleen, maar oor minder

¹ S.D. Snijman en S.L. Barnard, Gedagtes oor Geloftedag, *Acta Theologica* 12(2), Desember 1992, p. 113.

² P.H. Kapp, Ons volksfeeste, in P.W. Grobbelaar (red.), *Die Afrikaner en sy kultuur III*, p. 97.

³ A. Bailey, *Geloftedagvierings in Suid-Afrika, 1910 tot 1994*, Ongepubliseerde verslag, U.P., 2002, pp. 618-634.

⁴ W.J. de Kock (ed.), *Dictionary of South African biography I*, p. 444.

prominente of gedesentraliseerde feesvierings, die ontstaan van feesgebruiken en die persepsies oor die betekenis van die Gelofte in die jare voor 1911 is min vertel. Marais se werk is nie veronderstel om ‘n historiografiese ontleding van die Gelofte te wees nie. Dit is geskryf as ondersoek na die betekenis van die Gelofte vir die Afrikaner in die onmiddellike post-apartheid bestel. Dit bevat egter ‘n beknopte chronologiese weergawe van hoe die Gelofte sedert die ontstaan daarvan herdenk is. Ongelukkig kom foute ook daarin voor, wat deur die jare gereeld deur oueurs gemaak is, byvoorbeeld dat die Vrystaatse Owerheid 16 Desember eers in 1903 (in plaas van 1894) tot openbare vakansiedag geproklameer het.⁵ Ten einde bogenoemde hiate aan te vul, foute te korrigeer en jarelange argumente rondom die ontstaan van die Gelofte te ondersoek, was ‘n studie van die onderwerp tot die totstandkoming van die Unie van Suid-Afrika in 1910 noodsaaklik.

Primêre navorsing in dié verband het die persepsie dat die Gelofte tussen 1838 en 1910 op ‘n baie beperkte skaal gevier is, duidelik verkeerd bewys. Sogenaamde Dingaansdaggebruiken wat algemeen met vierings van die twintigste eeu geassosieer word, het dikwels al in die negentiende eeu beslag gekry. Betekenisse wat in die twintigste eeu aan die Gelofte geheg is, is insgelyks reeds in negentiende-eeuse uitsprake daaroor te vind. Navorsing oor die herdenking van die Gelofte in die eerste twee-en-sewentig jaar van die bestaan daarvan, sal hopelik kan lei tot ‘n dieper insig oor die redes waarom hierdie herdenkings sedert 1838 so ‘n vername rol inveral die Afrikaner se kultuurlewe speel en ook verduidelik hoe die vierings tot die hedendaagse programme ontwikkel het. Die vele bronne wat deur die jare bepaalde standpunte oor die ontstaan en betekenis van die Gelofte herhaal het, is bewys daarvan dat aanvegbare en verkeerde persepsies daaroor nog nie final ter ruste gelê is nie en dat sekere vrae daaromheen waarskynlik nooit ten volle beantwoord sal kan word nie.

Dit is essensieel vir ‘n intellektuele gemeenskap om die historiese, estetiese, filosofiese en kulturele dimensies van sy bestaan deurentyd na te vors en te interpreteer,⁶ wat presies is wat met die studie nagestreef word.

⁵ Republiek van die O.V.S., *O.V.S. wetten 1892-1898*, p. 46; W. Marais, *Geloftedag en die toekoms van die Afrikaner*, p. 13.

⁶ C. Malan, Viool en voorlaaier: Kultuurstudie in ‘n Rome wat brand, *EKUS-reeks I*, p. 8.

2. METODIEK

Ten einde die inligting wat oor herdenkings van die Geloofte van 1838 beskikbaar is, sinvol te rangskik, word dit hoofsaaklik chronologies weergegee. Dit sal bydra om die ontwikkelingslyn van byeenkomste aan te toon.

‘n Besonder talryke hoeveelheid bronne is oor die Groot Trek beskikbaar. Dit sluit mondelinge en skriftelike oorleweringe van Trekkers — byvoorbeeld die dagboek van eerw. Erasmus Smit (1778-1863)⁷, hulle nageslag en anderskleurige waarnemers van die Trek in, asook biografieë van prominente Trekkers en monografieë oor die Trek in die algemeen. Soveel van hierdie bronne as moontlik is geraadpleeg tydens die aanvanklike studie wat die skryf van hierdie mini-verhandeling voorafgegaan het. Aangesien die tema van die studie tot die betekenis en viering van die Geloofte van 1838 tot 1910 beperk is, is met ‘n bondige oorsig van die Groot Trek en Slag van Bloedrivier uit betroubare sekondêre bronne volstaan. In die bronnelys word ook slegs verwys na werke wat direk in die verhandeling aangehaal word of spesifiek noodsaaklike agtergrondinligting oor die tema voorsien het.

Die kontroversie omtrent besonderhede van die Slag van Bloedrivier word in die volgende hoofstuk met verwysing na heelwat bronne genoem. Hiermee word aangedui dat die debat oor die Slag en Geloofte reeds dekades lank gevoer word. Die doel met hierdie studie is nie om aan te toon watter standpunte meer of minder aanvaarbaar is nie, maar bloot om te wys op die verskillende interpretasies wat deur die jare aan die bekende historiese feite gekoppel is. Noueurige navorsers soos G.S. Preller, F.J. du Toit Spies, C.J. Uys, M.J. Swart, C.F.J. Muller, F.A. van Jaarsveld, B.J. Liebenberg en H.B. Thom, om net enkeles te noem, het almal na die klein hoeveelheid beskikbare primêre bronne oor die Slag teruggegaan, dit aan interne en eksterne kritiek onderwerp en tot gevolgtrekkings gekom wat nie noodwendig ooreenstem nie. Die feit is dat alle primêre bronne oor die onderwerp gebreke het en dat onbetwisbare antwoorde waarskynlik nooit op die vrae gevind kan word nie. Om dié rede het die Geloofte ook deur die jare verskillende betekenisse vir verskillende mense verkry en het uiteenlopende feestradisies daaromheen ontwikkel, soos aangedui sal word.

⁷ W.J. de Kock (ed.), *Dictionary of South African biography I*, p. 728.

Tydens die navorsing is verskeie primêre bronne, mediaberigte en -verslae geraadpleeg. Laasgenoemde gee die tydgenootlike perspektief en belewing van herdenkings treffend weer. Dit vernietig ook die valse persepsie dat die nakoming van die Gelofte vir sowat sewentig jaar na die aflegging daarvan grotendeels verwaarloos is.

Omdat koerante tydens, of pas na die gebeure waaroor berig word, verskyn en aan die aandag van die breë publiek blootgestel word, kan hulle as nuttige bronne beskou word. Tog moet die navorsing die subjektiwiteit van die pers in gedagte hou en inligting wat uit hierdie publikasies verkry word, met ander tydgenootlike bronne vergelyk. ‘n Deeglike kennis van die reputasie van die onderskeie koerante dra tot ‘n objektiewe beoordeling daarvan by.⁸

Daar is gepoog om beide Afrikaanse en Engelse dagblaaie te raadpleeg. Die taak is bemoeilik deur die feit dat talle uitgawes van die koerante ontbreek of op mikrofilms beskikbaar is wat bykans onleesbaar is. ‘n Voorbeeld hiervan is die mikrofilm van eksemplare van die dagblad *The Star* wat in Desember 1910 verskyn het. Dit is in 1998 in die Nasionale Biblioteek in Pretoria geraadpleeg en was moeilik leesbaar. Toe dit in 2002 weer gebruik is om besonderhede van verwysings te kontroleer, kon die berigte nie meer ontsyfer word nie. ‘n Verdere frustrasie is dat slegs opskrifte in enkele publikasies (byvoorbeeld *The Star* van 1903 en 1908) duidelik was, wat bewys het dat daar wel oor herdenkings geskryf is, maar die teks van die berigte kon net nie gelees word nie. Die toestand van die films is kommerwekkend en die vraag kan gevra word of hierdie bronne oor ‘n eeu nog vir navorsers bruikbaar sal wees.

Soos reeds vermeld, is die herdenking van die Gelofte ‘n emosionele saak, wat beteken dat sekondêre bronne ook streng aan interne en eksterne kritiek onderwerp moes word. Haas elke skrywer het iewers ‘n opinie probeer lug oor hoe 16 Desember na sy of haar mening gevier moes word. Gelukkig was die meeste van die idees op tydperke na 1911 van toepassing en kon die feite oor 1838 tot 1910 se herdenkings betreklik maklik uitgesif word.

Weens die omvang van beskikbare materiaal en die beperkte aard van hierdie skripsie, is besluit om van geen foto’s, sketse, kaarte of ander beeldmateriaal gebruik te maak nie. Dit op sigself is ‘n studie werd en word aan toekomstige navorsers oorgelaat.

⁸

L. Gottschalk, *Understanding history. A primer of historical method*, pp. 96-98.

Enkele tydskrifte, byvoorbeeld *Handhaaf* en *Die Hervormer*, se volumenommers is dikwels foutief. Daar is sover moontlik by die volgorde van volumenommers gehou wat van die ontstaan van sulke tydskrifte af gebruik is. Verder is die datums van geraadpleegde uitgawes deeglik gekontroleer, sodat dit as vernaamste leidraad vir die heropsporing van hierdie bronne kan dien.

Vanaf 1994 is tale Suid-Afrikaanse plekname amptelik verander. Aangesien hierdie verslag veral met die tydperk voor 1911 gemoeid is, is daar ter wille van eenvormigheid en duidelikheid by die ou plekname gehou.

3. WOORDOMSKRYWINGS

a. Afrikaner

Die naam Afrikaner of sy sekondêre vorm Afrikaander, is ongeveer drie eeue oud. Die begripsinhoud en gevoelswaarde daarvan het met die verloop van tyd en onder wisselende omstandighede baie verander. Die nasiebewustheid van die Afrikaner het veral in die twintigste eeu ‘n onberekenbare groot rol in die Suid-Afrikaanse geskiedenis gespeel. Tog is dit uiterst moeilik om ‘n bevredigende, inklusiewe en eksklusiewe definisie van Afrikaner as spesifieke volksnaam te gee.⁹ Deur die jare is die vraag wie die Afrikaner is, dikwels ondersoek, sonder dat ‘n bevredigende gevolgtrekking bereik is.¹⁰ Die FAK se definisie lui dat ‘n Afrikaner enige persoon is wat hom of haar met die Afrikaanse taal en kultuur identifiseer.¹¹

Die mees algemene betekenis van Afrikaner verwys spesifiek na die blanke Afrikaanssprekende, hoewel stapte vanaf ongeveer 1960 geneem is om anderskleurige Afrikaanssprekendes daarby in te sluit. Wanneer historici die term Afrikanernasionalisme gebruik, verwys dit gewoonlik slegs na die nasionalisme van blanke Afrikaanssprekendes.¹²

⁹ J. du P. Scholtz, *Wording en ontwikkeling van Afrikaans*, pp. 119-120; *Beeld*, 1999-03-23 (Skrywers beswaard oor Afrikaner-debat), p. 2.

¹⁰ F.A. van Jaarsveld, Die Groot Trek in die historiese bewussyn van die Afrikaners, in J.S. Bergh (red.), *Herdenkingsjaar 1988*, p. 101.

¹¹ D. Prinsloo, Toespraak: Geloftedag/Versoeningsdag, Geloftedagfees, Silverton (Pretoria), 1996-12-16, p. 19.

¹² J.C. Steyn, *Trouwe Afrikaners. Aspekte van Afrikanernasionalisme en Suid-Afrikaanse taalpolitiek 1875-1938*, p. 15.

Vir die doel van hierdie verslag word gebruik gemaak van die definisie wat die Afrikanervolk omskryf as dié gedeelte van die blanke gemeenskap wat Afrikaans as moedertaal het, wat die Afrikaanse geskiedenis as hulle eie geskiedenis beleef, wat vir hulle die Afrikaanse kultuur as hulle eie kultuur toe-eien en wat ander gelykgesinde en gelykgestemde landsgenote as hulle volksgenote aanvaar.¹³ Die meerderheid Afrikaners kan as Christene met ‘n Calvinistiese agtergrond beskou word.¹⁴

Dit is interessant dat daar juis dikwels by Gelofteherdenkings gefilosofeer word oor wie en wat die Afrikaner is. Op 16 Desember 1995 het ds. I.L. de Villiers (voormalige redakteur van *Rapport*) byvoorbeeld by Bloedrivier verklaar: “[Afrikaners] is mense wat Afrikaans praat máár ten diepste in hul hart voel: Ek, as alles van my afgestroop is, is ‘n Afrikaner. Ek vereenselwig my met dit wat my van ander volke onderskei. Dit maak nie saak wat my afkoms of kleur is nie. As ek diep en mistiek in my hart voel ‘Ek is ‘n Afrikaner’, is ek een en klaar.”¹⁵

b. Gelofte

Die eerste verwysings na plegtige ooreenkomste wat met die hedendaagse geloftes, ede en verbonde ooreenstem, word by die Sumeriese beskawing in die derde millennium voor Christus aangetref. Dit het in die Midde-Ooste ontwikkel as wyses waarop verhoudings tussen sosiale of politieke teenstanders gereguleer kon word.¹⁶

In hierdie studie word spesifiek na ‘n gelofte met ‘n Bybelse agtergrond verwys. Die woord vir gelofte wat meesal in die Ou Testament gebruik word, naamlik “nedè” of “nèdèr”, is verwant aan die woord wat “afgesonder” en “gewy” beteken. Die tweede woord wat vir gelofte gebruik word, is “issár” wat van die Hebreeuse stamwoord kom wat “om te bind” beteken. Sodanige wydingsbindings kom op vele plekke in die Ou en Nuwe Testament ter sprake.¹⁷ ‘n Gelofte kan dus beskryf word as ‘n verbintenis van die siel¹⁸ — ‘n plegtige belofte aan God waardeur die aflegger homself, onder

¹³

P.H. Kapp, *Ons Volksfeeste*, p. 10.

¹⁴

Die Burger, 1989-10-25 (Wie is die Afrikaner?), p. 11.

¹⁵

I.L. de Villiers as quoted by R.H. du Pré, Paper: “One nation, many Afrikaners”: The identity crisis of “brown” Afrikaners in post-Apartheid South Africa, and its implications for nation-building, Conference of the Afrikanerbond, Tygerberg, 1996-06-07, p. 13.

¹⁶

Anonymous, *Microsoft Encarta 96 Encyclopedia CD-Rom*, keyword: Covenant (Theology).

¹⁷

P.A. Verhoef, Wat is ‘n gelofte?, *Handhaaf* 12(3), November 1974, pp. 14-19.

¹⁸

J.M.C. van den Berg, Die kerk in die huis: Ons beloftes [sic] betaal, *Die Kerkbode* 89(2), 1962-01-10, p. 41.

aanroeping van God, hoorbaar of in die stilte van sy hart, plegtig verbind om iets te doen of na te laat. Dit is nie ‘n verdienstelike werk waardeur gepoog word om die Here se guns te wen nie, maar kan wel as ‘n tipe selfdissipline beskou word.¹⁹ Die Rooms-Katolieke en Protestantse leer stem saam dat slegs beloof kan word wat die Here behaag en wat tot die algemene welsyn van mens en God sal strek.²⁰ Indien Hy beskik wat in die gelofte gevra word, is dit uit genade en nie omdat daar enige verpligting op Hom rus nie. Juis omdat Hy die versoek van die gelofte vrywillig verhoor, moet dit getrou nagekom word.²¹ Die Bybel bevat talle waarskuwings teen die verbreking van geloftes.²² ‘n Gelofte moet ook ‘n pedagogiese element bevat — dit moet lei tot dank en boetvaardigheid aan God.²³

Die oorsprong van die Trekkers se Gelofte van 1838 is in die geskrifte van die Nederlandse Protestant en theologiese skrywer, Wilhelmus à Brakel (1635-1711) te vindé. Hy het ‘n gelofte beskryf as ‘n verbintenis met God om ‘n goeie saak wat binne die vermoë van die aflegger is, uit eie vrye wil te doen of te laat uit dankbaarheid of ter bevordering van die aflegger se geestelike welstand. Dit mag volgens hom in ‘n noedsituasie afgelê word om God se hulp te vra.²⁴

Aangesien die Trekkers se gebed tot God op die dae voor die Slag van Bloedrivier (16 Desember 1838) al bogenoemde elemente bevat, kan dit as ‘n egte gelofte beskou word. In die studie sal daarna as die Gelofte (met ‘n hoofletter) verwys word om dit van ander geloftes en ooreenkomste te onderskei.

c. Die dag 16 Desember

Ongeveer ‘n week voor die Slag van Bloedrivier (16 Desember 1838) is ‘n gelofte deur die Trekkerkommando onder leiding van hoofkommandant A.W.J. (Andries) Pretorius (1798-1853) aan God afgelê. Dit het behels dat die afleggers die Here versoek het om in die

¹⁹ F.J.M. Potgieter, *Geloftedag*, *Handhaaf* 8(3), November 1970, p. 2.

²⁰ C.J. Mans, Die draagkrag van die Geloftes van 1838 en 1880, *Hervormde Teologiese Studies* 22(4), 1966, pp. 105-109.

²¹ J.A. Heyns, Die sin van Geloftedag, *Geloftedag* (5), 1957, p. 27.

²² J.M.C. van den Berg, Die kerk in die huis: Ons beloftes [sic] betaal, *Die Kerkbode* 89(2), 1962-01-10, p. 41.

²³ D.H. Groenewald, *Geloftedagprediking*, B.D.-skripsie, U.P., 1973, p. 25.

²⁴ Persoonlike inligting: N. Sarkady, Argivaris, Nederduitsch Hervormde Kerkargief, Posbus 5777, Pretoria, 2001-04-24; E. Büchner en P. Strauss, “‘n Dankdag soos ‘n sabbat” – die Ned Geref Kerk en die gelofte van 1838 [sic], *Nederduitse Gereformeerde Teologiese Tydskrif* 34(3), September 1993, pp. 301-303.

komende slag teen die leer van die Zulukoning Dingane (c.1795-1840) te beskik dat die Trekkers die oorwinning behaal. Die kommandoolede het plegtig belowe dat indien die Here die gebed sou verhoor, hulle die dag van die oorwinning elke jaar as dankdag aan God sou wy, ‘n kerk tot Sy eer (waar dit Hom behaag) sou oprig en die geskiedenis van die gebeure aan hulle nageslag sou verhaal. Dit alles sou uitsluitlik geskied om die Here se Naam te verheerlik en die eer van die oorwinning aan Hom alleen te gee.

Op Sondag 16 Desember 1838 is die oorwinning wel deur die Trekkers behaal. In die dekades wat gevolg het, is die dag op uiteenlopende wyses en onder verskillende benamings in Suider-Afrika herdenk, ten einde die Geloofte na te kom. In 1910 is dit die eerste keer amptelik in die Unie van Suid-Afrika onder die benaming Dingaansdag gevier.²⁵ Die naam verwys na Dingane en het oorspronklik te kenne gegee dat sy tirannie op die dag tot ‘n einde gekom het.²⁶ Daar was verskeie besware teen hierdie benaming en vanaf 1952 is dit na Geloftedag verander.²⁷ Op 27 April 1994 het die eerste demokratiese Suid-Afrikaanse verkiesing plaasgevind. Die Regering het die nasionale vakansiedae vervolgens hersien ten einde alle volksgroepe se behoeftes in ag te neem en een van die besluite wat hieruit voortgespruit het, is dat 16 Desember vanaf 1995 as Versoeningsdag bekendstaan.²⁸

Vir die doel van hierdie studie sal die dag Dingaansdag genoem word, soos dit uitsluitlik tussen 1838 en 1910 bekend was.

d. Trekkers

Die Groot Trek (1834-1840) was ‘n massa-emigrasie deur ‘n georganiseerde groep van ongeveer vyftienduisend inwoners van die Kaapkolonie. Hulle het meestal bestaan uit Afrikanergrensboere uit die oostelike distrikte van die kolonie en hulle het op vasgestelde tye onder aanvoering van verskillende leiers na die binneland van Suider-Afrika weggetrek. Hulle

²⁵ W.J. de Kock and D.W. Krüger (eds.), *Dictionary of South African biography II*, pp. 194, 559-560; M.J. Swart, *Geloftedag*, pp. 5-6, 46.

²⁶ B. Spoelstra, Kan Geloftedag oorlewe?, *Instituut vir Reformatoriese Studiestukke F1(180)*, p. 12.

²⁷ Unie van Suid-Afrika, *Wette van die Unie van Suid-Afrika 1952*, pp. 36, 38.

²⁸ K. Malan en J. du Plessis, Verby is die dae van die super-Afrikaner ... maar dis nie tyd vir sak en as nie, *Insig*, September 1994, p. 26; Republiek van Suid-Afrika, *Wette van die Republiek van Suid-Afrika geklassifiseer en geannoteer van 1910 af XXIX – Sondae en Openbare Vakansiedae*, pp. 6, 22.

ideaal was om nie weer na die Kaapkolonie terug te keer nie, maar in die binneland ‘n eie staat en samelewing tot stand te bring.

Die Trekkers het hulself nie Voortrekkers genoem nie. Laasgenoemde benaming is eers vanaf ongeveer 1880 gebruik.²⁹ In hierdie studie sal dus hoofsaaklik na hulle as die Trekkers verwys word.

e. Volksfeeste

‘n Fees wat gemeenskaplik aan ‘n bepaalde volk is, kan heidens of Christelik van oorsprong wees. Dit mag op ‘n voorvaderlike erfenis berus en aan ‘n tradisie of ritueel gekoppel wees. Sommige feeste vereis aktiewe deelname van die volk, maar dit hoef nie noodwendig vrolik van aard te wees nie. Dit weerspieël die gebondenheid van die individu aan sy volk, land of gemeenskap en het selde ‘n kommersiële doel. Feeste ter herinnering aan historiese gebeure of persone is ‘n moderne fase in die ontwikkeling van volksfeeste. Sulke vierings word dikwels as nasionale feeste getypeer omdat hulle in verband met die militêre, politieke, kulturele of nasionaal-godsdiestige lewe van die volk staan.

Anders as Europeërs wat ‘n lang heidense voorgeschiedenis het, was die meeste van die Afrikaner se voorvaders reeds ten tye van die volkswording Protestantse Christene. Dit gee aan sy volksfeeste ‘n geaardheid wat van Europese feeste verskil. Anders as in die stamlande, is die karakter daarvan nugter en sober en weerspieël dit as sodanig die Afrikaner se volksaard.³⁰ Vir die lede van die volk het dit ‘n kulturele, politieke en godsdiestige betekenis. Dit gee uiting aan hulle nasionale bewussyn en strewe. Die viering daarvan is dus nie bloot die handhawing van ‘n tradisie net om die tradisie, soos wat dikwels in Europa die geval is, nie.

Die Afrikaner se feeste kan ingedeel word in historiese, godsdiestig-kerklike, spontane, gesins-, seisoens- en arbeidsfeeste. Dingaansdag kan beide as ‘n historiese en godsdiestig-kerklike fees getypeer word. ‘n Voorbeeld van ‘n spontane fees is die byeenkoms wat in 1939

²⁹ J.T. du Bruyn, Die Groot Trek, in T. Cameron en S.B. Spies (reds.), *Nuwe geskiedenis van Suid-Afrika in woord en beeld*, p. 127; J.C. Pretorius (red.), *Op trek. Die daaglikse lewe tydens die Groot Trek*, p. 12.

³⁰ P.H. Kapp, *Ons Volksfeeste*, pp. 4, 7-8, 45.

by die Voortrekkermonument in Pretoria met die hereniging van die Afrikanerparty plaasgevind het. Gesinsfeeste bestaan onder meer uit verjaarsdae en huwelike, terwyl die Kaapse druiwefeste ‘n goeie voorbeeld van seisoens- en arbeidsfeeste is.³¹

Sodra die funksionaliteit of aktualiteitswaarde van ‘n volksfees verdwyn, gaan die drang om dit te vier ook verlore. Die entoesiasme wat vir feesvierings geld, weerspieël dus dikwels ook die politieke toestand van die tyd. In die geval van die Afrikaner is dit des te meer die geval omdat kultuur en politiek in die oë van die volk so dig verweef is.³² Daar word beweer dat die Afrikaner eers sal ophou om sy volksfeeste te vier wanneer sy wil om voort te bestaan vernietig is. Veral in tye van geestelike of fisiese nood en bedreigings kry volksfeeste opnuut aktualiteitswaarde.³³

Vir baie jare is Dingaansdag as die Afrikaner se enigste egte volksfees beskou. Dit is dus die oudste en bes gevestigde volksfees in Suid-Afrika. Die invloed wat dit op alle lewensterreine van die Afrikaner uitgeoefen het, het bewys hoe ‘n belangrike rol volksfeeste kán speel. Dit het die viering van alle ander volksfeeste ingrypend beïnvloed en is ook daarom intensiewe bestudering werd.³⁴

³¹ P.H. Kapp, Die Afrikaanse Volksfeeste, in F.J.N. Harman (red.), *Ons vir jou Suid-Afrika*, pp. 61-65.

³² P.H. Kapp, *Ons Volksfeeste*, p. 44.

³³ O.J.O. Ferreira, Vooronderzoek vir die bepaling van ‘n kultuurstrategie vir die Afrikaner, p. 39.

³⁴ P.H. Kapp, *Ons Volksfeeste*, pp. 45, 46.

II. OORSPRONG VAN DIE GELOFTE VAN 1838

1. DIE GROOT TREK TOT DESEMBER 1838

Die Groot Trek kan beskou word as die eerste suksesvolle anti-koloniale opstand teen Britse oorheersing in Afrika,¹ maar ironies genoeg was dit op sigself ook ‘n daad van sekondêre kolonialisasie.² Daar is uiteenlopende opinies oor die betekenis van die Trek, maar waaroor daar sekerheid is, is dat dit ‘n ingrypende invloed op die geskiedenis van Suider-Afrika gehad het.

Tussen 1834 en 1840 het ongeveer vyftienduisend mense, hoofsaaklik Afrikanerboere van die Oosgrensgebied, die Kaapkolonie permanent verlaat. Daar was ‘n verskeidenheid politieke, maatskaplike, ekonomiese, militêre en kulturele redes waarom die Trek plaasgevind het. Die Trekkers is deur verskillende leiers aangevoer en kan nie as ‘n homogene groep beskou word nie. Minder as die helfte van die Kaapse Afrikaners het uiteindelik aan die Trek deelgeneem. Tog het hulle ‘n onberekenbare groot invloed op die ontwikkeling van Afrikanernasionalisme gehad. In latere dekades het die meeste Afrikaners hulle met die Trekkers en hulle ideale vereenselwig. Hulle was ‘n bron van heroïese inspirasie wat aan die Afrikaner se republikeinse opvattings vorm gegee het, die behoud van sy identiteit verseker het en sy rasbeleid dekades lank bepaal het.³

Een van die mees dinamiese Trekleiers was P. (Pieter) Retief (1780-1838). Hy is tot goewerneur van die Trekkers verkies en op 6 Junie 1837 het hy die ampseed wat sy dienstyd ingelui het, afgelê.⁴ Hy en sy Trekgenote was van plan om hulle in Natal te vestig en Port Natal as hawe te benut. Met dié doel voor oë het Retief onderhandelings met Dingane aangeknoop om grond van die Zuluvolk te bekom. Pas nadat die traktaat wat die transaksie moes beklink, onderteken is, het Dingane egter op 6 Februarie 1838 aan sy manne opdrag gegee om Retief en sy geselskap om die lewe te bring. Die Zulukoning het ook van sy krygers gestuur om die Treklaers uit te wis. Vroeg dieoggend van 17 Februarie 1838 is sowat vyfhonderd mans, vroue

¹ *Beeld*, 1985-10-29 (Afrikaner: Histories ‘n vertraagde volk), p. 9.

² F.A. van Jaarsveld, Die Groot Trek in die historiese bewussyn van die Afrikaners, in J.S. Bergh (red.), *Herdenkingsjaar 1988*, p. 102.

³ J.T. du Bruyn, Die Groot Trek, in T. Cameron en S.B. Spies (reds.), *Nuwe geskiedenis van Suid-Afrika in woord en beeld*, pp. 127-132.

⁴ W.J. de Kock and D.W. Krüger (eds.), *Dictionary of South African biography II*, pp. 585, 587.

en kinders (insluitende anderskleurige arbeiders) langs die Bloukrans- en Boesmansrivier in verrassingsaanvalle om die lewe gebring. Ongeveer tweeduiseend-vyfhonderd stuks vee is in die proses geroof.⁵

Teenaanvalle is deur die Trekkers georganiseer, maar dit het misluk en hulle het verdere verliese gely. ‘n Tweede gerespekteerde leier, P.L. (Piet) Uys (1797-1838), het op 11 April 1838 tydens die Slag van Italeni gesneuwel.⁶ Die Trekkers het A.H. (Hendrik) Potgieter (1792-1852) beskuldig dat hy vir die neerlaag aldaar verantwoordelik was omdat hy lafhartig was. Hy en ongeveer honderd-en-sestig families het Natal gevvolglik teen Mei 1838 verlaat en hulle vryheidstrewe op die Hoëveld voortgesit.

Die winter van 1838 was koud en siektes het die Trekkers geteister. Gemoedere het ‘n laagtepunt bereik, veral toe ‘n derde leier, G.M. (Gerrit) Maritz (1797-1838) hulle op 23 September 1838 na ‘n siekbed ontval het.⁷ Van die vernaamste Natalse leiers was nog net hoofkommandant K.P. (Karel) Landman (1796-1875) oor.⁸ Die Trekkers het hulle in hulle nood tot Andries Pretorius gewend en op 22 November 1838 het hy hom uit die Kaapkolonie by hulle in Natal aangesluit.⁹ Pretorius het homself reeds as ‘n bekwame verkenner in die binneland bewys en was van plan om hom mettertyd saam met sy gesin by die landsverhuisers aldaar te voeg.¹⁰ Teen 26 November 1838 is hy as kommandant-generaal aangewys. Hy en die kommando Trekkers onder sy bevel het dadelik voorbereidings getref om teen Dingane op te trek. Pretorius het besef dat ‘n perdekommando nie sukses teen die Zulukrygers sou behaal nie en daar is besluit dat die stryd teen die vyand vanuit ‘n versterkte laer gevoer sou word.¹¹

In dié dae was gebed net so deel van die Trekkers se oorlogsvoorbereidings as wat dit was om koeëls te giet en beskuit in te pak.¹² Landman het by Pretorius aangesluit en hulle getalle is

⁵ J.T. du Bruyn, Die Groot Trek, in T. Cameron en S.B. Spies (reds.), *Nuwe geskiedenis van Suid-Afrika in woord en beeld*, pp. 132-133.

⁶ C.J. Beyers (ed.), *Dictionary of South African biography IV*, pp. 669, 672.

⁷ H.B. Thom, *Die lewe van Gert Maritz*, pp. 234, 263; W.J. de Kock (ed.), *Dictionary of South African biography I*, pp. 509, 512, 634, 637.

⁸ D.W. Krüger and C.J. Beyers (eds.), *Dictionary of South African Biography III*, p. 496.

⁹ B.J. Liebenberg, *Andries Pretorius in Natal*, p. 16; J.T. du Bruyn, Die Groot Trek, in T. Cameron en S.B. Spies (reds.), *Nuwe geskiedenis van Suid-Afrika in woord en beeld*, p. 133.

¹⁰ W.J. de Kock and D.W. Krüger (eds.), *Dictionary of South African biography II*, p. 559.

¹¹ B.J. Liebenberg, *Andries Pretorius in Natal*, p. 19; J.T. du Bruyn, Die Groot Trek, in T. Cameron en S.B. Spies (reds.), *Nuwe geskiedenis van Suid-Afrika in woord en beeld*, p. 134.

¹² F.L. Cachet, *De worstelstryd der Transvalers aan het volk van Nederland verhaald*, p.195.

verder deur enkele Engelse Natalse pioniers en hulle anderskleurige werkers aangevul.¹³ Een van die kommandoolede was J.G. (Jan) Bantjes (1817-1887), die sekretaris van Pretorius, wat tydens die veldtog dagboek gehou en dus ‘n eerstehandse verslag van die gebeure vir die nageslag nagelaat het.¹⁴ Omdat dit, anders as ander weergawes van die Slag en Geloofte, tydens die veldtog geskryf is, word dit as ‘n betroubare bron van inligting beskou.

In hierdie stadium was die Trekkers se enigste kans op oorlewing in Natal daarin geleë dat die Zuluteëstanders oorwin moes word of ‘n ooreenkoms met hulle bereik moes word. Die Britse Owerheid in die Kaapkolonie het reeds op 6 September 1838 ‘n verbod op die uitvoer van ammunisie na die Trekkers ingestel. Dit is gevvolg deur ‘n verbod op die uitvoer van lewensmiddele en vanaf 3 Desember 1838 het Britse troepe Port Natal se hawe geblokkeer. Die Trekkers was dus van die buitewêreld afgesny en die kommando se optrede teen die Zulumag was ‘n finaalgerigte daad. As dit onsuksesvol sou wees, sou die trek na Natal as massa-onderneming misluk en was dié pioniers se enigste uitweg (indien hulle sou oorleef), om na die Kaap terug te keer.¹⁵

Aan die einde van November 1838 het die kommando onder die leuse “Eendrag maak mag” op hulle veldtog vertrek.¹⁶ Sommige bronne verwarring hierdie kommando met die laer by Vegkop (1836). Daar word dus dikwels beweer dat vroue en kinders ook by die Slag van Bloedrivier betrokke was.¹⁷ Dit is nie die geval nie. Die kommando het beslis net uit weerbare mans bestaan.¹⁸ Anders as wat bronne dikwels vermeld, was hulle doel nie om wraak te neem teen Dingane en sy volgers nie, maar om hierdie vyandige mag uit te skakel, sodat vreesame voortbestaan in die gebied verseker kon word.¹⁹ Die feit dat die kommando geen ander Zulunedersettings onderweg na Dingane se stat aangeval het nie, bewys dat die veldtog slegs teen Dingane gerig was.²⁰ In sy dagverhaal het Bantjes aangeteken hoe Pretorius tot pas voor 16 Desember 1838 onder die dekking van wit vlae ‘n boodskap aan Dingane gestuur het dat die

¹³ V.E. d’Assonville, *Bloedrivier*, p. 23.

¹⁴ W.J. de Kock (ed.), *Dictionary of South African biography I*, p. 50.

¹⁵ P.S. de Jongh, *Sarel Cilliers. ‘n Biografie oor die Voortrekkerfiguur Sarel Cilliers*, p. 156; F.A. van Jaarsveld, Geloftedag in die ban van die tyd, *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* 18 (3 en 4), September en Desember 1978, p. 224.

¹⁶ J. Meintjes, *The Voortrekkers. The story of the Great Trek and the making of South Afrika*, p. 164.

¹⁷ T. Pakenham, *Die Boere-Oorlog*, pp. 38-39; 503; *Die Transvaler*, 1969-12-18 (Slagvelde wek geesdrif), p. 6; *Die Burger*, 1977-12-17 (Redes by Geloftedagvieringe), p. 5; *Die Burger*, 1981-12-16 (Bloedrivier se angstyd), p. 5; *Woord en Daad* 23(246), Februarie 1983 (Brief: H. Denkema, Welkom), p. 11; *Beeld*, 1987-12-17 (Beeld-Deurloop), p. 10.

¹⁸ M.J. Swart, Hoe Geloftedag gevier moet word, *Die Voorligter* 41(12), November 1978, p. 10.

¹⁹ M.J. Swart, Die Bloedrivierslag, *Die Taalgenoot* 51(11), Oktober 1982, pp. 16-17.

²⁰ M.J. Swart, Geloftedag, *Die Taalgenoot* 47(12), November 1978, p. 9.

kommando tot vredesonderhandelings bereid was, maar indien hy nie sou instem nie, hulle gereed was om oorlog te voer, al sou dit ook tien jaar lank duur.²¹

Die primêre bronne wat oor die veldtog behoue gebly het, is min en weerspreek mekaar. Oor die reis van die kommando en uiteindelike Slag van Bloedrivier is daar weinig aspekte waarvan historici seker kan wees. Reeds vir meer as ‘n eeu lank twis belangstellendes oor die roete wat die kommando gevolg het, die datum waarop die Gelofte die eerste keer afgelê is, wie dit afgelê het, wat die presiese inhoud van die Gelofte was, hoe die vorm van die laer by Bloedrivier daar uitgesien het, hoeveel mense, diere en waens in die laer was, hoeveel kanonne gebruik is, hoeveel Zulukrygers by die stryd betrokke was en wat na afloop van die stryd van die gewondes geword het.²² Die bestaande bronne is male sonder tal ontleed en beoordeel en uiteindelik is besef dat finale antwoorde op die vrae waarskynlik nooit bereik sal word nie.²³ Die een feit wat nie ontken kan word nie, is dat die kommando voor ‘n gedugte Zululeërmag te staan sou kom en dat hulle dit geweet het.

2. AFLEGGING VAN DIE GELOFTE

Die godsdienstige leier van die kommando was S.A. (Sarel) Cilliers (1801-1871). Hy en eerw. Erasmus Smit het dikwels swaarde gekruis oor Cilliers se gebrek aan formele geestelike opleiding, maar tog was laasgenoemde ‘n toegewyde Christen en gewilde prediker.²⁴ Die idee het by Cilliers en Andries Pretorius ontstaan dat die Here se hulp vir die komende stryd op ‘n besondere wyse gevra moes word. Hulle het besluit om dit deur middel van ‘n gelofte te doen. Sommige historici skryf die besluit aan Pretorius toe.²⁵ ‘n Motivering hiervoor is die feit dat Cilliers voor

²¹ G.[S.] Preller (red.), *Hoe ons aan Dingaansdag kom (Jan Bantjes se dagverhaal van die Winkommande [sic])*, p. 14.

²² M.J. Swart, ... tot nagedagtenis ook vir die opkomende geslagte. Vrae rondom die viering van Geloftedag, dog ‘n feitlike werklikheid, *Handhaaf* 21(2), November 1983, pp. 13-14; *Saamtrek* 2(1), Januarie en Februarie 2002 (Brief en redaksionele kommentaar), p. 18.

²³ B.J. Liebenberg, *Andries Pretorius in Natal*, pp. 34, 36; F.J. du Toit Spies, Die Bloedriviermonument, in J.J. van Tonder (red.), *Veertien gedenktekens van Suid-Afrika*, p. 85; C.J. Uys, Danskraal of Waschbankspruit?, *Historia* 3(2), Junie 1958, p. 111; F.J. du Toit Spies, Bloedrivier – ‘n Ondersoek na die werklike feite, *Standpunte* 17(1), Oktober 1963, p. 41; *Byvoegsel tot Die Volksblad*, 1967-12-15 (Die Gelofte van 16 Desember), p. 3; F.J. du Toit Spies, Hier staan ons ... Die Gelofte van 1838, *Handhaaf* 21(2), November 1983, pp. 8-9; F.J. du Toit Spies, Onsekerheid in verband met die Gelofte van 1838, *Historia* 33(2), November 1988, p. 59.

²⁴ P.S. de Jongh, *Die lewe van Erasmus Smit*, pp. 121, 149-150; C.J. Beyers (ed.), *Dictionary of South African biography IV*, pp. 83-84.

²⁵ B.J. Liebenberg, *Andries Pretorius in Natal*, p. 26; *Die Huisgenoot* 34 (1445), 1949-12-02 (Brief: B.J. Barnard, Bloemfontein), p. 6; C.J. Uys, Die aflegging van die Voortrekker-Gelofte, onbetroubaarheid van Sarel Cilliers se sogenaamde “Journal”, *Die Skoolblad* 38(2), Februarie 1950, p. 17; S.P. Engelbrecht, Die Gelofte, in Remskoen (red.), *Voortrekkermonument soewener 1949*, p. 101; M.C.E. van Schoor, Is Geloftedag gereeld gevier?, *Die Taalgenoot* 25(1), Desember 1955, p. 6; S. Vercueil, Ons herdenk die Gelofte en Bloedrivier, *Naweekpos* 12(140), Desember 1965, p. 23; A.P.J. van Rensburg, Monumente van Suid-Afrika III: Die Sondagslag by Bloedrivier, *Die Taalgenoot* 37(6), Mei 1966, p. 11.

die aflegging bekommerd was dat die Geloofte in later jare nie nagekom sou word nie en dat dit die Here se oordeel oor die afleggers sou bring.²⁶ Andere is weer oortuig dat Cilliers, juis vanweë sy reputasie as geestelike leier, inderdaad die vader van Dingaansdag was.²⁷ ‘n Enkele artikel skep selfs die illusie dat Retief by die idee aan ‘n gelofte betrokke was!²⁸ Die mees aanvaarbare antwoord is dat beide Pretorius en Cilliers op die idee gekom en dit laat realiseer het.²⁹

Die ontstaan van die Geloofte is al aan ‘n verskeidenheid bronne toegeskryf. Hoewel daar twyfel oor die Trekkers se Calvinisme uitgespreek is,³⁰ kan die innigheid van die meerderheid van hulle se geloofslewe nie betwyfel word nie.³¹ Daar word geoordeel dat hulle ‘n teokratiese eenheids- of verbondsgemeenskap was. Uit hierdie agtergrond en omdat hulle parallelle tussen hulle situasie en dié van die volk Israel in die Ou Testament gevind het, was ‘n gelofte dus vir hulle ‘n aanvaarbare aksie. Die skrywers van die Nadere Reformasie in Nederland het ook ‘n belangrike rol in die godsdiens- en algemene lewe van die Trekkers gespeel. Een van die mees geliefde en gelese van dié skrywers was Wilhelmus à Brakel. Dit is bekend dat sy boeke onder die eiendom van baie Trekkers was en die plek van predikante in hulle daaglikse wandel ingeneem het. In sy werk *Redelijke Godsdienst* het à Brakel die aflegging van geloftes as ‘n belangrike deel van die Christelike lewe onder die loep geneem. Hy het gemeen dat ‘n gelofte ‘n verbintenis aan God is wat uit vrye wil gedoen moes word en uit dankbaarheid tot God en bevordering van die geestelike welstand nagekom moes word. Hy het gemaan dat dit nie ligtelik gemaak kon word nie en pertinent gemeld dat geloftes in ‘n noodsituasie gebruik kon word. Die skrifuurlike aanhalings met voorskrifte rondom die aflê van ‘n gelofte wat à Brakel voorsien het, is ook in 1838 deur Cilliers aangehaal. Met kennis van bogenoemde geloofsvoorskrifte sou dit vir die Trekkers in hulle uur van nood natuurlik wees om hulle langs

²⁶ P.S. de Jongh, *Sarel Cilliers. ‘n Biografie oor die Voortrekkerfiguur Sarel Cilliers*, pp. 156-157; 277.

²⁷ G.B.A. Gerdener, *Sarel Cilliers. Die vader van Dingaansdag*, p. 66; *Die Volksblad*, 1947-12-15 (Stop van myne), p. 2; *Die Transvaler*, 1962-12-15 (Redaksioneel), p. 6; J.T. Jordaan, 1838 – 1866 – Vandag Geloftedag, *Die Kerkbode* 92(24), 1963-12-11, p. 834; *Die Burger*, 1966-12-16 (Geloofte is 120 jaar geleden namens ons gedoen), p. 6; J.J. van Tonder, Die Sarel Cilliers-monument op Kroonstad, *Handhaaf* 9(3), November 1971, p. 14; *Woord en Daad* 23(248), April 1983 (Brief: G. Thom, Fort Hare), p. 15; S.P. Olivier, *Fokus op Geloofte*, p. 32.

²⁸ D.P.M. Beukes, Wat Geloftedag vir my beteken ..., *Die Kerkbode* 106(25), 1970-12-16, p. 866.

²⁹ Argief vir Eietydse Aangeleenthede (AREA), Bloemfontein: Pamfletteversameling P7-38, Ons nasionale feesdae, 1967, p. 26; *Byvoegsel tot Die Volksblad*, 1967-12-15 (Die Geloofte van 16 Desember), p. 3; W.A. Stals, Die Geloofte. Die instelling en viering van Geloftedag, *Handhaaf* 9(3), November 1971, p. 10.

³⁰ A. du Toit, Captive to the Nationalist Paradigm: Prof. F.A. van Jaarsveld and the historical evidence for the Afrikaner’s ideas on his calling and mission, *South African Historical Journal* (16), 1984, pp. 50-51, 54.

³¹ P.B. van der Watt, *Die Nederduitse Gereformeerde Kerk 1834-1866 II*, pp. 20-24.

hierdie weg tot God te wend.³² Pretorius het immers die mans gereeld daaraan herinner dat hulle alleen met God se hulp met hulle veldtog sou slaag. Die kommando het dit ter harte geneem en daagliks saam aandgodsdiens gehou.³³

Waar en wanneer die Gelofte afgelê is, het ook al vir baie kontroversie gesorg. Een moontlikheid is dat dit (volgens Cilliers se herinneringe) op 7 Desember 1838 by Danskraal plaasgevind het.³⁴ ‘n Gedenkteken in die vorm van ‘n klipstapel is selfs daar opgerig op die presiese punt waar die Gelofte sogenaamd afgelê is en die grond is deur die eienaar aan die Monumentekommissie geskenk.³⁵ Tydens die Eeufeesherdenking van die Groot Trek in 1938 is die aflegging van die Gelofte op 7 Desember by Danskraal herdenk.³⁶ In 1961 het die Geloftemonumentkommissie van Danskraal om fondse gevra om ‘n formele monument aldaar op te rig.³⁷ Die FAK en SVK wou hulle egter nie ten gunste van dié onderneming uitspreek nie, omdat hulle gevoel het dat daar nie voldoende bewyse was dat Danskraal die ware geboorteplek van die Gelofte was nie.³⁸ Met die inwyding van die gerestoureerde Bloedrivierterrein in 1971 is die Gelofte selfs saans vanaf 7 Desember herhaal omdat die organiseerders op dié datum as die datum van die eerste aflegging besluit het.³⁹

³² J.C. Pretorius (red.), *Op trek. Die daagliks lewe tydens die Groot Trek*, p. 175; E. Büchner en P. Strauss, “‘n Dankdag soos ‘n sabbat” – die Ned Geref Kerk en die gelofte van 1838 [sic], *Nederduitse Gereformeerde Teologiese Tydskrif* 34(3), September 1993, pp. 301-303.

³³ G.[S.] Preller (red.), *Hoe ons aan Dingaansdag kom (Jan Bantjes se dagverhaal van die Winkommande* [sic]), pp. 6, 8-9.

³⁴ G.B.A. Gerdener, *Sarel Cilliers. Die vader van Dingaansdag*, p. 66; *Die Kerkbode* 41(5), 1938-02-02 (Brief: G.B.A. Gerdener, Stellenbosch), p. 219; A. Kuit, Die Gelofte van Sarel Cilliers, in Dingaansfeeskomitee van die Kaapse Skiereiland, *Program en soewenier 1838-1938: Dingaansdag eeufeesviering op 14, 15 en 16 Desember 1938, Rosebank se tentoonstellingsgronde*, p. 19; *Die Volksblad*, 1947-12-15 (Stop van myne), p. 2; *Die Transvaler*, 1947-12-23 (Dingaansfees), p. 4; *Die Transvaler*, 1953-12-11 (Brief: J.C. Vermaak, Vereeniging), p. 7; J.C. Vermaak, Danskraal en die Gelofte, *Historia* 2(2), September 1957, pp. 137-142; J. Bekker, Geloftedag, *Koers* 30(7 en 8), Januarie en Februarie 1963, p. 33; A.T. Spies en C.J. Uys, Is die Gelofte op 7 of 9 Desember afgelê?, *Historia* 8(1), Maart 1963, pp. 5-12; *Die Burger*, 1966-12-16 (Gelofte is 120 jaar gelede namens ons gedoen), p. 6; *Die Transvaler*, 1968-12-13 (Geloftedagfeeste in Natal), p. 15; *Die Volksblad*, 1968-12-14 (Redaksioneel), p. 6; N. Lee, Gods verbonde en die Gelofte, *Die Kerkbode* 104(24), 1969-12-10, p. 833; *Die Volksblad*, 1970-12-15 (Redaksioneel), p. 12; *Byvoegsel tot Die Burger*, 1971-12-11 (Só is die Gelofte afgelê), p. 7; O.J.O. Ferreira, Die Bloedriviermonument, simbool van vryheidsin, *Die Taalgenoot* 41(2), Januarie 1972, p. 26; Anonym, Blood River, *Afrika-Post* 20(1), Januar 1973, p. 12; W.J. van der Merwe, Die Gelofte van Bloedrivier, *Die Kerkbode* 122(24), 1978-12-13, p. 747; *Die Kerkbode* 124(24), 1979-12-12 (Redaksioneel), p. 739; *Die Burger*, 1982-12-16 (Danskraal praat met ‘n mens), p. 5; S.P. Olivier, *Fokus op Gelofte*, p. 19.

³⁵ Anoniem, Danskraal – ‘n Diep spoor in ons volksgeskiedenis, *Die Landbouweekblad* 33(1706), 1952-03-26, pp. 32-33.

³⁶ *Die Volkstem*, 1938-12-09 (Feesverrigtinge te Danskraal), p. 5.

³⁷ AREA, Bloemfontein: PV 202, lêer 1/2/3/2/5: Notule van ‘n vergadering van die Uitvoerende Komitee van die FAK, 1961-02-14, p. 9.

³⁸ AREA, Bloemfontein: PV 202, lêer 1/2/3/2/5: Notule van ‘n vergadering van die Uitvoerende Komitee van die FAK, 1961-08-04, p. 9.

³⁹ A.P. van der Colf, Die Geloftefees by Bloedrivier, *Die Voorligter* 34 (12), November 1971, p. 4.

Sommige navorsers vertrou Bantjes se dagverhaal en meen dat die Gelofte op 9 Desember by Wasbank ontstaan het.⁴⁰ Hulle argument is dat al die kommandoolede nie by Danskraal teenwoordig was nie en dat Cilliers se getuienis nie sonder meer vertrou kan word nie. Sy herinneringe waarin 7 Desember genoem word, is té lank na die gebeure, naamlik ongeveer in 1870, opgeteken. In ‘n brief wat hy in 1866 aan ds. H. van Broekhuizen gestuur het, het Cilliers byvoorbeeld die datum as 13 Desember 1838 aangegee, wat as ‘n verdere bewys daarvan beskou kan word dat hy die presiese datum vergeet het.⁴¹

‘n Derde groep vermeng die twee moontlikhede en praat van die Danskraalgelofte wat op 9 Desember 1838 afgelê is!⁴² Die presiese datum en plek sal waarskynlik altyd kontensieus bly. Daar kan egter aanvaar word dat Cilliers en Pretorius voor 9 Desember reeds die idee met die kommandoolede bespreek het.⁴³

Al kan die datum nie presies bepaal word nie, is dit tog belangrik om daarop te let dat die Gelofte nie afgelê is waar die Trekkers reeds in onmiddellike doodsgevaar verkeer het nie, maar

⁴⁰ B.J. Liebenberg, *Andries Pretorius in Natal*, p. 31; *Die Kerkbode* 41(2), 1938-01-12 (Brief: J.H.J. Potgieter, Alexandria), p. 83; H.B. Thom, Bloedrivier, *Gedenkuitgawe van die Huisgenoot*, Desember 1938, p. 128; S.P. Engelbrecht, Die Gelofte, *Gedenkuitgawe van die Huisgenoot*, Desember 1938, p. 127; S.P. Engelbrecht, Die Gelofte, in Remskoen (red.), *Voortrekkermonument soewenier* 1949, p. 99; *Die Kerkbode* 72(25), 1953-12-16 (Redaksioneel), p. 924; M.C.E. van Schoor, Is Geloftedag gereeld gevier?, *Die Taalgenoot* 25(1), Desember 1955, p. 6; C.J. Uys, Die penvoerder van die Groot Trek, *Die Kerkbode* 80(26), 1957-12-25, p. 1154; C.J. Uys, Danskraal of Waschbankspruit?, *Historia* 3(2), Junie 1958, pp. 99-101, 104; D.J. Kotzé, Geloftedag – net vir gelowige mense, *Die Huisgenoot* 42(2177), 1963-12-13, p. 6; AREA, Bloemfontein: PV 202, lêer 1/2/3/2/6: Notule van die sewentiende tweejaarlikse FAK-kongres, 1964-09-30 tot 1964-10-01, p. 10; A.P.J. van Rensburg, Monumente van Suid-Afrika III: Die Sondagslag by Bloedrivier, *Die Taalgenoot* 37(6), Mei 1966, p. 11; Anonymous, Day of the Covenant, *South African Panorama* 12(12), December 1967, p. 4; AREA, Bloemfontein: Pamfletteversameling P7-38, Ons nasionale feesdae, 1967, p. 27; H.C.J. Flemming, Die Genadekoning teenoor die genadelose koning, *Die Kerkbode* 104(24), 1969-12-10, p. 832; *Die Transvaler*, 1970-12-19 (Geloftefees veelsydiger), p. 4; J. Meintjes, *The Voortrekkers. The story of the Great Trek and the making of South Afrika*, p. 166; *Die Volksblad*, 1977-12-15 (Redaksioneel), p. 14; P.S. Dreyer, Geloftefees is ‘n Afrikanerfees, *Die Hervormer* 69(1), April 1978, p. 1; D.F. Malan, Geloftedag: Geloftes bindend in verbinding met Christus, *Die Voorligter* 43(1), Desember 1979, p. 6; A.J.G. Dreyer, Is Geloftedag net ‘n groepfees?, *Die Hervormer* 73(7), Oktober 1981, p. 7; *Die Volksblad*, 1981-12-15 (Redaksioneel), p. 12; B. Spoelstra, Kan Geloftedag oorlewe, *Instituut vir Reformatoriese Studiestukke* F1(180), p. 4.

⁴¹ P.S. de Jongh, *Sarel Cilliers. ‘n Biografie oor die Voortrekkerfiguur Sarel Cilliers*, pp. 158-159.

⁴² C.K. Oberholzer, Dingaansdag: Sy sin en betekenis, *Inspan* 6(4), Januarie 1947, p. 7; G.D. Scholtz, Dingaansdag in ons geskiedenis, *Die Ruiter* 1(33), 1947-12-17, p. 23; *Die Transvaler*, 1963-12-18 (“Voortrekkers was nie dwepers”), p. 4; S. Vercueil, Ons herdenk die Gelofte en Bloedrivier, *Naweekpos* 12(140), Desember 1965, p. 22; P.M.H. Calitz, Geloftedag. Sy ontstaan, inhoud en betekenis, *Handhaaf* 10(3), November 1972, p. 20; J.J. van Huyssteen, Die Voortrekkers, *Die Kerkbode* 124(24), 1979-12-12, p. 753.

⁴³ B.J. Liebenberg, *Andries Pretorius in Natal*, p. 30; W.A. Stals, Die Gelofte. Die instelling en viering van Geloftedag, *Handhaaf* 9(3), November 1971, p. 10; A.N. Pelzer, Die ontstaan van die Gelofte, in A.P. van der Colf (red.), “Hier staan ons ...” *Geloftefeesbundel*, p. 34.

toe die Slag nog in ‘n beplanningsfase was. Die Geloofte was dus nie ‘n desperate noodkreet nie, maar ‘n wilsbesluit.⁴⁴

Voordat die Geloofte afgelê is, moes al die teenwoordiges verklaar of hulle bereid was om hulle op so ‘n vaste wyse tot God te verbind. Die idee dat die mans dit eenparig aanvaar het, klink aangrypend en edel. Die getuenis in hierdie verband in Bantjes en Cilliers se beskrywings van die aflegging, is vaag,⁴⁵ maar talle latere bronne beweer dat dit die geval was.⁴⁶ Ander bronne maak dit weer duidelik dat Cilliers nie die enigste was wat God se oordeel gevrees het indien ‘n geloofte afgelê sou word, maar die nakoming daarvan later in onbruik sou verval nie. Twee mans, moontlik met die vanne Naudé en Malan, het verkies om nie in die Geloofte te deel nie.⁴⁷ Dat hulle in die desperate tyd banger vir God as vir die oormag Zulustryders was, getuig van hulle sterk godsdienssin. Dit is ironies dat Naudé se nasate in die jare wat gevolg het, skynbaar getroue Dingaansfeesgangers was.⁴⁸

Of die anderskleuriges en Engelse wat deel van die kommando was, ook die Geloofte afgelê het, kan nie met sekerheid vasgestel word nie.⁴⁹ Sommige bronne beweer hulle was nie deel daarvan nie, omdat Pretorius nie gemeen het dat hulle geloofslewe dit regverdig het nie.⁵⁰ Hulle sou moontlik na die diere omgesien of wag gestaan het terwyl die Geloofte bespreek is. Ander was weer van oordeel dat, aan die hand daarvan dat die Trekkers altyd hulle werkers saam laat

⁴⁴ M.J. Swart, Hoe Geloftedag gevier moet word, *Die Voorligter* 41(12), November 1978, p. 10.

⁴⁵ G.[S.] Preller (red.), *Hoe ons aan Dingaansdag kom (Jan Bantjes se dagverhaal van die Winkommande [sic])*, pp. 12-13; G.B.A. Gerdener, *Sarel Cilliers. Die vader van Dingaansdag*, p. 121.

⁴⁶ G.B.A. Gerdener, *Sarel Cilliers. Die vader van Dingaansdag*, p. 67; *De Kerkbode* 14(53), 1924-12-31 (Brief: F. Pieterse, Dundee), p. 1746; B. Smit, Die heldeverhaal, in Anoniem, *Die Geloofte. The Covenant. Le Serment. Das Gelübde*, pp. 53-55; *Die Burger*, 1966-12-16 (Geloofte is 120 jaar gelede namens ons gedoen), p. 6; W.A. Stals, *Die Geloofte. Die instelling en viering van Geloftedag*, *Handhaaf* 9(3), November 1971, p. 10; A.P. Smit, Die boodskap van die Geloofte, *Handhaaf* 10(3), November 1972, p. 10; B. Blom, Leer by die mier hoe om Geloftedag te vier, *Die Kerkbode* 152(23), 1993-12-10, p. 11.

⁴⁷ C.J. Uys, Die aflegging van die Voortrekker-Geloofte, onbetroubaarheid van Sarel Cilliers se sogenaamde “Journal”, *Die Skoolblad* 38(2), Februarie 1950, p. 18; *Die Volksblad*, 1972-12-15 (Redaksioneel), p. 14; A.P. van der Merwe, Geloftedag – daad van die Evangelisasie, *Die Taalgenoot* 43(11), Oktober 1974, p. 8; W. Kistner, The sixteenth of December in the context of Nationalistic thinking, in T. Sundermeier (ed.), *Church and Nationalism in South Africa*, p. 73; F.J. du Toit Spies, Hier staan ons ... Die Geloofte van 1838, *Handhaaf* 21(2), November 1983, p. 12.

⁴⁸ H.J. van Zyl, Hoe Dingaansdag ontstaan het, *Die Huisgenoot* 26(977), 1940-12-13, pp. 29; 63.

⁴⁹ P.S. de Jongh, *Sarel Cilliers. 'n Biografie oor die Voortrekkerfiguur Sarel Cilliers*, pp. 160-161.

⁵⁰ M.J. Swart, Die eise van Geloftedag, *Die Voorligter* 35(1), Desember 1971, p. 2; A.D. Pont, Die Geloofte in gedrang, in F.J. Strauss en A.D. Pont, *Bloedrivier, stem uit die verlede, taak vir die hede, hoop vir die toekoms*, p. 18.

huisgodsdiens hou het, hulle ook almal wat aan die Gelofte wou deelneem, daarby sou ingesluit het.⁵¹

Ten spyte van bogenoemde kontroversie, is daar ‘n redelike mate van sekerheid oor hoe die aflegging van die Gelofte verloop het. Die hele kommando was byeen en die idee oor die Gelofte was reeds aan almal bekend. Cilliers het die woord gevoer. Eers het hulle Psalm 38, verse 12 tot 16 gesing, waarna Cilliers vurig tot God gebid en die eerste 24 verse van Rigers 6 gelees het. Dié skrifgedeelte handel oor Gideon en sy keurbende wat teen ‘n oormag Midianiete uitgetrek en laasgenoemde wonderbaarlik oorwin het. Cilliers het ook verwys na Jefta se gelofte in Rigers 11, verse 30 tot 40. In ‘n nagebed het Cilliers die Gelofte namens die kommando afgelê en hulle het met ‘n gesamentlike “amen” hulle instemming hiermee betoon. Ten slotte is Psalm 38, verse 12 en 21, asook Psalm 134 gesing.⁵² Die Gelofte se presiese woorde het nie behoue gebly nie, maar dit het daarop neergekom dat indien die Here aan die Trekkers ‘n oorwinning sou beskik, hulle ‘n kerk tot Sy eer sou oprig en hulle en hulle nageslag die dag van die oorwinning tot verheerliking van God alleen aan Hom sou wy.⁵³

3. DIE SLAG VAN BLOEDRIVIER (16 DESEMBER 1838)

Nadat die Gelofte afgelê is, is dit elke aand herbevestig, wat bewys hoe ernstig die kommando daaroor gevoel het.⁵⁴ Steeds het hulle nader aan Dingane se stat beweeg en was Pretorius en sy manne op die uitkyk vir ‘n gesikte plek om laer te trek indien die vyand sou aanval. Op Saterdag 15 Desember 1838 het die verkenners ‘n groot Zululeër nabij die kommando opgemerk. Pretorius het die Trekkers beveel om aan die Ncomerivier laer te trek. Veghekke is tussen die waens opgestel en die Trekkers was slaggereed. Aandgodsdiens is soos gebruiklik gehou.⁵⁵

⁵¹ J.C. Vermaak, Danskraal en die Gelofte, *Historia* 2(2), September 1957, pp. 137-142; C.J. Uys, Danskraal of Waschbankspruit?, *Historia* 3(2), Junie 1958, p. 105.

⁵² D.W. Krüger, *Die viering van Dingaansdag 1838-1910*, p. 5; P.S. de Jongh, *Sarel Cilliers. ‘n Biografie oor die Voortrekkerfiguur Sarel Cilliers*, pp. 161-163; G.[S.] Preller (red.), *Hoe ons aan Dingaansdag kom (Jan Bantjes se dagverhaal van die Winkommando [sic])*, pp. 12-13.

⁵³ J.T. du Bruyn, Die Groot Trek, in T. Cameron en S.B. Spies (reds.), *Nuwe geskiedenis van Suid-Afrika in woord en beeld*, p. 135.

⁵⁴ D.W. Krüger, *Die viering van Dingaansdag 1838-1910*, pp. 6-7; W. Marais, *Geloftedag en die toekoms van die Afrikaner*, p. 5.

⁵⁵ B.J. Liebenberg, *Andries Pretorius in Natal*, p. 36; V.E. d'Assonville, *Bloedrivier*, pp. 27, 29.

Volgens mondelinge oorlewering van Zulukrygers, het hierdie leér uit die room van Dingane se mag bestaan.⁵⁶ Hulle is aangevoer deur Ndlela en Dambuza, ervare generaals uit die legendariese krygsman en Zulukoning Shaka (c.1787-1828) se era.⁵⁷ Hulle was gereed vir die stryd. In ceremonies wat drie dae lank voor hulle vertrek gehou is, is spesiale krygsmedisyne voorberei wat die soldate sogenaamd onoorwinlik sou maak. Die krygers het ook volgens tradisie ‘n optog na die grafte van die konings gehou en prysliedere aangehef, waarna nog meer ceremonies gevolg het.⁵⁸

Ndlela het die Trekkers aanvanklik in ‘n hinderlaag probeer lei, maar het uiteindelik besef dat dit nie sou slaag nie en dat hy en sy manne die laer sou moes aanval. Die nag was donker en ‘n digte mis het boonop toegesak. Die Zuluslagordes is met moeite rondom die laer opgestel. Toe die mis op Sondagoggend 16 Desember 1838 lig, het die Trekkers die grootste Zulumag wat ooit in die geskiedenis saamgetrek was, in die gesig gestaar. Presiese getalle is onseker, maar in die laer was minder as seshonderd weerbare mans teenoor vyftien- tot dertigduisend Zulukrygers daarbuite. ‘n Verwoede geveg het gevolg — die Zulu-ordes het gestorm en telkens weer teruggeval.⁵⁹ Dit was nie maar bloot ‘n reeks lukrake stormlope nie, maar deel van ‘n fyn beplande krygstaktiek. Dit is egter in die wiele gery deur hulle woede en wraaksug weens die verliese wat hulle geleei het, asook eiebelang en ‘n gebrek aan dissipline op deurslaggewende oomblikke. Telkens na ‘n stormloop het hulle die situasie in oënskou geneem en hergroep om hulle aanval meer effektief te maak, maar hulle strategie was nie goed genoeg om die Trekkers te oorrompel nie.⁶⁰ Teen die einde van die stryd het ‘n perdekommmando selfs keer op keer die laer verlaat en die Zulumag agtervolg om die Trekkers se slaankrag te verhoog. Uiteindelik het die Zulukrygers op die vlug geslaan.⁶¹

Aan beide kante het ‘n fanatiese gees tydens die stryd geheers en is ongelooflik dapper geveg, maar ten slotte het die Trekkers se tegnologiese superioriteit en geloofsmoed aan hulle die

⁵⁶ P.J. Schoeman, Wat die Zoeloes vertel, *Gedenkuitgawe van die Huisgenoot*, Desember 1938, p. 135; D.P. Goosen, ‘n Zoeloe vertel: Die Slag van Bloedrivier, *Rooi Rose* 25(10), 1968-12-18, p. 53.

⁵⁷ W.J. de Kock and D.W. Krüger (eds.), *Dictionary of South African biography II*, p. 655; A. Malan, Toespraak: Die Slag van Bloedrivier – 16 Desember 1838, Geloftedagfees, Heidelberg (Gauteng), 2000-12-15, pp. 29-30, 35, 37-38, 41.

⁵⁸ J. Grobler, Nog ‘n monument by Bloedrivier, *Die Taalgenoot* 67(12), Desember 1998, p. 7.

⁵⁹ V.E. d’Assonville, *Bloedrivier*, pp. 23, 34-53.

⁶⁰ A. Malan, Toespraak: Die Slag van Bloedrivier – 16 Desember 1838, Geloftedagfees, Heidelberg (Gauteng), 2000-12-15, pp. 29-30, 35, 37-38, 41.

⁶¹ V.E. d’Assonville, *Bloedrivier*, pp. 53-56.

oorwinning besorg.⁶² Die Slag het ook bewys dat ‘n laer met dieselfde effektiwiteit as ‘n fort aangewend kon word.⁶³ Na die stryd bedaar het, is gevind dat drie Trekkers (insluitende Pretorius) gewond was. Die Zululeer se verliese is deur die kommando op sowat drieduisend-vyf honderd gereken. Onder die dooies was twee halfbroers van Dingane. Die Zuluslagoffers se bloed het die Ncomerivier rooi gekleur en ‘n grieselrige oorsprong aan die naam van die Slag gegee. Later sou Zulu-oorlewendes beweer dat ongeveer tienduisend van hulle krygers gedurende die veldtoggesterf het. Dit is moontlik as gereken word dat talle van hulle ernstig by Bloedrivier verwond is en later kon sterf, en dat nog skermutselinge na Bloedrivier gevolg het.⁶⁴

Nog op dieselfde dag (16 Desember 1838), pas na afloop van die Slag, is ‘n dankdiens deur die vermoede krygers in die laer gehou.⁶⁵ Dit kan as die eerste Gelofteherdenking beskou word. Helaas was daar toe ook reeds kommandoolede wat oor hulle oorwinning geroem het en Cilliers het die gevolge van die afgelegde Gelofte nog meer gevrees.⁶⁶

4. BETEKENIS VAN DIE SLAG

Bloedrivier is al beskryf as die grootste slag wat ooit tussen swart en wit in Suid-Afrika plaasgevind het.⁶⁷ Dit was egter nie die einde van die stryd teen Dingane nie. Op 27 Desember 1838 is die Trekkers se kommando by die Wit Umfolozirivier in ‘n hinderlaag gelei en verskeie kommandoolede het gesneuwel.⁶⁸ Nogtans het dit die einde van Dingane se glorie beteken. Sy half-broer Mpande (1798-1872) en duisende volgelinge het gedros en goeie verhoudinge met die Trekkers aangeknoop. Op 15 Maart 1840 is Dingane deur lede van die Nyawostam, moontlik bygestaan deur Swazikrygers, om die lewe gebring. Na die Slag van Bloedrivier het blanke immigrasie na Natal toegeneem.⁶⁹ Duisende swartes wat weens Dingane se wispelturige en despotiese bewind in moeilik toeganklike klowe geskuil het, kon

⁶² J. Meintjes, *The Voortrekkers. The story of the Great Trek and the making of South Afrika*, p. 172.

⁶³ A. Hochschild, *The mirror at midnight – A journey to the heart of South Africa*, p. 259.

⁶⁴ V.E. d'Assonville, *Bloedrivier*, pp. 34, 36, 56, 58; D.P. Goosen, ‘n Zoeloe vertel: Die Slag van Bloedrivier, *Rooi Rose* 25(10), 1968-12-18, pp. 52-53.

⁶⁵ D.W. Krüger, *Die viering van Dingaansdag 1838-1910*, p. 8; B.J. Liebenberg, *Andries Pretorius in Natal*, p. 39.

⁶⁶ G.B.A. Gerdener, *Sarel Cilliers. Die vader van Dingaansdag*, p. 71; P.S. de Jongh, *Sarel Cilliers. ‘n Biografie oor die Voortrekkerfiguur Sarel Cilliers*, p. 169.

⁶⁷ H.B. Thom, Bloedrivier, *Gedenkuitgawe van die Huisgenoot*, Desember 1938, pp. 128, 133.

⁶⁸ B.J. Liebenberg, *Andries Pretorius in Natal*, pp. 43-44; *Die Burger*, 1977-12-16 (Bloedrivier kan ons ‘n les oor getalle leer), p. 6.

⁶⁹ W.J. de Kock and D.W. Krüger (eds.), *Dictionary of South African Biography II*, pp. 196, 496.

ook na hulle ou woonplekke in Natal terugkeer.⁷⁰ Tog het lede van die Zuluvolk ‘n eeu later verklaar: “Die son het vir ons, as Zoeloes, by Ncome (Bloedrivier) ondergegaan ...”⁷¹ Nooit sou hulle weer die alleenheersers in Natal wees nie.

Vir Afrikaners was die uniekheid van die Slag in die aflegging van die Geloofte geleë. By Cilliers en die meeste kommandoolede was daar geen twyfel dat die uitkoms direk deur God beskik is nie.⁷² Deur die jare is dit dus toenemend as ‘n wonderwerk beskou. Die neerlaag wat die Britte op 22 Januarie 1879 by Isandlwana gely het, ten spyte daarvan dat hulle met slotgewere, kanonne, vuurpylbuisse en masjiengewere toegerus was, het tot die siening van Bloedrivier as ‘n bonatuurlike gebeurtenis bygedra.⁷³ Bowendien het Zulukrygers in later jare vertel dat geeste in die nag oor die Wenkommando se laer gewaak het. Lanterns is in die nag deur die Trekkers aan sweepstokke om die laer gehys om ‘n verrassingsaanval te verhoed en die vreemde lig wat dit in die mis gemaak het, het moontlik tot hierdie legende aanleiding gegee.⁷⁴

Argumente wat ten gunste van die wonderwerk aangevoer is, is eerstens dat die Trekkers met die stadige en onvoorspelbare vuurkrag van pangewere teen so ‘n groot oormag geen lewensverlies gely het nie.⁷⁵ Boonop het die Zulumag nie in die nag aangeval nie, wat die verdediging van die laer vergemaklik het. Die mis het teen dagbreek opgeklaar en al val Desember in Natal se reënseisoen, het dit ook nie tydens die geveg gereën nie (reën en mis sou die Trekkers se kruit clam en onbruikbaar gemaak het).⁷⁶ Die Trekkers se kruit het gehou en die diere in die laer het nie te midde van die strydrumoer op loop gegaan, wat die laer sou kon vernietig nie.⁷⁷

Teen die einde van die twintigste eeu het historici hierdie argumente al meer betwis. Nadat sy sorgvuldig nagevorsde biografie *Andries Pretorius in Natal* in 1977 verskyn het, het B.J. Liebenberg voortgegaan om waterskeidende werk oor die Slag van Bloedrivier te doen. In artikels wat in 1977⁷⁸,

⁷⁰ B. Liebenberg, Bloedrivier, die ongelooflike feite, *Die Huisgenoot* 50(2902), 1977-12-16, p. 55.

⁷¹ P.J. Schoeman, Wat die Zoeloes vertel, *Gedenkuitgawe van die Huisgenoot*, Desember 1938, p. 135.

⁷² P.S. de Jongh, *Sarel Cilliers. ‘n Biografie oor die Voortrekkerfiguur Sarel Cilliers*, p. 170.

⁷³ V.E. d’Assonville, *Bloedrivier*, p. 41-42.

⁷⁴ W. Marais, *Geloftedag en die toekoms van die Afrikaner*, p. 7; A. Malan, Toespraak: Die Slag van Bloedrivier – 16 Desember 1838, Geloftedagfees, Heidelberg (Gauteng), 2000-12-15, p. 31.

⁷⁵ J. Bekker, Geloftedag, *Koers* 30(7 en 8), Januarie en Februarie 1963, p. 33; *Die Burger*, 1965-12-16 (Bloedrivier: ‘n Wonderwerk?), p. 2.

⁷⁶ D.J. Kotzé, Die wonder van Bloedrivier: Waarin is dit geleë?, *Die Huisgenoot* 42(2541), 1970-12-18, p. 31.

⁷⁷ *Die Transvaler*, 1970-12-19 (Geloftefees veelsydiger), p. 4.

⁷⁸ B.J. Liebenberg, Bloedrivier, die ongelooflike feite. *Die Huisgenoot* 50(2902), 1977-12-16.

1980⁷⁹ en 1988⁸⁰ in periodieke publikasies verskyn het, het hy aangetoon dat die meeste gebeure tydens die Slag rasioneel verklaar kon word. Dit het ‘n totaal nuwe beskouing van feite (wat kort tevore nog as oorbekend beskou is) beteken. Liebenberg het aangevoer dat Zulukrygers as ‘n reël nie snags aangeval het nie, dat die stygende dagtemperatuur of wind die mis maklik kon opgeklaar het en dat dit gemiddeld net twaalf dae per Desember in die omgewing reën. Die kanse op mooi weer was dus beter as op reën. Die donker en mis sou beide leërs ewe veel benadeel — moontlik die Zululeér nog meer as die kommando wat binne ‘n laerposisie seker van hulle omgewing was. In geval van reën kon die kommando desnoeds vanuit die waens skiet. Dit sou moeilik, maar nie onmoontlik wees nie. Zulumagte het sover bekend, ook nooit in reënweer aangeval nie.⁸¹ Op militêre gebied het die Trekkers met hulle moderner wapens en beskutte gevegsposisie ‘n voordeel bo die Zulukrygers gehad, veral omdat hulle op ‘n hinderlaag bedag was en al die Zuluslagordes nie gelyktydig aangeval het nie.⁸² Dat Pretorius ‘n puik aanvoerder en taktikus was, het verder tot die Trekkers se sukses bygedra.⁸³ Vir die kalmte van die diere in die laer, is nog geen verduideliking aangebied nie.⁸⁴

Redes waarom mense graag ‘n wonderwerk by Bloedrivier veronderstel, is dat dit ‘n maklike verklaring vir ‘n ingewikkeld gebeurtenis bied, aanpas by die Geloofte wat die veldslag uniek in die Suid-Afrikaanse geskiedenis maak en dat hierdie verduideliking ook die nasionalistiese idee ondersteun dat die Afrikaner ‘n roeping van God in Suid-Afrika het.⁸⁵

Die taak van ‘n historikus is om die geskiedenis so objektief moontlik weer te gee. Daar kan verder aanvaar word dat alle historici nie dieselfde godsdiens aanhang nie en dat hulle geloofsoortuigings nie hulle sukses as geskiedkundiges bepaal nie. Dit sou dus onaanvaarbaar wees om in ‘n historiese studie te verklaar hoekom en waar God in die geskiedenis optree, of waar nie. Daarteenoor kan uit die oogpunt van ‘n Christen aangevoer word dat alle gebeure in die geskiedenis deur die Here beskik word en vanuit dié perspektief beskou, was Bloedrivier deel van die ondeurgrondelike Goddelike plan met die mensheid. Oor hierdie saak is die laaste woorde waarskynlik nog lank nie geskryf nie en sal historici, teoloë en ander belangstellendes nog veel kan bydra.

⁷⁹ B.J. Liebenberg, Bloedrivier en Gods Hand. *Suid-Afrikaanse Historiese Joernaal* (12), November 1980.

⁸⁰ B.J. Liebenberg, Mites rondom Bloedrivier en die Geloofte. *Suid-Afrikaanse Historiese Joernaal* (20), 1988.

⁸¹ B.J. Liebenberg, Bloedrivier en Gods Hand, *Suid-Afrikaanse Historiese Joernaal* (12), November 1980, pp. 2-5.

⁸² D.J. Kotzé, Die wonder van Bloedrivier: Waarin is dit geleë?, *Die Huisgenoot* 42(2541), 1970-12-18, p. 31.

⁸³ B.J. Liebenberg, Bloedrivier en Gods Hand, *Suid-Afrikaanse Historiese Joernaal* (12), November 1980, p. 5.

⁸⁴ P.S. de Jongh, *Sarel Cilliers. ‘n Biografie oor die Voortrekkerfiguur Sarel Cilliers*, p. 169.

⁸⁵ B.J. Liebenberg, Bloedrivier en Gods Hand, *Suid-Afrikaanse Historiese Joernaal* (12), November 1980, p. 11.

Die Slag se betekenis ten opsigte van hierdie studie lê daarin dat dit die oorsprong van Geloftoftewel Dingaansdagvierings was.

5. BEWOORDING VAN DIE GELOFTE

‘n Grondige kennis van die Gelofte se inhoud is nodig ten einde begrip te verkry vir die wyses waarop dit deur die jare gevier is.

Die Gelofte van 1838 is óf nêrens woordeliks aangeteken nie, óf het nie in die oorspronklike vorm op skrif bewaar gebly nie.⁸⁶ Wanneer ‘n mens in ag neem dat dit volgens die meerderheid primêre historiese getuienis in die vorm van ‘n gebed afgelê is, maak dit sin dat niemand dit tydens die eerste aflegging neergeskryf het nie.⁸⁷ ‘n Gebed word uit eerbied immers selde, indien ooit, genotuleer.

Verskeie weergawes van die Gelofte is wel deur ooggetuies op skrif gestel. Die oudste hiervan word in Jan Bantjes se dagverhaal aangetref. Dit is moontlik op, of pas na 9 Desember 1838 aangeteken. Bantjes het geskryf:

Des Zondags morgens, voordat de Godsdienst begon, liet de Hoofd-Kommandant degenen die de Godsdienst zouden verrigten, by malkander komen, en verzocht hen, met de gemeente te spreken, dat zy allen volviger in geest en in waarheid, tot God mogt bidden, om zyne hulp en bystand, in het slaan tegen den vyand; dat hy aan den Almagtigen een gelofte doen wilde, (indien allen wel willen), — ‘om zoo de Heere ons de overwinning geven mogt, een Huis tot zyns Grooten Naams gedachtenis te stichten, alwaar het Hem zal behagen,’ — en dat zy ook moesten afsmekken, de hulp en bystand van God, om deze gelofte zeker te kunnen volbreng, en dat wy den dag der overwinning, in een boek zullen aanteeken, om dezelve bekend te maken, zelfs aan onze laatste nageslachten, opdathe t teh [sic] Eere van God gevierd mag worden.⁸⁸

Nog ‘n rekord van die Gelofte verskyn in ‘n brief wat hoof-kommandant Andries Pretorius op 23 Desember 1838 aan die Volksraad gerig het. Sy beskrywing lui:

⁸⁶ E. Büchner en P. Strauss, “‘n Dankdag soos ‘n sabbat” – die Ned Geref Kerk en die gelofte van 1838 [sic], *Nederduitse Gereformeerde Teologiese Tydskrif* 34(3), September 1993, p. 295.

⁸⁷ B.J. Liebenberg, *Andries Pretorius in Natal*, p. 33; S.P. Olivier, *Fokus op Gelofto*, p. 5.

⁸⁸ G.[S.] Preller (red.), *Hoe ons aan Dingaansdag kom (Jan Bantjes se dagverhaal van die Winkommande [sic])*, p. 12.

Verder wensch ik UE. ook ter kennisse te brengen, dat wy alhier onder elkanderen besloten hebben, om den dag onzer overwinning, zynde Zondag, den 16 dezer maand December, onder ons gansche geslacht te doen bekend worden, en dat wy het aan den Heer willen toewyden, en vieren met Dankzeggingen, zoo als wy, voor dat wy tegen den vyand streden, in het openbaar gebed beloofd hebben, zoo ook, dat zoo wy de overwinning verkrygen mogen, wy den Heere tot zyns naams gedachtenis, een huis stichten zullen, alwaar Hy ons zulks aanwyzen zal; welke geloften wy nu ook hopen te betalen, met de hulp des Heeren, nu hy ons gezegend, en onze gebeden verhoord heeft.⁸⁹

Sarel Cilliers se weergawe dateer uit ongeveer 1870 en kom in sy biografie of joernaal voor. Dit is langer en uitvoeriger as die vorige twee weergawes, wat die vermoede laat ontstaan dat Cilliers meer daarin geïnterpreteer het, as wat Bantjes en Pretorius gedoen het. Cilliers se bewoording is ook nie in die vorm van ‘n gebed nie. Dit klink eerder na die wyse waarop hy die Gelofte aan die mans verduidelik het, alvorens hulle tot die aflegging oorgegaan het.⁹⁰ Dit lui:

Mijne Broeders en medelandgenoten, hier staan wij thans, op eene Ogenblik voor een Heilige God van Hemel en aarde, om een belofte aan Hem te beloven als Hij met zijne bescherming, met ons zal wezen en onze vijand in onze handen, zal geven dat wij die dag en datum, elk jaar als een verjaarsdag en een dankdag, zoo als een Sabbath en Zijne eere, dienen zal, doorbrengen en dat wij het ook aan onzen kinderen zal zeggen, dat zij met ons erin moeten deelen, tot gedachtenis, ook voor ons opkomende geslagten, en als iemand is die er onder bezwaard bevind, dat die dan van deze plaats weg moeten gaan, want de eere van Zijn naam daaroor zal verheerlyk worden dat de roem en eer van overwinning, aan Hem zal worden gegeven.⁹¹

In 1919 het G.B.A. Gerdener se biografie oor Cilliers verskyn. In hierdie werk het Gerdener Cilliers se weergawe uit ander primêre bronne aangevul en die teks so na as moontlik aan die oorspronklike probeer rekonstrueer.⁹² Dié hersamgestelde Gelofte word steeds gereeld aangehaal en is dekades lank deur talle Afrikaners as die oorspronklike Gelofte beskou. Gerdener is later vir dié poging verkwalik. Omdat die inhoud van sy rekonstruksie betwyfel is, is die bestaan van die Gelofte selfs in die gedrang gebring. Al was sy optrede vanuit ‘n historiese oogpunt beskou nie korrek nie, is dit ‘n voldonge feit dat ‘n Gelofte wel in 1838

⁸⁹ B.J. Liebenberg, *Andries Pretorius in Natal*, pp. 32-33; H.M. Rex, Die viering van Geloftedag die vorige eeu, *Die Hervormer* 64(9), Desember 1973, p. 7; F.A. van Jaarsveld, Die Groot Trek in die historiese bewussyn van die Afrikaners, in J.S. Bergh (red.), *Herdenkingsjaar 1988*, p. 111.

⁹⁰ E. Büchner en P. Strauss, “‘n Dankdag soos ‘n sabbat” – die Ned Geref Kerk en die gelofte van 1838 [sic], *Nederduitse Gereformeerde Teologiese Tydskrif* 34(3), September 1993, pp. 297, 298.

⁹¹ P.S. de Jongh, *Sarel Cilliers. ‘n Biografie oor die Voortrekkerfiguur Sarel Cilliers*, p. 163.

⁹² G.B.A. Gerdener, *Sarel Cilliers. Die vader van Dingaansdag*, p. 68; A.N. Pelzer, Die ontstaan van die Gelofte, in A.P. van der Colf (red.), “Hier staan ons ...” *Geloftefeesbundel*, p. 36.

afgelê is en dat die strekking daarvan met Gerdener se weergawe ooreenstem.⁹³ Teen 1962 is hierdie rekonstruksie deur die letterkundige W.E.G. Louw (1913-1980) in Afrikaans vertaal. Die FAK het 'n muurkaart met die Afrikaanse bewoording laat druk en dit is wyd versprei. Dit lui:

Hier staan ons voor die Heilige God van hemel en aarde om 'n gelofte aan Hom te doen, dat, as Hy ons sal beskerm en ons vyand in ons hand sal gee, ons die dag en datum elke jaar as 'n dankdag soos 'n Sabbat sal deurbring; en dat ons 'n huis tot Sy eer sal oprig waar dit Hom behaag, en dat ons ook aan ons kinders sal sê dat hulle met ons daarin moet deel tot nagedagtenis ook vir die opkomende geslagte. Want die eer van Sy naam sal verheerlik word deur die roem en die eer van oorwinning aan Hom te gee.⁹⁴

In die twintigste eeu het historici die weergawes van die Gelofte letterlik woordeliks gebruik om teorieë oor die nakoming en betekenis daarvan te motiveer. Die betroubaarheid van Bantjes, Pretorius en Cilliers as getuies is ook fyn ontleed. Wanneer bogenoemde vier weergawes vergelyk word, kan min fundamentele verskille daartussen gevind word. Bantjes was die enigste persoon wat vermeld het dat die dag geboekstaaf moes word, 'n feit wat vir hom as sekretaris belangrik was, terwyl Cilliers nie die bou van 'n kerk genoem het nie (moontlik omdat die Voortrekkerkerk in Pietermaritzburg teen 1870 reeds voltooi was). Wat belangrik is, is dat al die weergawes spreek van dieselfde eerbied jeens God, noem dat die eer van die oorwinning aan Hom alleen moet gaan en dat dit is wat herdenk moet word.

Hierdie sentiment het die hoeksteen gevorm waarop die meeste latere herdenkings van die Gelofte berus het.

⁹³ Paardekraalse Feeskommissie, "Staatsfees" 1961 Paardekraal, [p. 10]; C.J. Mans, Die draagkrag van die Geloftes van 1838 en 1880, *Hervormde Teologiese Studies* 22(4), 1966, p. 100; A.N. Pelzer, Die ontstaan van die Gelofte, in A.P. van der Colf (red.), "Hier staan ons ..." *Geloftefeesbundel*, p. 36; F.A. van Jaarsveld, Geloftedag in die ban van die tyd, *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* 18 (3 en 4), September en Desember 1978, p. 223; P.S. de Jongh, *Sarel Cilliers. 'n Biografie oor die Voortrekkerfiguur Sarel Cilliers*, pp. 164-165.

⁹⁴ C.J. Beyers and J.L. Basson (eds.), *Dictionary of South African biography V*, p. 473; AREA, Bloemfontein: PV 202, lêer 1/2/3/2/5: Notule van 'n vergadering van die Uitvoerende Komitee van die FAK, 1962-02-07, p. 9; AREA, Bloemfontein: PV 202, lêer 1/2/3/2/6: Notule van 'n vergadering van die Uitvoerende Komitee van die FAK, 1965-02-09, p. 6; P.W.J. Groenewald (red.), *Die Voortrekker-Gedenkkerk Pietermaritzburg. Nasionale Volksmonument. Simbool van ons vertroue in die toekoms*, [p. 2]; F.A. van Jaarsveld, Die Groot Trek in die historiese bewussyn van die Afrikaners, in J.S. Bergh (red.), *Herdenkingsjaar 1988*, p. 110; Nederduitse Gereformeerde Kerkargief, Pretoria: Agenda van die Agste Vergadering van die Algemene Sinode, 1990-10-16 tot 1990-10-26, p. 115.

III. VROEGSTE HERDENKINGS VAN DIE 1838-GELOFTE (1838 TOT 1863)

1. EERSTE NAKOMING (1838)

Daar word dikwels veralgemeen deur te beweer dat die Geloofte selde gedurende die negentiende eeu herdenk is.¹ Geloftevierings was nie so algemeen as in die twintigste eeu nie, maar het tog wyd in Natal en die Boererepublieke (waarna voortaan as die ZAR of Transvaal en OVS, Oranje-Vrystaat of Vrystaat verwys sal word) plaasgevind.

Soos reeds genoem, het die kommandoolede direk na die Slag van Bloedrivier op 16 Desember 1838 ‘n dankdiens in die laer gehou. Dit kan as die eerste Geloftehedenking beskou word. Die Geloofte is by die geleentheid herbevestig. Eers daarna is die vyand agternagesit.² Op 23 Desember 1838 het Pretorius die sege, asook die strekking van die Geloofte per brief aan die Volksraad bekendgemaak.³ Die nuus daarvan het wyer versprei en toe dit Graaff-Reinet bereik, is vreugdevure in die omgewing aangestek.⁴ Die bestaan van die Geloofte het deur Suider-Afrika bekend begin raak.

2. VROEË HERDENKINGS VAN DIE GELOFTE (1839 TOT 1863)

a. Bou van die Geloftekerk, Pietermaritzburg

Nadat die Wenkommando hulle militêre veldtog teen die Zuluteëstanders afgesluit het, het hulle na hulle onderskeie Trekgeselskappe teruggekeer. In Mei 1839 is daar, as deel van die nakoming van die Geloofte, met die insameling van fondse vir die bou van ‘n kerk begin. Cilliers het hom daarvoor beywer dat dit op Pietermaritzburg opgerig moes word. Kollektelyste is vir dié aksie opgestel en is ook deur enkele Engelssprekendes ondersteun.⁵ Donasies het selfs uit die Kaap

¹ A. van Niekerk, Geloftedag in die nuwe Suid-Afrika, *Die Taalgenoot* 67(12), Desember 1998, p. 9.

² B.J. Liebenberg, *Andries Pretorius in Natal*, p. 39; M.J. Swart, *Geloftedag*, p. 8; T.N. Hanekom, By die wieg van ons Geloftees, *Die Kerkbode* 84(24), 1959-12-16, p. 969.

³ H.M. Rex, Die viering van Geloftedag die vorige eeu, *Die Hervormer* 64(9), Desember 1973, p. 7.

⁴ *Die Transvaler*, 1978-01-11 (Debat oor Geloftedag), p. 9.

⁵ D.W. Krüger, *Die viering van Dingaansdag 1838-1910*, p. 8; B.J. Liebenberg, *Andries Pretorius in Natal*, p. 125.

en Vrystaat gekom.⁶ Mense wat nie ‘n finansiële bydrae tot die fonds kon maak nie, het boumateriaal voorsien.⁷ Die hele Pietermaritzburgse gemeenskap was betrokke by die oprigting van die kerk. Kundige bouers het die messelwerk gedoen, terwyl die res van die mans klippe uit ‘n steengroef gebreek het.⁸ ‘n Tydelike gebou van hout en riet, asook die huis van die weduwee Retief is intussen vir kerklike byeenkomste benut, maar dié geboue is in geen stadium as antwoord op die Gelofte om ‘n kerk te bou, beskou nie.⁹ Teen die middel van 1841 is die Geloftekerk voltooi en ingewy.¹⁰

b. Vroeë invloed van die Slag en Gelofte

Die gebeure rondom die Slag van Bloedrivier het van meet af aan tot die pioniers se kreatiwiteit gespreek. In 1840 het ‘n onbekende Trekker ‘n gedig met die opskrif *Een vredeslied* gedig. Dit kon op die wysie van Psalm 130 gesing word en lui:

Dingaan die is gesneuveld
Voor zijne tyrannie,
Tamboesa en ook Slela
Om hun verraderij;
Panda die is gekomen
Te smeeken om den vree,
Hij heeft dit ook bekomen
Het leven ook daarmee.

Wij arme Afrikanen,
Die hier te Natal woon,
Hoe wordt onze tranen
Met goedheid hier bekroon!
O God, gij schenkt ons vrede,
Uw zegen ook daarbij;
Schenk uwe hulpe mede,
Laat uwe hand ons lei.

W' erkennen onze schulden
Voor U, o Opperheer!
Wij leggen onze hulde
Aan uwe voeten neer.

⁶ J.J. Oberholster, *The historical monuments of South Africa*, p. 240.

⁷ D. Picton-Seymour, *Historical buildings in South Africa*, p. 139.

⁸ C. van den Berg, My tweede [sic] Dingaansdag, *Die Boerevrou* (s.n.), Desember 1929, p. 10.

⁹ P.W.J. Groenewald, Beknopte geskiedenis van die Voortrekker-Gedenkkerk, in P.W.J. Groenewald (red.), *Die Voortrekker-Gedenkkerk Pietermaritzburg*, p. 6; P.S. de Jongh, *Die lewe van Erasmus Smit*, p. 167; L. Thompson, *The political mythology of Apartheid*, p. 155.

¹⁰ M.C.E. van Schoor, Is Geloftedag gereeld gevier?, *Die Taalgenoot* 25(1), Desember 1955, p. 6.

O Heer, hoor onze bede,
Vergeef ons al die schuld,
En schenk ons uwe vrede
En heb met ons geduld.

Zie, d' afgunst spant ons strikken
Men gunt ons niet dit land,
O God wil ons behoeden
Red ons uit 's vijands hand;
Wij hebben 't land verworven
En met ons bloed betaald,
Ons zal den vijand toonen
Dat 't aan geen moed ons faalt.

En Gij die ons tot hiertoe
Geholpen hebt, o God!
Help verder uwe kinderen,
Bestuur hun verder lot.
Wil zelf het recht beschermen,
Ons recht op Nataals grond,
Dan brengen w' onze hulde,
U toe met hart en mond.

Hoopt op den Heer, gij vroomen,
Is Afrika in nood!
Er zal verlossing komen,
Gods goedheid is zoo groot!
Gij zijt het zout der aarde
Daar alles nu op rust,
En ook van groote waarde
In u heeft God zijn lust.¹¹

c. Informele vierings (1840 tot 1863)

In hierdie jare is die Gelofte sover bekend nie met amptelike verrigtinge nie, maar wel in gesinsverband herdenk.¹² 'n Berigging wat in 1844 in *De Natalier* verskyn het, het byvoorbeeld vermeld dat die sewende jaarlikse dank- en biddag om God vir die oorwinning oor die "Duizende Dingaanen" te eer, op Sondag 15 Desember 1844 vanaf 09:00 aan huis van eerw. Erasmus Smit in Pietermaritzburg sou plaasvind. Op 20 Desember 1844 is berig dat die byeenkoms goed afgeloop het en dat daar 'n aansienlike aantal mense teenwoordig was. Hieruit kan

¹¹ Anoniem, *Een vredeslied* [gedig], soos aangehaal in F.A. van Jaarsveld, "Een Vredeslied". 'n Gedig deur 'n Voortrekker, *Geloftedag* (1), 1953, p. 28.

¹² M.J. Swart, *Geloftedag*, p. 10.

afgelei word dat Dingaansdag reg van die begin af sonder onderbreking in die dorp gevier is en dat dit teen 1844 by sommige Trekkers, soos Smit, reeds ‘n vaste gewoonte geword het. By hom was die herdenking van die Gelofte so ‘n groot erns, dat hy van 1844 af jaarliks soortgelyke byeenkomste in sy huis op eie koste in die plaaslike nuusblad geadverteer het. Die feeste het skynbaar hoofsaaklik uit ‘n godsdiestige byeenkoms bestaan en op die Sondag die naaste aan 16 Desember plaasgevind. Dit is ironies dat huis Smit die leiding in hierdie verband geneem het — dit was sy droom om in die Geloftekerk te preek, maar dié voorreg was hom nooit beskore nie. Dit was hoofsaaklik die gevolg van Sarel Cilliers se teenkanting. Soos reeds genoem het Cilliers en Smit nie op goeie voet verkeer nie.¹³ Eerwaarde Daniel Lindley (1801-1880) wat as leraar in die kerk opgetree het, het ook die Gelofte in 1844 met ‘n dankdag herdenk, maar op watter datum dit plaasgevind het en hoe ampelik die viering was, is nie bekend nie.¹⁴

Cilliers het die Gelofte jaarliks getrou tuis saam met sy familie herdenk. Vir hom was dit ‘n heilige plig. Dit was die gesin se gewoonte om vroeg in dieoggend ‘n psalm- of gesangvers te sing, ‘n gebed vir die land te doen, volksondes voor God te bely en ‘n toepaslike hoofstuk uit die Bybel te lees. Daarna is die Gelofte herhaal, die geskiedenis daaromheen vertel, nog ‘n vers gesing en die verrigtinge met ‘n dankgebed beëindig. In die middag is nog ‘n diens gehou en by hierdie geleentheid kon elkeen wat behoeftie daaraan gehad het, God vir Sy genade bedank.¹⁵

Verskeie redes kan vir die sporadiese en nie-ampelike aard van die vierings in die vroeë jare aangevoer word. Eerstens was die herdenking van enige kerklik-godsdiestige feesdae behalwe Sondae, uiters buitengewoon. Dit sluit Kersfees en Goeie Vrydag in.¹⁶ Daar was weinig sprake van ‘n georganiseerde kultuurlewe onder die pionierstoestande wat in die binneland van Suider-Afrika geheers het.¹⁷ Lewensomstandighede was onseker, die meeste gesinne was steeds aan die swerf, broedertwis en militêre optrede teen swart stamme was algemeen en daar was ‘n gebrek aan ‘n eenvormige nasionale gevoel onder die Trekkers.¹⁸ Ander teorieë wat bestaan oor die verwarring van die Gelofte, is dat dit net deur diegene wat by die

¹³ M.J. Swart, *Geloftedag*, p. 10; P.H. Kapp, *Ons Volksfeeste*, p. 48; P.S. de Jongh, *Die lewe van Erasmus Smit*, p. 182; T.N. Hanekom, *By die wieg van ons Geloftefees*, *Die Kerkbode* 84(24), 1959-12-16, pp. 969-970; *Rapport*, 1991-12-15 (Held sonder wierook), p. 8.

¹⁴ W.J. de Kock and D.W. Krüger (eds.), *Dictionary of South African biography II*, p. 401; F.A. van Jaarsveld, Die eerste openbare viering van 16 Desember, *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* 27(1), Maart 1987, p. 42.

¹⁵ D.W. Krüger, *Die viering van Dingaansdag 1838-1910*, pp. 8-9; M.J. Swart, *Geloftedag*, p. 13.

¹⁶ B. Spoelstra, Kan Geloftedag oorlewe?, *Instituut vir Reformatoriese Studiestukke* F1(180), p. 22.

¹⁷ F.A. van Jaarsveld, Die eerste openbare viering van 16 Desember, *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* 27(1), Maart 1987, p. 43.

¹⁸ M.J. Swart, *Geloftedag*, p. 14.

Bloedrivierslag teenwoordig was en hulle gesinne herdenk is,¹⁹ of dat die kerkleiers van die tyd almal van oorsee gekom het en nie van die Gelofte geweet het nie.²⁰ Laasgenoemde twee stellings verklaar egter nie waarom kommandoede (insluitend Pretorius) die herdenking nagelaat het en dit ook nie onder die aandag van die leraars gebring het nie. Dit maak wel sin dat die Gelofte vir die Trekkers wat nie by die Slag van Bloedrivier betrokke was nie, minder betekenis sou hê. Daar is byvoorbeeld geen aanduiding dat Potgieter dit ooit gevier het nie. Dit is ironies dat hy huis op 16 Desember 1852 oorlede is.²¹

Die besetting van Natal deur Brittanje in 1842 het gelei tot die verarming en ontworteling van vele Trekkers, wat toe reeds in die gebied gevestig was.²² Soos talle ander volksgenote het Cilliers en Pretorius Natal onderskeidelik in 1847 en 1848 permanent verlaat. Dit is vreemd dat hulle skynbaar niks in hulle nuwe tuistes gedoen het om die vierings van die Gelofte aldaar amptelik in te stel nie.²³ Teen Julie 1853 moes Pretorius aan Cilliers erken dat hy die herdenking daarvan skandelik verwaarloos het, waarop Cilliers hom skerp tereggewys het.

In 1859 was daar sprake van dorpstigting op die Bloedrivierterrein. Die feit dat huis hierdie area uitgekies is, dui aan dat die gebeure van 1838 wel van besondere betekenis vir sommige mense was. Die plan is nooit uitgevoer nie.²⁴

Dewald Pretorius, ‘n Trekker wat aan die Slag van Bloedrivier deelgeneem het, het in 1862 sy herinneringe daaraan opgeteken. Daarin het hy genoem dat die Gelofte behels het dat kerke en skole tot die eer van die Here gebou moes word.²⁵ Hy was, sover vasgestel kon word, die eerste persoon wat die Gelofte om ‘n Godshuis te bou, breër as die bou van ‘n enkele kerkgebou geïnterpreteer het.

¹⁹ W. Kistner, The sixteenth of December in the context of Nationalistic thinking, in T. Sundermeier (ed.), *Church and Nationalism in South Africa*, p. 74.

¹ D.W. Krüger, *Die viering van Dingaansdag 1838-1910*, pp. 28-29; Sentraal Feestkommissie, *Officieel programma Dingaansdag viering 1916 ter herinnering. Paardekraal*, p. 10; P.H. Kapp, *Ons Volksfeeste*, pp. 52-53.

² *De Volksstem*, 1882-12-20 (Berig), p. [2].

³ *De Volksstem*, 1882-12-16 (Berig), p. [2].

In 1882 het die Transvaalse Regering die mening uitgespreek dat Dingaansdag ook elders in die Republiek gevier moes word.⁴ Op 24 Julie 1883 het die Volksraad besluit dat dit elke burger sou vrystaan om jaarliks by Paardekraal saam te trek. Die Regering sou egter voortaan slegs elke vyfde jaar ‘n offisiële viering aldaar aanbied. Die eerste datum vir so ‘n Staatsfees is vir 1886 bepaal. Daar is gevrees dat ‘n jaarlikse fees op hierdie groot skaal op die lange duur bloot in ‘n gewoonte sou ontaard wat beide onwenslik was en nie die Regering se onkoste en moeite sou regverdig nie. Om die fees te kon bywoon, sou boere uit afgeleë streke jaarliks vir drie lank hulle plase moes verlaat, wat uiterliggend sou wees. Dit sou dus beter wees as dit net een keer in vyf jaar plaasvind. Die Staat het die leraars van die verskillende kerke versoek om die Gelofte op die Sondag naaste aan 16 Desember in hulle gebede te herdenk. Die volk het aan die versoek gehoor gegee. Voortaan is ‘n meer plaaslike fees jaarliks by Paardekraal aangebied, met die uitsondering van 1886, 1891 en 1896 toe groot Staatsfeeste plaasgevind het.⁵

In Natal was ‘n desentralisering van feeste teen 1882 al hoe meer aan die orde van die dag. Pietermaritzburg, Weenen en Bloedrivier se vierings was reeds gevestigde instellings en vanaf 1883 het Ladysmith ook jaarliks ‘n Dingaansfees aangebied.⁶

In 1884 is Dingaansdag se status as openbare vakansiedag streng in Transvaal gehandhaaf. Met sonop is ‘n kanonsaluut van een-en-twintig skote weer uit die militêre kamp in Pretoria gevuur. Dit het talle inwoners blykbaar letterlik laat wakkernskrik! Die stad se winkels was dié dag almal gesluit en spesiale dienste is die oggend in die sogenaamde Nederlandstalige kerke (dus Afrikanergemeentes) gehou. Talle families het uitstappies vir die middag beplan, maar reën het dit in die wiele gery.⁷ Die koerant *De Volksstem* het wel op 16 Desember 1884 verskyn.⁸ Soos gebruiklik het ‘n krieketwedstryd op dié dag in Pretoria plaasgevind. Die deelnemende spanne was bekend as die “Homeborns” en “Colonials”, wat die vermoede versterk dat die meeste spelers Engelssprekendes was. Laasgenoemde span het as oorwinnaars uit die stryd getree.⁹

⁴ H.M. Rex, Die viering van Geloftedag die vorige eeu, *Die Hervormer* 64(9), Desember 1973, p. 15.

⁵ D.W. Krüger, *Die viering van Dingaansdag 1838-1910*, pp. 30-31; Sentraal Feestkommissie, *Officieel programma Dingaansdag viering 1916 ter herinnering. Paardekraal*, pp. 10-11; M.J. Swart, *Geloftedag*, p. 28.

⁶ M.J. Swart, *Geloftedag*, p. 29.

⁷ *De Volksstem*, 1884-12-23 (Berig), p. [2].

⁸ *De Volksstem*, 1884-12-16.

⁹ *De Volksstem*, 1884-12-19 (Berig), p. [2].

In 1885 het die Sinode van Vrystaatse Ned. Geref. Kerk die herdenking van Dingaansdag ten sterkste by alle lidmate aanbeveel. As gevolg van hierdie kentering teenoor hulle besluit van 1869, het feeste op klein skaal in die OVS begin plaasvind. Dit is interessant dat hoewel die Vrystaat soos die ZAR ‘n Boererepubliek was, die inisiatief om die Gelofte daar te gedenk soos in Natal, van kerklike kant (en nie die owerhede nie) gekom het.

In dieselfde jaar is die Nederduits Hervormde of Gereformeerde Kerk amptelik in Transvaal gestig. Selfs op 16 Desember 1885 is die Kerk se vergadering voortgesit. Een van die ouderlinge het geweiер om dié dag se sitting by te woon omdat hy Dingaansdag as ‘n godsdiestige feesdag beskou het. Al het die res van die afgevaardigdes duidelik nie sy sentimente gedeel nie, het hulle wel aanbeveel dat die dag deur die volk gevier moes word. Die aand is ‘n plegtige geleentheidsdiens aangebied.¹⁰

Die koerant *De Volksstem* het lesers herinner dat die oorwinning oor Dingane in 1885 vir die sewe-en-veertigste keer herdenk is. Volgens redaksionele kommentaar was 16 Desember “... een dag waarop elk waar Afrikaan, maar vooral ieder Transvaler, met regtmatigen trots niet alleen, maar ook met innige dankbaarheid terugziet, ja, een dag die nooit door ons volk mag vergeten worden.” Die geskiedenis van die Bloedrivierslag van 1838 is kortliks vanuit F.L. Cachet se geskrifte aan die lesers van dié koerant verhaal en hulle is by voorbaat aangemoedig om die Staatsfees in Desember 1886 by Paardekraal by te woon.¹¹

Die vierings by Bloedrivier het buitelugfeeste as ‘n tradisie gevestig. In Suid-Afrika word Desember gekenmerk deur hitte of stormagtige weer. In die somerreënvalstreke het die spreekwoord “Op Dingaansdag geen zegen zonder regen” selfs in die volksmond ontstaan.¹² ‘n Tipe skuiling sou dus by die feesterreine verwelkom word. Op 15 Desember 1885 het genl. S.W. Burger (1852-1918) die hoeksteen van ‘n feessaal by Belfast gelê.¹³ Dit was sover bekend die eerste van ‘n menigte soortgelyke strukture wat mettertyd deur die land opgerig sou word en het bewys hoe deeglik feeste nou in gemeenskappe gevestig geraak het.

¹⁰ M.J. Swart, *Geloftedag*, pp. 29-30.

¹¹ *De Volksstem*, 1885-12-17 (Berigte), pp. [2]-[3].

¹² *De Volkstem*, 1922-12-22 (Dingaansdag-feesviering), p. 6.

¹³ W.J. de Kock and D.W. Krüger (eds.), *Dictionary of South African biography II*, pp. 106-107; *Beeld*, 1984-12-13 (Berig), p. 19.

2. FEESTE VAN 1886

a. Staatsfees by Paardekraal

Die vyfjaarlikse Paardekraalse Staatsfeeste wat in 1883 deur die Volksraad aangekondig is, sou in Desember 1886 ‘n aanvang neem. Op 19 November 1886 het M.W. Pretorius die Transvaalse Regering per brief versoek om die gedenkteken by Paardekraal permanent in ere te hou, aangesien dit aan ‘n gelofte aan God gekoppel is. Pretorius was die eienaar van die grond waarop die klipstapel geleë was en het dit met dié versoek aan die Staat geskenk. Volgens hom was die nageslag se trou aan die Gelofte vir hom voldoende beloning in ruil vir die daad.¹⁴

Hoewel ‘n ernstige droogte geheers het, het tussen vier- en negeduusend feesgangers by dié jaar se Staatsfees opgedaag. Omtrent ‘n kwart van die aanwesiges was anderstaliges, want 1886 was die jaar waarin goud aan die Witwatersrand ontdek is. Pres. Paul Kruger het dan ook in sy rede by Paardekraal gepraat oor die aanpassing by die nuwe landsomstandighede wat deur die goudstormlope veroorsaak is.

‘n Groot aantal tente is vir die kampeerders opgeslaan en daartussen is netjiese “strate” met wit klippe afgebaken. Ongelukkig was daar ‘n totale gebrek aan sanitêre geriewe. Die atmosfeer was alles behalwe gewyd. ‘n Orkes het vir vrolike musiek gesorg. Hoewel ‘n verbod op die verkoop van sterk drank op die terrein geplaas is, het dit wel geskied. Daar was selfs dobbeltafels, waarvan een deur ‘n beeldskone Duitse dame bedryf is. Die pers het haar met die Bybelse Vrou van Babilon vergelyk ... Luidrugtige jongmense uit die Paarl het op ‘n trompet geblaas en *Rule, Britannia* en *God save the Queen* probeer sing, maar van die aanwesiges het hulle met ‘n paar klappe gestil. Die jongmans se verweer was dat hulle vies was omdat pres. Kruger hulle nie behoorlik verwelkom het nie. Op die ou einde is hulle gestraf met ‘n drag slae, waarna hulle ‘n halwe dag lank in ‘n donker kas toegesluit is! Die ondersteuners van oud-pres. M.W. Pretorius was weer ontevrede omdat hy nie by die eregaste gesit het nie. Toe die Transvaalse volkslied gesing moes word, het weinig aanwesiges die woorde geken. Die fees het voorwaar teen die byeenkoms van 1881 afgesteek!¹⁵

¹⁴ J.J. van Tonder, ‘n Paar Paardekraalflitse, in Paardekraalse Feeskommissie, “*Staatsfees*” 1961 *Paardekraal*, p. [14].

¹⁵ W.J. de Kock, Waar Paardekraal se vinger wys, *Die Brandwag* 11(640), 1950-01-06, p. 18; M.J. Swart, By hierdie Geloftedag was daar drank en ‘n dobbel-meisie, *Die Huisgenoot* 42(2230), 1964-12-18, p. 18.

Na aanleiding van die goudontdekking is Krugersdorp in 1887 naby die Paardekraalterrein aangelê.¹⁶ Die dorp se geskiedenis was van meet af aan nou met die geskiedenis van die Gelofte verweef en die Paardekraalmonument sou later sentraal op die dorp se wapenskild voorkom.¹⁷

b. Vrystaatse fees by Doornkraal

In die Vrystaat is ‘n noemenswaardige fees in 1886 op Sarel Cilliers se plaas Doornkraal gehou. Die program het vir die sterk godsdienstige karakter van die byeenkoms (in teenstelling met die Staatsfees in die ZAR) gesorg. Dit het voortaan ‘n jaarlikse tradisie aldaar geword.¹⁸

3. DESENTRALISASIE VAN TRANSVAALSE HERDENKINGS (1887)

Transvaalse byeenkomste het na 1886 al meer gedesentraliseer. Aanvanklik het alle Dingaansfeeste onder kerklike of Staatsbeheer gestaan. In 1887 het ‘n demokraties verkose feeskomitee egter ‘n Dingaansfees in die Steenkampsberge (distrik Lydenburg) georganiseer. Oral waar 16 Desember gevier is, sou soortgelyke komitees of kommissies mettertyd aangewys word om die reëlings te behartig. Die lede is gewoonlik jaarliks tydens die vierings verkies, soos vaste feesplekke tot stand gekom het.

By bogenoemde fees naby Lydenburg het die teenwoordiges in 1887 met hulle ossewaens laer getrek. ‘n Perdekommando het uitgery om die sprekers te verwelkom en ‘n skyngeveg is ook gehou.¹⁹ ‘n Soortgelyke byeenkoms het dié jaar ook by Ermelo plaasgevind.²⁰

4. HALFEUFEEES VAN DIE GELOFTE BY BLOEDRIVIER (1888)

In Desember 1888 was dit presies ‘n halfeeu nadat die Gelofte by Bloedrivier afgelê is. Reeds in 1887 is ‘n komitee op die been gebring om fondse vir ‘n monument ter herdenking van hierdie mylpaal in te samel, maar hulle het nie veel sukses gehad nie. ‘n Groot fees is wel vir 16 Desember 1888 op die Bloedrivierterrein beplan. Dit het as die Jubelfees bekendgestaan.

¹⁶ M.J. Swart (red.), *Afrikanerbakens*, pp. 144, 146.

¹⁷ W. de Klerk (red.), *Krugersdorp 100 jaar/years*, p. 1.

¹⁸ T.N. Hanekom, By die wieg van ons Geloftefees, *Die Kerkbode* 84(24), 1959-12-16, p. 971.

¹⁹ P.H. Kapp, *Ons Volksfeeste*, pp. 58, 61; F.A. van Jaarsveld, Geloftedag in die ban van die tyd, *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* 18 (3 en 4), September en Desember 1978, pp. 228, 231.

²⁰ F.J. du Toit Spies, Onsekerheid in verband met die Gelofte van 1838, *Historia* 33(2), November 1988, p. 61.

Pres. Paul Kruger, vergesel van kmdt.-genl. Piet Joubert, het per perdewa daarheen gereis om dit by te woon. ‘n Groot aantal belangstellendes het uit Natal, Transvaal en die Oranje-Vrystaat opgedaag, onder wie vyf predikante. Die kamp het bestaan uit tente en sowat sewentig waens en ander rytuie wat om die kliphoop saamgetrek was. Van die waens is in twee parallelle rye getrek en seile is daaroor gespan. Dit het ‘n “watentkerk” gevorm waarbinne al die verrigtinge plaasgevind het.

Die aand van 15 Desember 1888 het ds. H.L. Neethling van Utrecht vir Kruger en Joubert verwelkom. Die volgende dag is ‘n diens om 11:00 deur ds. Neethling gelei en vanaf 13:00 het ses oud-stryders wat aan die Slag van Bloedrivier deelgeneem het, hulle herinneringe met die aanwesiges gedeel.

Na afloop van die fees is ‘n vergadering deur die vierders oor die oprigting van ‘n monument ter ere van Retief en sy manne gehou. Pres. Kruger het by die geleentheid genoem dat ‘n nasionale monument vir die Trekkers in Pretoria opgerig moes word — ‘n idee waarmee hy sy tyd ver vooruit was (die hoeksteen van Pretoria se Voortrekkermonument is naamlik eers vyftig jaar later, op 16 Desember 1938 gelê). Nadat verskeie ander plekke vir ‘n Retiefmonument voorgestel is, is op Vechtkop — die koppie by Bloedrivier en nie die Vrystaatse slagveld nie — besluit. ‘n Komitee is opnuut saamgestel om fondse vir die monument in te samel, maar weer het hulle baie beperkte sukses met hulle pogings gehad. Van 1888 tot 1894 is feeste gereeld by Bloedrivier gehou, maar die idee van ‘n monument is nie weer na behore bespreek nie.²¹

Die belangrikste gevolg van 1888 se fees is dat dit andermaal die 1838-Geloofte, in plaas van die Transvaalse vryheidstryd, sentraal as tema in Dingaansdagvierings teruggeplaas het.²²

5. PAARDEKRAALFEESTE (1888 TOT 1891)

a. Kerklike fees (1888)

Hoewel die sentrale fees van 1888 by Bloedrivier was, het die Ned. Herv. Kerk besluit om in dieselfde jaar ook ‘n fees by Paardekraal aan te bied. Sedert hierdie kerk in 1885 opnuut probeer het om onafhanklik voort te bestaan, het dit gesukkel om op die been te kom. Tog het

²¹ *De Volksstem*, 1888-12-31 (De reis van ZHEd. den Staatspresident), p. s.n.; AREA, Bloemfontein: PV 202, Léer 11/5/1/1/1: Program van die feesviering in verband met die onthulling van die monument by Bloedrivier gedurende 13 – 16 Desember 1947, p. [1]; O.J.O. Ferreira, Die Bloedriviermonument, simbool van vryheidsin, *Die Taalgenoot* 41(2), Januarie 1972, p. 14; O.J.O. Ferreira, ‘n Volk se hulde. *Die geskiedenis van die Sentrale Volksmonumentekomitee*, pp. 189-191.

²² P.H. Kapp, *Ons Volksfeeste*, p. 61.

lidmate en ampsdraers alles in die stryd gewerp om van die 1888-Paardekraalfees ‘n sukses te maak. Anders as vorige feeste op die terrein, sou dit nie ‘n volksfees wees nie. Die kerk se doel was suiwer om die Gelofteverbond met God te hernu en 16 Desember as dank- en gebedsdag aan Hom toe te wy. Alle belangstellendes is hartlik na die byeenkoms uitgenooi.

Ongeveer tweehonderd waens en karre en omtrent ‘n duisend mense het die fees bygewoon — ‘n groot aantal as die toestand van die kerk op dié tydstip in ag geneem word. Die waens en tente is in ‘n reghoekige laer by die kliphoop getrek en die dank- en bidure is in die middel daarvan onder bokseile en die wapperende Vierkleur aangebied.

Die verrigtinge het op 15 Desember 1888 om 17:00 onder leiding van ds. M.J. Goddefroy met ‘n dankdiens ‘n aanvang geneem. Hy het die aanwesiges herinner dat die Trekkers aan God beloof het om, indien hulle die Zulumag sou oorwin, die oorwinningsdag jaarliks soos ‘n Sabbat deur te bring.

Op 16 Desember 1888 het die vierders vroeg opgestaan en om die kliphoop saamgekom. Om 10:00 het ds. Goddefroy die hoofpreek gelewer en vir die eerste keer, sover vasgestel kon word, is ‘n tiental kinders ook by Paardekraal gedoop. Die rede hiervoor is missien dat van die teenwoordiges van verafgeleë gebiede gekom het en die geleentheid waar ‘n predikant teenwoordig was ook vir die doop wou benut, eerder as dat die sentiment van die dag hulle aangegryp het. Mettertyd sou doopplegtighede by spesiale Dingaansfeeste wel ‘n tradisie word. Om 14:00 het bejaardes oudergewoonte herinneringe uit hulle jeug vertel. Volgens koerantberigte het die vertellings die jonger garde met ‘n brandende vryheidsgvoel en nasionaliteitsbewustheid vervul. Die fees is die middag reeds afgesluit, maar die aanwesiges wou eers op 17 Desember vertrek, dus is ‘n aanddiens en vergadering van die kerkraadslede van alle Ned. Herv. gemeentes na sononder daar gehou.

De Volksstem berig dat die verrigtinge van harmonie getuig het en die vierders voldaan en vergenoeg huiswaarts laat keer het. Na afloop daarvan is die kerkraad geprys vir hulle inisiatief om die fees aan te bied. Daar is verklaar dat die geleentheid weer bewys het hoe nodig en besielend dit was om die Gelofte te herdenk.²³

²³ *De Volksstem*, 1888-11-29 (Advertensie: Algemene Commissie der Nederduitsch Hervormde Kerk in de ZAR, Pretoria), p. [2]; *De Volksstem*, 1888-12-27 (Bijeenkomst te Paardekraal), p. [5]; K. Papp, Hervormde Kerk se Geloftedagvieringe, 15-16 Desember 1888 te Paardekraal, *Die Hervormer* 86(17), 1993-12-01, p. 8.

b. Oprigting van die Paardekraalmonument

Vanaf 1889 het verstedeliking in die ZAR skerp toegeneem.²⁴ In Johannesburg was die atmosfeer eerder Brits as Afrikaans en om die rede is Paardekraal steeds bo die Goudstad as terrein vir volksfeeste verkies.²⁵ In dié jaar het landdros J.C. Human van Krugersdorp voorgestel dat ‘n monument by Paardekraal bo-oor die seremoniële klipstapel opgerig moes word. Hy het rofweg ‘n ontwerp daarvoor geskets. Die argitek S.W. Wierda (1839-1911) het opdrag ontvang om die monument te ontwerp en hy het dit op Human se skets gebaseer. Op 14 Desember 1889 was die ontwerp gereed en in 1890 is J. Munro se tender van £3 640 vir die bou daarvan aanvaar. Dit is dieselfde jaar nog voltooi, maar die inwyding sou eers tydens die Staatsfees in 1891 plaasvind.²⁶

c. Paardekraalfees (1890)

Op 16 Desember 1890 is ‘n kleiner Dingaansfees oudergewoonte by Paardekraal gevier. Die volgende dag het Afrikaners by Doornkop naby Johannesburg saamgetrek en die fees met atletiek, perdewedrenne, toutrek, musiek en ‘n dans op oopgespreide waseile onder die vrugtebome voortgesit.²⁷

d. Paardekraalse Staatsfees (1891)

In 1891 het die Paardekraalse Staatsfees soos beplan plaasgevind. Meer as tienduisend mense het tussen 15 en 17 Desember 1891 daar byeengekom. Anders as by vorige Staatsfeeste het die gebeure van 1838 pertinent aandag geniet. Die gedrukte program het die geskiedenis van die Slag van Bloedrivier vermeld en Cilliers se weergawe van die Gelofte is daarin afgedruk. Tog is die tienjarige herdenking van die ZAR se onafhanklikheid van Brittanie ook gevier. Die program van die drie dae was soortgelyk aan die fees van 1881, met beide ligte vermaak soos vuurwerkvertonings en wapenskoue, asook ernstige godsdiensoefeninge.

²⁴ F.A. van Jaarsveld, Die Afrikaner se Groot Trek na die stede 1886-1976, in P.G. Nel (red.), *Die kultuurontplooiing van die Afrikaner*, p. 171.

²⁵ E.L.P. Stals (red.), *Afrikaners in die Goudstad I – 1886-1924*, p. 159.

²⁶ W.J. de Kock and D.W. Krüger (eds.), *Dictionary of South African biography II*, p. 842; W.J. de Kock, Waar Paardekraal se vinger wys, *Die Brandwag* 11(640), 1950-01-06, pp. 18-19.

²⁷ E.L.P. Stals (red.), *Afrikaners in die Goudstad I – 1886-1924*, p. 159.

Op 16 Desember 1891 is die dag om 06:00 met ‘n saluut van een-en-twintig skote begin. Daarna het die musiekkorps van die Staatsartillerie die volkslied gespeel. Pres. Paul Kruger was die hoofspreker en het ook die monument onthul. In sy hoofrede het hy beklemtoon dat 16 Desember as feesdag deur God aan die volk gegee is. Hy het gewaarsku teen ‘n verwêreldliking van die dag — 16 Desember het volgens hom van God se mag in die geskiedenis getuig en mense moes nie daarop verheerlik word nie. Die aanwesiges is deur hom herinner dat donker tye (naamlik die Anglo-Transvaalse Oorlog) gevvolg het toe die Gelofte nie eerbiedig is nie.²⁸ Kruger se toespraak was nie sonder kontroversie nie. Hy het die aanwesiges aangespreek as “Kinders van die Here, julle ou inwoners van die land, julle vreemdelinge, julle nuwe komelinge, ja selfs julle diewe en moordenaars.” Dit bewys dat die teenwoordiges weer uit meer as net Afrikanerfeesgangers bestaan het. Na die tyd was daar ‘n polemiek in die pers want daar is beweer dat Kruger die gouddelwers as diewe en moordenaars getipeer het.²⁹ Deur die jare sou omstredenheid oor toesprake by Dingaansfeeste, helaas, op sigself ‘n tradisie word!

‘n Ander interessante toespraak by die fees was die rede van hoofregter J.G. Kotzé (1849-1940).³⁰ Hy het drie onderwerpe aangeroer, naamlik dat kinders eers goeie skoolopleiding moes kry voordat hulle gaan boer het, dat anderskleuriges in die ZAR as arbeiders ontwikkel moes word en dat die assimilasie van immigrante noodsaaklik was. *De Volksstem* het in aansluiting by die regter se rede gepleit dat die Paardekraalfeeste gebruik kon word om sodanige assimilasie te bevorder.³¹ Dit is nooit doelbewus gedoen nie, maar was immers ook nie die doel met die viering van 16 Desember nie.

Die 1891-Staatsfees se verrigtinge het laataand eers ten einde geloop. Vele Johannesburgers het dit te perd bygewoon, want die spesiale treine vanaf die stad was oorvol. Normaalweg sou ruiters in die daglig huiswaarts keer, maar dit was só ‘n helder maanligaand dat hulle in die maanskyn kon terugry.³² So het die byeenkoms op ‘n heel romantiese noot ten einde geloop.

²⁸ S.J.P. Kruger, *Aanspraak ZH Ed. [sic] den Staatspresident S.J.P. Kruger gehouden te Paardekraal, 16 December, 1891*, pp. 1-5; D.W. Krüger, *Die viering van Dingaansdag 1838-1910*, pp. 31-33; M.J. Swart, *Geloftedag*, pp. 31-32.

²⁹ A. Coetze, *Die opkoms van die Afrikaanse kultuurgedagte aan die Rand 1886-1936*, p. 85.

³⁰ W.J. de Kock (ed.), *Dictionary of South African biography I*, p. 438.

³¹ P.H. Kapp, *Ons Volksfeeste*, p. 58.

³² E.L.P. Stals (red.), *Afrikaners in die Goudstad I – 1886-1924*, p. 159.

6. UITBREIDING VAN HERDENKINGS IN TRANSVAAL (1892 TOT 1895)

a. Erkenning deur die Ned. Geref. Kerk (1892)

In 1892 is Dingaansdag by die Sinode van die Transvaalse Ned. Geref. Kerk pertinent as ‘n kerklike feesdag beskryf, wat beteken dat dit voortaan in dieselfde lig as byvoorbeeld Hemelvaartdag beskou is. Die Sinode het opdrag gegee dat die dag dienooreenkomsdig met erns gevier moes word.³³

b. Gemeenskapsfeeste groei in Transvaal (1892 tot 1893)

Vanaf 1892 het Dingaansfeeste by Heidelberg (Transvaal) ‘n gereelde instelling geword.³⁴ Dit was ook reeds ‘n vaste tradisie in die omgewing van Lydenburg. In 1893 is ‘n besondere Dingaansdaggedig daar by die jaarlikse herdenking voorgedra. Ten spyte van enkele moderner uitdrukings, is dit na bewering tydens die Groot Trek geskryf. Dit is later deur die historikus dr. G.S. (Gustav) Preller (1875-1943)³⁵ aan een van die Trekkers van die Spiesfamilie, wat bekend vir hulle rym- en musikale talente was, toegeskryf. Dit lui:

Wij gedenken aan de slag te Bloedrivier,
toen ons vad’ren streden onder Gods banier.
O, Blauwkrans, wij gedenken aan uw moorden,
toen barbaren onze panden daar doorboorden; —
geen grijsaard, geen moeder werd er gespaard;
ja, zelfs zuigelingen kwamen om door het zwaard!
Hoe vreeslik was’t, toen de ruiters zagen,
hoe de lijken vergruisd, vermint daal lagen!
Zij knielden in tranen bij dat bloedbad neer,
en baden vurig, ja smekend tot den Heer
om hen zolang in’t leven te sparen
om zich slechts te wreken op de barbaren.

De Heer des hemels hoorde hen aan,
en, waarlik, zij hebben dit met God gedaan!

³³ Ned. Geref. Kerkargief, Pretoria: *Notulen van de gewone Algemeene Vergadering der Nederduitsch Hervormde of Gereformeerde Kerk in de Z.A.R.*, 1892-05-09 en volgende [sic] dagen, p. 10.

³⁴ F.J. du Toit Spies, Onsekerheid in verband met die Gelofte van 1838, *Historia* 33(2), November 1988, p. 61.

³⁵ W.J. de Kock (ed.), *Dictionary of South African biography I*, p. 643.

Wij gedenken aan dien duurgekochten eed,
die onze dierb're vad'ren daar voor God deed,
om dien dag te heiligen in Zijnen naam,
voor de redding die God aan hen had gedaan. —
O, broeders, gedenk aan die heilige dag, —
gedenk, o, gedenk, aan die vreeslike slag,
hoe onzer vaders vaderen had geleden
met biddend opzien tot God!
Om verlossing en vrijheid aan hen te schenken,
opdat zij Zijnen naam voor ewig gedenken!
Dure beloften werden daar gedaan,
om groot te maken Zijn drieheiligen naam.

Zullen wij dan, broeders, die God verzaken,
wiens liefdesvuur voor onze vaderen blakenij [sic]
Ja, zelfs onze dierbare nageslachten
zijn verplicht 't voor Gods troon te herdachten.
Wat zij beloofd en eens bezworen hadden,
moeten wij, hun nageslacht, nooit bekladden!³⁶

Die gediggie mag nie veel literêre waarde hê nie, maar gee 'n duidelike beeld van die negentiende-eeuse ingesteldheid jeens God en die eie geskiedenis. Anders as wat met die meeste van die gedigte oor Dingaansdag die geval is, staan die Gelofte sentraal hierin.

7. HERDENKINGS GROEI IN DIE ORANJE-VRYSTAAT (1890 TOT 1894)

a. Invloed van die Jongelings Debat- en Skietoefeningsvereniging

In die Oranje-Vrystaat het die entoesiasme vir Dingaansdagvierings al meer toegeneem. In ongeveer 1890 is 'n Jongelings Debat- en Skietoefeningsvereniging in die distrik Vrede in die lewe geroep. Hierdie vereniging se doel was om die lede bekwame en nuttige burgers van die Vrystaat te maak deur hulle te leer skiet en perdry, 'n nasionaliteitsgevoel onder hulle te ontwikkel en onderwys te bevorder. Lede moes ook leer resiteer en debatteer. Dit het gegroeи en toe nog takke in ander distrikte tot stand kom, is 'n kongres in ongeveer 1893 in Reitz gehou ten einde 'n nasionale konstitusie op te stel. By die geleentheid het Rooi Hendrik Prinsloo van Lindley 'n voorstel ingedien dat die vereniging verantwoordelik moes wees om toe te sien dat Dingaansdag jaarliks in die Vrystaat gevier word. Die voorstel is algemeen aanvaar.

³⁶ Anoniem, Dingaansdaggediggie [gedig], in G.S. Preller (red.), *Voortrekkerse I. 'n Vijftal oorspronkelike dokumente oor die geskiedenis van die Voortrek met aantekeninge en bijlaë*, pp. 311-312.

Die eerste fees onder hulle sorg is in 1893 op die plaas Blydschap, distrik Lindley, gevier. Ten spyte van reën en vol riviere, was daar ‘n groot opkoms uit alle dele van die OVS. Anders as wat uit die vereniging se naam afgelei mag word, is mense van alle ouderdomme by die vierings betrek. Daar is uitmuntend daarin geslaag om die herdenking van Dingaansdag in die opelug te populariseer. Op 15 Desember is skietoefeninge, wapenskoue en debatte gehou, maar 16 Desember is meer godsdienstig gevier, met ‘n vroegoggend-biduur, ‘n feesdiens om 10:00, gevvolg deur ‘n rede en nog godsdienstige toesprake in die namiddag.³⁷

b. Statutêre erkenning in die Oranje-Vrystaat (1894)

Die sukses van die fees het tot gevolg gehad dat Dingaansdag vir die eerste keer aandag van die Vrystaatse Regering gekry het. Wet 24 van 1894 het 16 Desember tot openbare vakansiedag in hierdie republiek verklaar. Die Volksraad van die OVS het dit wenslik geag om die dag tot “openbare feestdag” te verklaar, omdat hulle die geskiedkundige agtergrond van 1838 in dankbare herinnering wou hou. Die wetsontwerp is op 16 Julie 1894 aanvaar en op 20 Julie 1894 in die *Gouvernement Courant* gepubliseer. Dit het dadelik met publikasie in werking getree.³⁸

Dit is nogal interessant dat een van die volksraadslede, P.M. Botha van Kroonstad, gemeen het dat die Slag van Vegkop (1836) eerder herdenk moes word, omdat Bloedrivier op Nataliese grond geleë was en Dingaansdag bowendien jare lank nooit gevier is nie. Hy is deur ‘n ander lid, P.M. McDonald, geantwoord dat om jare lank verkeerd te doen, geen verskoning vir voortgesette sonde was nie!³⁹ Dit bewys in watter ernstige, godsdienstige lig die aangeleentheid beskou is.

Dit kom voor of dié wet nie algemeen bekend was nie, want daar is bronre wat fouteer deur te beweer dat die Vrystaat eers in 1903 wetgewing in hierdie verband aanvaar, en feeste toe eers algemeen aldaar gevier is.⁴⁰ In der waarheid is plaaslike Dingaansfeeste teen 1894 oral in die OVS georganiseer.⁴¹

³⁷ W.A. Odendaal en P.C. de Jager, *Vierung van Dingaansdag*, pp. 3-6, 8-10; B. Booyens, “Ek heb geseg!” *Die verhaal van ons Jongeliede- en Debatsverenigings*, pp. 62-63.

³⁸ Republiek van die O.V.S., *O.V.S. wetten 1892-1898*, p. 46.

³⁹ J.C. Vlok, Die Vrystaat en Dingaansdag, *Iscor Nuus* 10(2), Februarie 1945, pp. 44-45.

⁴⁰ M.C.E. van Schoor, Is Geloftedag gereeld gevier?, *Die Taalgenoot* 25(1), Desember 1955, p. 8; W. Kistner, The sixteenth of December in the context of Nationalistic thinking, in T. Sundermeier (ed.), *Church and Nationalism in South Africa*, p. 74; D.H. Akenson, *God's peoples. Covenant and land in South Africa, Israel, and Ulster*, p. 69; W. Marais, *Geloftedag en die toekoms van die Afrikaner*, p. 13.

⁴¹ M.C.E. van Schoor, Is Geloftedag gereeld gevier?, *Die Taalgenoot* 25(1), Desember 1955, p. 7; *Beeld*, 1983-12-13 (Geloftedag oral met luister gevier), p. 19.

c. Onmin oor feesvierings

Die Jongelings Debat- en Skietoefeningsvereniging het onverpoosd voortgegaan om ‘n leidende rol in die organisering van Dingaansfeeste in die Vrystaat te vertolk, maar hulle pad was nie sonder dorings nie. Die Ned. Geref. Kerk was ontevrede met die vereniging se betrokkenheid by feesreëlings, want daar is gemeen dat die lede buite hulle bevoegdheid opgetree het deur hulle met ‘n godsdienstige fees soos Dingaansdag te bemoei. Teen ongeveer 1898 het hierdie kerk se Vrystaatse moderator, ds. J.J.T. Marquart (?-1904), vir die vereniging in die bresse getree en verklaar dat hulle aksies aanvaarbaar sou wees, mits feeste altyd in oorleg met plaaslike kerkrade beplan sou word. Sodanige samewerking het geskied en daarmee was die saak opgelos.

‘n Tweede probleem was dat die vereniging met die nageslag van Sarel Cilliers gebots het. Die Cilliers-familie het ernstige besware daarteen gehad dat wapenskoue en soortgelyke aktiwiteite op 15 Desember aangebied is. Vir hulle was dit onaanvaarbaar om die nakoming van die Gelofte met militêre vertoon of wêreldlike vermaak te kombineer. Na talle gesprekke is besluit dat ‘n meer geskiedkundige kleur voortaan aan 15 Desember gegee sou word. Die historiese items sou streng gekeur word om as gepaste voorbereiding vir 16 Desember se herdenkings dien. Alle partye was redelik tevrede met die besluit.⁴²

d. Vrystaatse feeste van 1894

Op Dingaansdag 1894 het byeenkomste op verskeie plekke in die Oranje-Vrystaat plaasgevind. Van die herdenkings het uitgebreide programme gehad en is op Maandag 17 Desember voortgesit. Dié dag is ook tot openbare vakansiedag verklaar om die sogenaamde dubbele Sabbat te herdenk.⁴³ Daarmee was die patroon vir Vrystaatse feeste in die negentiende eeu vasgelê.

⁴² W.A. Odendaal en P.C. de Jager, *Viering van Dingaansdag*, pp. 12-14; *Pretoria News*, 1904-12-19 (Day by day), p. 5.

⁴³ *De Volksstem*, 1894-12-19 (Dingaansdag), p. [3].

8. TRANSVAALSE HERDENKINGS VAN 1894

a. Poging tot insluiting onder Sondagwetgewing

Die Transvaalse Regering was, soos die Vrystaatse Owerheid, ook in 1894 opnuut met die aard van Dingaansdag as vakansiedag gemoeid. ‘n Aantal burgers van die Steenkampsberge het die Volksraad naamlik versoek om 16 Desember onder Sondagwetgewing in te sluit. Die rede hiervoor was dat hulle bekommerd was oor die groot aantal uitlanders wat die dag op oneerbiedige wyse deurgebring het. Die Volksraad het teen die voorstel besluit en verklaar dat ‘n weeksdag nie onder Sondagwetgewing kon staan nie.⁴⁴

b. Die “dubbele Sabbath” van 1894

Aangesien 16 Desember 1894 op ‘n Sondag gevval het, het Transvaalse Dingaansdagherdenkings in dié jaar volgens *De Volksstem* ‘n “algemener en inniger” aard as gewoonlik gehad.⁴⁵

Die Vereenigde Kerk het ‘n byeenkoms by Paardekraal gehou. Weens swak weer was die opkoms van ongeveer ‘n duisend mense by dié fees minder goed as wat verwag is. Tog was daar selfs mense uit die Oranje-Vrystaat aanwesig. Genl. Piet Joubert was ook teenwoordig en tien predikante is onder die skare getel. Op Saterdag 15 Desember 1894 is ‘n nuwe feestent met sitplek vir ‘n duisend mense tydens ‘n godsdienstige byeenkoms op die terrein in gebruik geneem. Die tent was veral welkom omdat dit swaar gereën het — op 16 Desember was dit oorvol.

Buiten die byeenkoms by Paardekraal, is Nagmaal deur die Ned. Herv. Kerk op dieoggend van 16 Desember 1894 in Krugersdorp bedien. In die middag het die Nagmaalgangers hulle by die Paardekraalfees aangesluit en is redes van die predikante en Joubert aangehoor. Die menigte is tevrede uiteen in die wete dat hulle weer hulle Gelofte aan God nagekom en Hom gedank het

⁴⁴ F.A. van Jaarsveld, Die eerste openbare viering van 16 Desember, *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* 27(1), Maart 1987, p. 48.

⁴⁵ *De Volksstem*, 1894-12-19 (Dingaansdag), p. [3].

vir die onafhanklikheid van die Transvaalse volk. Planne is reeds vir die volgende jaar se fees by Paardekraal gemaak.⁴⁶

In Pretoria is die Geloofde beide op Sondag 16 Desember en Maandag 17 Desember 1894 herdenk, aangesien laasgenoemde ook ‘n openbare vakansiedag in die ZAR was. ‘n Kanonsaluut is andermaal uit die militêre kamp afgevuur en verskeie regeringsgeboue en private wonings is met Vierkleure versier. ‘n Spesiale piekniek is deur ‘n Pretorianer genaamd mnr. Baker vir die skoolgaande jeug in die Fonteinedal gereël. Op sportgebied is ‘n gimkana op 17 Desember op Pretoria se perderesiesbaan aangebied.

Pres. Paul Kruger was in dié tyd op ‘n amptelike reis en het die feestelikhede by Belfast bygewoon. ‘n Groot aantal mense was daar byeen. By Lydenburg se herdenking was die eregas die ZAR se hoof van mynwese, C.J. Joubert.⁴⁷

9. LAASTE VIER JAAR SE VIERINGS VOOR DIE ANGLO-BOEREOORLOG (1895 TOT 1898)

a. Vegkop (1895)

In 1895 het ‘n groep Vrystaters gevoel dat hulle ‘n eie terrein soos Paardekraal benodig waar Dingaansfeeste spesifiek gevier kon word. Die Vegkops slagveld was ‘n logiese keuse vir die doel, aangesien ‘n Dingaansfeestradisie (soos vroeër genoem) reeds daar gevestig was. Dieselfde jaar nog het die plaaslike Jongelingsvereniging die nodige grond aangekoop en ‘n monument ter herdenking van die Slag van Vegkop van 1836 daar opgerig.⁴⁸

b. Bloukrans (1895)

Op 16 Desember 1895 is die hoeksteen van ‘n monument vir die gestorwe Trekkers by Bloukrans gelê. Die Trekkers wat op 17 Februarie 1837 deur Dingane se Zulumagte gedood is, is by die monument herbegrawe. Dit is op 17 Februarie 1897 onthul. Tydens die

⁴⁶ *De Volksstem*, 1894-12-19 (De feestviering te Paardekraal), p. [3].

⁴⁷ *De Volksstem*, 1894-12-19 (Dingaansdag), p. [3].

⁴⁸ P.H. Kapp, *Ons Volksfeeste*, p. 62.

hoeksteenlegging het genl. Piet Joubert weer die gedagte geopper dat ‘n algemene Voortrekkermonument opgerig moes word. Nogeweens is ‘n komitee in die lewe geroep om fondse daarvoor in te samel, maar die krisistoestande in Transvaal en die daaropvolgende Anglo-Boereoorlog het hulle planne verydel.⁴⁹

c. Jamesoninval (1895)

Pas na Dingaansdag, op 29 Desember 1895, het dr. L.S. Jameson (1853-1917) Transvaal met ‘n mag van vyfhonderd-en-tien manskappe ingeval. Jameson en C.J. Rhodes (1853-1902), premier van die Kaapkolonie, het gehoop dat die aksie die ZAR onder Britse ouoriteit sou terugplaas. Die komplot het egter misluk en op 2 Januarie 1896 het Jameson en sy manne hulle naby Krugersdorp aan die Transvaalse magte oorgegee.⁵⁰ Die gebeure het die burgers van die ZAR laat besef dat die stryd van 1880-1881 nie die laaste botsing met Britse Imperialisme sou wees nie.

Pas nadat Jameson in hegtenis geneem is, wou enkele Transvalers ‘n monument op die plek van oorgawe laat oprig en 2 Januarie tot vakansiedag (Jamesondag) verklaar. Pres. Kruger het die versoek afgekeur en verklaar dat die volk reeds ‘n dag gehad het om te vier, naamlik Dingaansdag.⁵¹ In die twintigste eeu is dikwels teen die naam Dingaansdag beswaar gemaak, as sou dit ‘n rassisties-meerderwaardige en onverkwiklike houding teenoor verslane swartes impliseer. Uit laasgenoemde incident is dit egter duidelik dat dit ‘n negentiende-eeuse tradisie was om veldslae se datums met die naam van die vyandelike aanvoerder te assosieer en dat dit nie met ras te doen gehad het nie.

d. Entoesiastiese vierings in 1896

Die Britse bedreiging het tot gevolg gehad dat die belangstelling in Dingaansfeeste in 1896 veel groter as ooit tevore was.⁵² In dié jaar het die Vrystaatse Sinode van die Ned. Geref. Kerk weer

⁴⁹ *De Burger*, 1917-12-15 (Het Moordspruit-Monument [skets]), p. 3; *De Burger*, 1917-12-15 (Redaksioneel), p. 4; W. Prinsloo, Bloedrivier se ossewa het ‘n lang pad gekom, *Die Huisgenoot* 42(2593), 1971-12-17, p. 69; O.J.O. Ferreira, ‘n Volk se hulde. *Die geskiedenis van die Sentrale Volksmonumentekomitee*, p. 191.

⁵⁰ D.W. Krüger and C.J. Beyers (eds.), *Dictionary Of South African Biography III*, pp. 438-440, 704.
⁵¹ T. Pakenham, *Die Boere-Oorlog*, p. 39.

⁵² E.L.P. Stals (red.), *Afrikaners in die Goudstad I – 1886-1924*, p. 159.

die viering van 16 Desember vanuit ‘n kerklike oogpunt ondersoek en besluit dat die dag “overeenkomsdig de door onze vaderen aan God gedane belofte, als een Sabbath kerkelik gevierd [moet word] in elk jaar, in al de gemeenten van ons land.”⁵³

In die media is Transvalers in Desember 1896 herinner dat die Trekkers weens eendrag by Bloedrivier oorwin het en dat hulle ook voor die eietydse krisis moes saamstaan. Terselfdertyd is hulle vermaan dat dit vir oorlewing noodsaaklik was om aan geloof en tradisie vas te hou, waarby die nakoming van die Geloofe vanselfsprekend ingesluit was.⁵⁴

Die laaste Paardekraalse Staatsfees van die eeu sou in 1896 plaasvind. Die Volksraad het reeds £3 000 vir die fees bewillig toe runderpes onder vee in die Republiek uitgebreek het. Gevolglik is die verrigtinge afgestel. Die Volksraad het die volk herinner dat elkeen binne hulle eie huisgesin of gemeenskap fees moes vier om die geloftes van die volk (dié van 1838 en die hernuwing in 1880) na te kom. Veldkornette en landdroste is versoek om in die onderskeie streke onderling te skakel om wyksbyeenkomste te reël, maar regulasies wat die verspreiding van runderpes moes voorkom, moes steeds streng gehandhaaf word. Vee en ossewaens kon nie willekeurig rondbeweeg nie. Verder is die volk herinner dat 16 Desember ‘n godsdienstige feesdag moes wees en dat vermaaklikhede nie ‘n plek onder die verrigtinge moes kry nie.⁵⁵

Ten spyte van die runderpes en motreën, was ‘n groot skare wel by Paardekraal byeen. Die feesatmosfeer het veral van nasionalisme getuig. Talle tente is op die terrein opgeslaan, wat dit vir mense moontlik gemaak het om na die fees te gaan en daar te oornag, sonder om noodwendig met ‘n ossewa na Krugersdorp te reis.⁵⁶ Verversings is in die tentedorp verkoop. Die Nederlandsch-Zuid-Afrikaansche Spoorweg-Maatschappij het van 15 tot 17 Desember spesiale treine tussen verskeie stasies en Krugersdorp gereël. ‘n Afslag van vyftig tot vyf-en-sewentig persent is op gewone tariewe toegestaan aan feesgangers wat per spoor na Paardekraal wou reis. Eregaste is op 15 Desember 1896 by Paardekraal verwelkom en die aand het ‘n godsdienstige byeenkoms die feesgangers op die herdenking van die Geloofe voorberei.

⁵³ *De Kerkbode* 9(2), 1918-01-10 (Brief: H.F. Schoon, Ladysmith), p. 41.

⁵⁴ *De Volksstem*, 1896-12-15 (Dingaansdag), p. 1.

⁵⁵ D.W. Krüger, *Die viering van Dingaansdag 1838-1910*, pp. 34-35.

⁵⁶ *De Volksstem*, 1896-12-15 (Dingaansdag), p. 1.

Die oggend van 16 Desember het om 04:30 met ‘n saluut van een-en-twintig skote deur die Staatsartillerie begin. Van 07:00 af het die Artilleriemusiekorps vir geleentheidsmusiek gesorg. Soos gebruiklik het pres. Paul Kruger as hoofspreker opgetree. In sy rede het hy die “oud volk van het land, nieuwe inkomelingen, [en] vreemdelingen” vermaan om hulle geloftes aan God na te kom en hulle te bekeer. Hy het hulle opnuut herinner dat die fees op 16 Desember uitsluitlik ‘n godsdienstige byeenkoms moes wees en nie ‘n geleentheid om eer aan mense te betoon nie. Ander bekende sprekers by die fees was genl. Piet Joubert en oud-pres. M.W. Pretorius. Die Kaapse parlementslid, D.P. van den Heever (1838-1903) het ook ‘n rede gelewer en Kaapse groete van mede-Afrikaners aan die feesgangers oorgedra. Kinderkore het verder luister aan die verrigtinge verleen. Die byeenkoms is laatmiddag met ‘n erediens afgesluit, maar dit het nie die einde van die feestelikhede beteken nie. Om ongeveer 09:00 het die maan deur die wolke begin skyn en mense het tot laatnag nog in die feeskamp saamgekuier.

Op 17 Desember 1896 is die kampeerders weer teen dagbreek deur ‘n saluut gewek. Aanvanklik het dit swaar gereën, maar toe die weer opklaar, het skyfskietwedstryde gevolg. Op 18 Desember is ‘n bal deur Krugersdorpers ter ere van die Staatsartillerie se offisiere aangebied.⁵⁷

Na afloop van die fees het die koerant *The Star* in ‘n hoofartikel kritiek oor die ongereserveerde pro-Afrikanerinhoud van die redes van sommige sprekers by Paardekraal uitgespreek. Op sy beurt het *De Volksstem* weer *The Star* oor die kritiek berispe en verklaar dat geen fatsoenlike mens daarvan notisie sou neem nie. Die oor-en-weer woordstryd tussen die Engels- en Afrikaanstalige pers na afloop van Dingaansfeeste sou deur die twintigste eeu voortduur.⁵⁸

In Pretoria is 16 Desember 1896 om 04:30 met een-en-twintig kanonskote aangekondig. Dit is deur die Staatsartillerie afgevuur, soos wat in die jaar se Staatsalmanak aangekondig is. Besigheid het op dié dag tot stilstand gekom. ‘n Oggenddiens van die Geref. Kerk is onder leiding van ds. P. (Petrus) Postma (1854-1919) in ‘n tent gehou. Dit is só goed ondersteun, dat

⁵⁷ *De Volksstem*, 1896-12-04 (Advertensie: Nederlandsch-Zuid-Afrikaansche Spoorweg-Maatschappij, Pretoria), p. [4]; *De Volksstem*, 1896-12-17 (Het Paardekraalfeest), pp. 1, [4]; W.J. de Kock (ed.), *Dictionary of South African biography I*, p. 810; D.W. Krüger, *Die viering van Dingaansdag 1838-1910*, pp. 36-37; Sentraal Feestkommissie, *Officieel programma Dingaansdag viering 1916 ter herinnering. Paardekraal*, p. 11; H.M. Rex, *Die viering van Geloftedag die vorige eeu*, *Die Hervormer* 64(9), Desember 1973, p. 16.

⁵⁸ *De Volksstem*, 1896-12-18 (De “Star” en het Paardekraalfeest), p. 1.

talle mense buite die tent moes staan en luister. Ds. Postma se boodskap en oorsig oor die geskiedenis van die Groot Trek tot die hede was so aangrypend, dat talle aanwesiges tranen in die oë gekry het. In die middag het nog ‘n byeenkoms in die tent gevolg. Dit was weer eens so goed ondersteun dat die tent te klein was. Leerlinge van Pretoriase skole het om 14:00 van die Staatsmodelskool na die feestent beweeg om die Transvaalse volkslied daar te gaan sing. Die kinders het strikkies gedra wat gratis aan hulle voorsien is. Verskeie hoogwaardigheidsbekleërs het tydens die middagsamekoms toesprake gelewer en die program is met gebed en samesang afgesluit. In die aand het nog ‘n godsdienslike byeenkoms gevolg.⁵⁹

Ten spyte van motreën is liger vermaak in Bereapark vir Pretorianers gehou. Die Pretoria Mechanics’ Amateur Cycling Club het naamlik ‘n spesiale program met die oog op die herdenking van Dingaansdag aangebied. Dit het uit verskeie fietswedrenne bestaan, insluitend ‘n “Ladies Bicycle Competition” waaraan drie dames deelgeneem het. Musiek is deur ‘n orkes voorsien. Die verrigtinge is met ‘n prysuitdeling afgesluit. Volgens die naamlys van pryswenners was die deelnemers merendeels Engelssprekende Pretorianers.⁶⁰ In die aand is vuurwerke in die stad vertoon. Dit is deur verskeie inwoners geborg.⁶¹

Weens die runderpes het verskeie plattelandse Transvaalse gemeenskappe in 1896 hulle eie byeenkomste op Dingaansdag gehou. Op die plaas Grootspruit, in die omgewing van Standerton, is ‘n suksesvolle saamtrek op 16 Desember afgehandel. Ter aanvang is die Vierkleur gehys en ‘n saluut van een-en-twintig skote gevuur. ‘n Jeugkoor onder leiding van ‘n plaaslike onderwyser het die Transvaalse volkslied gesing. Die dag se program het verder hoofsaaklik uit ‘n godsdienslike opening, redes deur prominente persone, verhale uit die Groot Trek deur ‘n oorlewende Trekker (Gert Lucas Joubert) en ‘n dankgebed ter afsluiting bestaan.

Op die plaas Doornhoek, in die distrik Marico, is ‘n fees deur die plaaslike veldkornet gereël. Dit het onder gespande bokseile plaasgevind. Die veldkornet het die ontstaansgeskiedenis van Dingaansdag aan die aanwesiges verhaal, waarna hulle vermaan is dat hulle afvälligheid van die Gelofte die eietydse bedreigings veroorsaak het. Diep onder die indruk van die boodskap het

⁵⁹ *De Volksstem*, 1896-12-15 (Dingaansdag), p. 1; *De Volksstem*, 1896-12-18 (Dingaansdag), p. 1; C.J. Beyers and J.L. Basson (eds.), *Dictionary of South African biography V*, p. 604; Anoniem, Saluutskote oor Pretoria, *Pretoriiana* 3(1), September 1953, p. 20.

⁶⁰ *De Volksstem*, 1896-12-18 (Dingaansdag sports), p. 1.

⁶¹ *De Volksstem*, 1896-12-15 (Dingaansdag), p. 1.

die aanwesiges spontaan klippe opgetel en gestapel met die onderlinge belofte om voortaan jaarliks die Geloofte aan die Hemelse Vader na te kom. Die feesgangers het die terrein verlaat met die tevredenheid dat ‘n verbond met “God en natie” opnuut opgerig is.⁶²

By Klerksdorp en Ermelo het plaaslike leraars skynbaar die byeenkomste gereël. Ermelo se saamtrek is in die plaaslike kerkgebou gehou. Die onderskeie programme het veral uit godsdienstige items en toesprake deur gemeenskapsleiers bestaan.⁶³

Dit is duidelik dat die Jamesoninval en die runderpes vir meer erns in die jaar se Dingaansfeesprogramme gesorg het, as wat ‘n jaar tevore die geval was.

e. Herdenkings van 1897 en 1898

Min gegewens is oor die feeste van 1897 bekend. In Pretoria is ‘n klompie vuurpyle op Dingaansdag vanuit die pas-voltooide Fort Schanskop afgevuur om die dag te gedenk.⁶⁴

In 1898 is die eerste Dingaansfees op ‘n ander terrein as Paardekraal aan die Witwatersrand gehou. Dit het naamlik op die plaas Olifantsfontein plaasgevind.⁶⁵

‘n Groot skare was ook weer by Paardekraal saam. Die dreigende oorlogswolke het steeds belangstelling in die viering van die dag vergroot. Toesprake wat by die fees gehou is, het van onsekerheid en oorlogsverwagtings getuig.⁶⁶

Omdat daar geen duidelikheid was of, en indien wel wanneer, die oorlog tussen die Britse Ryk en die Boererepublieke sou uitbreek nie, is daar in 1898 geen poging aangewend om enige spesiale geloofsverbond ter behoud van volk en vaderland met God te sluit nie. ‘n Mens kan op grond van die gebeure van 1838 en 1880 spekuleer dat dit wel die geval sou wees as die vierders kon weet dat die Anglo-Boereoorlog in 1899 ‘n aanvang sou neem.

⁶² *De Volksstem*, 1896-12-20 (Dingaansdag), p. s.n.

⁶³ *De Volksstem*, 1896-12-21 (Dingaansdag), p. 1; *De Volksstem*, 1896-12-22 (Dingaansdag), p. 1.

⁶⁴ Geskrewe inligting: E.E. Pretorius, Inligtingsbeampte by die Voortrekkermonument, Posbus 1514, Groenkloof, Pretoria, 2001-03-26.

⁶⁵ F. Pretorius, Geloftedag deur die jare, in A.P. van der Colf (red.), “Hier staan ons ...” *Geloftefeesbundel*, p. 68.

⁶⁶ M.J. Swart, *Geloftedag*, p. 34.

VI. HERDENKINGS TYDENS DIE ANGLO-BOEREOORLOG (1899 TOT 1901)

1. OORWINNINGS EN ENTOESIASTIESE VIERINGS (1899)

Op 11 Oktober 1899 het die oorlog tussen die Boererepublieke en Brittanje ‘n werklikheid geword. Aanvanklik was die Boeremagte uiters suksesvol. Binne ‘n enkele week (10 tot 16 Desember 1899 — wat die Britte “Swart Week” genoem het) is glorieryke oorwinnings deur die Boere tydens die Slag van Stormberg, Colenso en Magersfontein behaal. Weer is ‘n roemryke stuk Afrikanergeskiedenis tot die dae rondom 16 Desember toegevoeg.¹

a. Vierings aan die front

Die sukses van Swart Week het tot gevolg gehad dat die Boeremagte 16 Desember 1899 met groot blymoedigheid herdenk het. Aan die Tugela-front in Natal is die dag deur nederige herdenkings gekenmerk. Daar is verklaar dat die volk God se bewarende hand in die afloop van die Slag van Colenso (15 Desember 1899) kon sien — Natal is vir die derde keer met bloed uit vyandelike hande gekoop. ‘n Erediens is op 16 Desember 1899 in die huis van die magistraat in Charlestown gehou om Dingaansdag te herdenk. Dit is onder andere deur genl. Piet Joubert en vele mans en vroue van Volksrust bygewoon. Ook onder ander Boerekommando’s is die dag ernstig, maar tog blymoedig deurgebring.² Die enigste uitsondering was die Kaapse magte wat nie emosionele bande met Dingaansdag gehad het nie en dit dus nie gevier het nie.³

b. Eerbetoon in die ZAR

Volgens *De Volksstem* sou geen koerante op 16 Desember 1899 in Transvaal verskyn nie, tensy die gebeure aan die oorlogsfront ‘n spesiale uitgawe sou noodsaak. Die rede hiervoor was

¹ Rapportryers-Reëlingskomitee, *Die roeteboek van die Rapportryers 1949*, p. 81; A.M. Grundlingh, Die voorspel tot die Tweede Anglo-Boereoorlog, 1881-1899, in T. Cameron en S.B. Spies (reds.), *Nuwe geskiedenis van Suid-Afrika in woord en beeld*, p. 197; T. Pakenham, Die Tweede Anglo-Boereoorlog, 1899-1902, in T. Cameron en S.B. Spies (reds.), *Nuwe geskiedenis van Suid-Afrika in woord en beeld*, p. 205.

² *De Volksstem*, 1899-12-19 (Dingaansdag te Charlestown), p. 1; D.W. Krüger, *Die viering van Dingaansdag 1838-1910*, pp. 38-40.

³ P.H. Kapp, *Ons Volksfeeste*, p. 63.

gedeeltelik om aan die religieuse aard van die dag erkenning te gee. In vroeër jare het dit egter nie *De Volksstem* van publikasie weerhou nie. Die oorlog het dus selfs ‘n kentering in die media se houding jeens Dingaansdag bewerkstellig.⁴

Pres. Paul Kruger het aangekondig dat Sondag 17 Desember 1899 weens die oorwinnings by die Stormberge, Scholtznek en Colenso, ‘n nasionale dankdag in die ZAR en Oranje-Vrystaat sou wees. Hierdie kennisgewing het op 16 Desember 1899 in ‘n buitengewone, gratis uitgawe van *De Volksstem* verskyn. In ‘n artikel daarin is parallele tussen die stryd en oorwinnings van die Trekkers in 1838 en die Boeremagte in 1899 getrek. Die volk is verder vermaan om God vir Sy redding te dank.⁵

‘n Besonder interessante gedig het op 19 Desember 1899 in dié koerant verskyn. Dit is geskryf deur ‘n Ier, genaamd George Lynch, wat kort tevore deur die Boeremagte in hegtenis geneem is. Die gedig heet *To the Boers on Dingaan’s Day 1899* en is skynbaar in die Pretoriase Gevangenis geskryf. Dit is sover bekend, die eerste Engelse gedig met Dingaansdag as tema en lui:

Watered by your nation’s tears,
Green in memory through the years,
You keep thro’ varying hopes and fears
Of Dingaan’s Day.

But not within the present life
Of Boer man or burgher wife
Rose the sun on deadlier strife
Than this to-day.

Strife begun by lust for gold:
Every burgher now enrolled
Fights his country to uphold,
And win or die.

We in Ireland fought the same;
Powerless now to fight again,
The memory of our martyred slain
We also cherish.

⁴ *De Volksstem*, 1899-12-15 (Dingaan’s Day), p. 1.

⁵ *Buitengewone uitgave van “De Volksstem”*, 1899-12-16 (Algemene dankdag), p. 1; *Buitengewone uitgave van “De Volksstem”*, 1899-12-16 (Dingaansdag), p. 1.

Throughout the world the truly brave,
Whatever banner o'er them wave,
With babes to guard, or homes to save,
Honour thee to-day.

Watching your fight from every land,
With bated breath the nations stand,
Though none will yet lend helping hand
For Freedom's cause.

High above the struggling throng,
God of Battles, great and strong,
He who judgeth right and wrong,
Sees this fight.

Judges honest heart and bold,
Watcheth as in fights of old,
Helpeth with a power untold,
For Right makes Might.⁶

Vir die eerste keer is 'n Dingaansfees in 1899 in die Goudstad self gehou. Weens die oorlog wou Johannesburgers nie na Paardekraal reis nie. Meer as tweeduizend mense het vir skriflesing, gebede, preke en 'n feesrede op die Wandererssportgronde byeengekom. Soos elders, was die oorlog en oorsake daarvan hier die sentrale temas van die dag.⁷

2. TERUGSLAE EN SOMBERDER BYEENKOMSTE (1900)

Gedurende 1900 het die stryd minder voorspoedig vir die Boeremagte begin verloop. Dit het in 'n guerillastryd verander en die hoofstede van die twee Boererepublieke is deur die Britte ingeneem. Na die inname van Pretoria op 5 Junie 1900, is krygswet afgekondig en met die uitsondering van kerkdienste is alle openbare byeenkomste verbied.⁸

a. Britse verwydering van Paardekraal se klipstapel

Lord Alfred Milner (1854-1925), die Britse hoë kommissaris in Suid-Afrika,⁹ het in 1900 persoonlik opdrag gegee dat die klipstapel by Paardekraal verwijder moes word. Getuies

⁶ G. Lynch, To the Boers on Dingaan's Day 1899 [poem], *De Volksstem*, 1899-12-19, p. 1.

⁷ E.L.P. Stals (red.), *Afrikaners in die Goudstad I – 1886-1924*, pp. 159-160.

⁸ M.H.B. (pseud.), Koerantnuus in Pretoria gedurende die Anglo-Boereoorlog, *Pretoriania* (71), April tot Desember 1973, p. 43.

⁹ D.W. Krüger and C.J. Beyers (eds.), *Dictionary of South African Biography III*, pp. 613-615.

verskil oor die datum waarop die bevel uitgevoer is. Volgens die beskikbare bronne het dit op 19 Junie of 16 September 1900 geskied. Onsekerheid het ook oor die lot van die klippe ontstaan. Volgens sommige bewerings is dit na Durban vervoer, in ‘n trekskuit gelaai en in die diepsee gestort.¹⁰ Op 14 September 1948 het ‘n oud-soldaat, Ephraim Sinclair, egter ‘n beëdigde verklaring afgelê waarin hy bevestig het dat die klippe per trein na die brug oor die Vaalrivier by Vereeniging geneem is en daar om ongeveer 20:00 in die rivier gegooi is. Sinclair, wat die klippe in die rivier help stort het, het een daarvan as aandenking geneem. Toe dit later oortollige bagasie word, het hy dit in die rivier by Bronkhorstspruit weggegooi. Na aflegging van sy verklaring, het Sinclair die plek waar die klippe ingegooi is, aan die Paardekraalse Feeskommissie uitgewys.¹¹ In ongeveer 1951 is gepoog om die klippe daar uit die modder te haal, maar dit was skynbaar nie moontlik nie.

Een daarvan het wel behoue gebly. Voor die res van die klippe in die water gegooi is, is dit deur ‘n Britse soldaat, M.F.N. Jourdain van Oxford, as aandenking geneem. Hy het dit na Engeland saamgeneem, maar na die Anglo-Boereoorlog na Suid-Afrika teruggestuur.¹² Dit het die eiendom van die Paardekraalse Feeskommissie geword en is tans in die besit van die Krugersdorpse Municipale Museum.¹³

Uit vrees vir wraakoptrede deur die Boere, is die Paardekraalmonument self nie deur die Britte vernietig nie. Die inskripsies daarop is wel gevandaliseer — metaalleeters is uitgekrap en waarskynlik as soeweniers na Engeland geneem. Dit is nie duidelik wanneer die vandalisme presies gepleeg is nie, maar in 1903 het Brittanie geld vir die herstel van die monument bewillig.

Die rede vir Milner se opdrag was skynbaar dat geglo is dat die hardnekke teenstand van die Boere deur die oorlewering aangewakker is dat die onafhanklikheid van Transvaal sou

¹⁰ M.J. Swart, *Geloftedag*, pp. 36-37; J.J. van Tonder, Die Paardekraalmonument, in J.J. van Tonder (red.), *Veertien gedenktekens van Suid-Afrika*, p. 101; *Die Burger*, 1925-12-18 (Dingaansdagviering), p. 7; *Die Transvaler*, 1940-12-16 (Krugersdorp verrys soos ‘n kolos uit die verre verlede ...), p. 13; *Die Transvaler*, 1946-12-16 (Vierung van 16 Des. sedert 1902), p. 5.

¹¹ J.J. van Tonder, Die Paardekraalmonument, in J.J. van Tonder (red.), *Veertien gedenktekens van Suid-Afrika*, pp. 99-101; W.J. de Kock, Waar Paardekraal se vinger wys, *Die Brandwag* 11(640), 1950-01-06, pp. 18-19; J.J. Oberholster, *The historical monuments of South Africa*, p. 298.

¹² J.J. van Tonder, ‘n Paar Paardekraalflitse, in Paardekraalse Feeskommissie, “*Staatsfees*” 1961 Paardekraal, [p. 15]; M.J. Swart (red.), *Afrikanerbakens*, pp. 144, 146.

¹³ Persoonlike inligting: P.I. Slot, Voormalige Kurator van die Krugersdorpse Municipale Museum, Posbus 799, Rant en Dal, Krugersdorp, 2001-05-04.

voortduur solank die klippe in die monument sou bly.¹⁴ Die incident is ‘n treffende bewys van die waarde van gewone klippe wanneer hulle simboliese waarde verkry. Dit toon ook aan dat monumente nie bloot uit boumateriaal bestaan nie, maar met historiese inhoud en menslike hartstogte gelaai is.¹⁵ Milner se bevel het die Afrikaner se gehegtheid aan die viering van 16 Desember verinnig, des te meer deur verontwaardiging oor die kleinlike en minagtende daad. Dit het dus die teenoorgestelde as die gehoopte uitwerking gehad.¹⁶

b. Vierings aan die front

Anders as Dingaansdag 1899, was die dag se stemming in 1900 uiters somber. Die Transvaalse Owerheid het 15 Desember 1900 tot dag van verootmoediging en gebed verklaar. Dingaansdag het ironies genoeg in dié jaar, soos in 1838, op ‘n Sondag gevval.

Plegtige dienste is deur die kommando’s gehou. By genl. C.R. de Wet (1854-1922) se kommando by Korannaberg in die Vrystaat, het ds. J.D. Kestell (1854-1941) die diens geleei. Pas nadat die herdenking afgesluit is, moes die manne verder voor die Britse kolonnes retireer.

Genl. B.J. Viljoen (1868-1917) se manne het die dag effens vroliker by Bothasberg deurgebring. Na ‘n diens deur ds. J.M. Louw en toesprake deur verskeie offisiere, is atletiek en perdewedrenne in die middag aangebied.

‘n Fees waaroer min bekend is, is in 1900 by Olifantsfontein, naby Pretoria, gehou. Daar was ook ‘n aantal vroue aanwesig.¹⁷

c. Saamtrek by Nooitgedacht op 16 Desember 1900

Baie burgers wou by Paardekraal byeenkom, maar die Britse bedreiging het dit onmoontlik gemaak. Die Boeremagte het dus onder leiding van genls. C.F. Beyers (1869-1914),

¹⁴ *Die Transvaler*, 1940-12-16 (Krugersdorp verrys soos ‘n kolos uit die verre verlede ...), p. 13; H.S. Pretorius, Dingaansfees by Paardekraal 1881, ‘n belangrike mylpaal in ons volksgeschiedenis, *Die Huisgenoot* 26(1029), 1941-12-12, pp. 61, 65; D.W. Krynauw, Nageslag se ere aan die heldeskaar, *Die Brandwag* 8(252), 1944-12-15, p. 25.

¹⁵ D.J.C. van Wyk, ‘n Monument vertel V: Paardekraal Monument, *Die Hervormer* 66(9), Desember 1975, p. 13.

¹⁶ W. Kistner, The sixteenth of December in the context of Nationalistic thinking, in T. Sundermeier (ed.), *Church and Nationalism in South Africa*, p. 83.

¹⁷ F. Pretorius, Kommandolewe tydens die Anglo-Boereoorlog 1899-1902, pp. 334.

J.H. de la Rey (1847-1914) en J.C. Smuts (1870-1950) op die plaas Rietfontein naby Nooitgedacht byeengekom. Verskeie vroue en kinders het daar by hulle aangesluit. Die oggend van 16 Desember 1900 het met ‘n biduur begin. Daarna is Schimmelkop (‘n koppie op die plaas) uitgeklim. Bo gekom, is die Geloofte van 1838 herhaal en ds. A.P. Kriel het uit Psalm 24 voorgelees. Genl. De la Rey het ‘n rede gehou waarin hy daarop gewys het dat die volk in die verlede hulle verbond met God verwaarloos het. As voorbeeld het hy verwys na ‘n kroeg wat by Paardekraal opgerig is en die vermaak wat deel van die tradisie rondom 16 Desember geword het. Hy het die aanwesiges vermaan dat hierdie sake in die toekoms reggestel moes word. Vervolgens het genl. Smuts die volksgeskiedenis kortlik herhaal en ook op die vrou se rol daarin gewys.

By hierdie fees is die ou tradisie om ‘n klipstapel te pak, weer herhaal. Aan die einde van die dag was dit byna een-en-‘n-half meter hoog en meer as drie meter in omtrek. Dit is Ebenhaezer genoem, wat volgens I Samuel 7 vers 12 “tot hier toe het die Here ons gehelp” beteken.

Vir die derde keer is ‘n verbond dus met God aangegaan. Die burgers se verootmoediging op die dag was tekenend van hulle vertroue dat God hulle weer sou red as ‘n ooreenkoms met Hom gemaak sou word. Sommige burgers is diep deur die verrigtinge ontroer, terwyl ander dit as teatraal beskou en hulle van deelname weerhou het. ‘n Unieke element van hierdie fees was die deelname van ‘n Engelsman met die van May. Hy het van die begin van die stryd af aan Boerekant geveg. By die fees het hy die Vierkleur vasgehou en selfs ‘n toespraak gelewer. Dit is vir die aanwesiges deur ds. Kriel uit die Engels vertaal.¹⁸

d. Herdenkings deur Boerekrygsgevangenes

Die Boerekrygsgevangenes in plaaslike en oorsese kampe het die dag plegtig gevier. In Ceylon is 16 Desember byvoorbeeld jaarliks herdenk.¹⁹ Voordragte (dikwels eie pennevrugte van mans wat normaalweg nooit sou dig nie!), godsdiensoefeninge, toesprake, samesprake en debatte was

¹⁸ W.J. de Kock (ed.), *Dictionary of South African biography I*, pp. 214, 233, 421, 737; D.W. Krüger and C.J. Beyers (eds.), *Dictionary of South African Biography III*, p. 64; C.J. Beyers (ed.), *Dictionary of South African biography IV*, p. 740; D.W. Krüger, Die viering van Dingaansdag 1838-1910, pp. 40-49; T.Pakenham, Die Boere-Oorlog, p. 503; F. Pretorius, *Kommandolewe tydens die Anglo-Boereoorlog 1899-1902*, pp. 179-180, 265; M.J. Swart, Geloftedag, p. 37.

¹⁹ W.A. Odendaal en P.C. de Jager, *Vierung van Dingaansdag*, p. 15.

kenmerkend van feeste in die Boerekrygsgevangenekampe. Debatsverenigings wat in die kampe ontstaan het, het ‘n leidende rol in die organisering van volksfeeste soos Dingaansdag gespeel. Die godsdienselement was altyd sentraal in dié vierings. Enige vermaak wat by die feeste gehou is, is gewoonlik op 15 Desember afgehandel. Die vierings het vir aangename afwisseling van die alledaagse onenigheid of verveling in die kampe gesorg. Dit het ook ‘n belangrike bydrae gelewer om die bannelinge se samehorighedsgevoel onderling en lojaliteit teenoor die Boererepublieke te versterk. Vir enkele dae om die feeste het optimisme hulle wanhoop vervang.²⁰

In die krygsgevangenekamp by Diyatalawa in Ceylon het die mans op 15 Desember 1900 in die ontspanningsaal saamgekom. Daar het hulle die geskiedenis van hulle voorouers in herinnnering geroep. Genl. P.H. Roux (1862-1911) het as feesvoorsitter opgetree en dit die Afrikaners op die hart gedruk dat hulle hulle herkoms moes onthou en eer. Hy het gewaarsku dat die Afrikaners ver van hulle vaders se weë afgedwaal het. Ander sprekers het die geskiedenis van die Slag van Bloedrivier kleurvol geskets. ‘n Debat met die tema “Wat behoort ons taal vir die toekoms te wees: Nederlands of Afrikaans?” is gehou en die oorgrote meerderheid het vir Afrikaans gestem. Die program is deur ds. George Murray van Oudtshoorn met gebed afgesluit, waarna die Transvaalse en Vrystaatse volksliedere gesing is.

Op Sondag 16 Desember 1900 was die atmosfeer meer gewyd. Weer is in die ontspanningsaal vergader. Sprekers het die gevangenes herinner om nie net aan die verlede te dink nie, maar ook aan hulle eie toestand en sondes. Hulle is vermaan om die Trekkers se deugde soos vasberadenheid, integriteit en godsdienssin, opnuut na te volg. Die boodskappe het van ootmoed en berou getuig. Ds. Murray het ‘n boeiende preek uit Sefánja 3 vers 19 gelewer. Hy het by 1838 se gebeure begin en by hulle eie ballingskap geëindig. Aan die hand van die teks het hy verklaar dat die Afrikaners na die ontdekking van goud gedwaal het en dat dié oorlog God se manier was om hulle deur beproeing tot ootmoed en bekering te roep. Hy het gewaarsku dat sonde die mens se grootste vyand is. ‘n Tweede diens is deur ds. Paul Roux gehou. Die dag se boodskappe het ‘n groot indruk op die aanwesiges gemaak.²¹

²⁰ S.P.R. Oosthuizen, *Die beheer, behandeling en lewe van die krygsgevangenes tydens die Anglo-Boereoorlog, 1899-1902*, D.Phil.-proefschrift, U.O.V.S., 1975, pp. 200, 241; *Die Transvaler*, 1941-12-15 (By die uitspanning), p. 4.

²¹ C.J. Beyers (ed.), *Dictionary of South African biography IV*, p. 521; Anoniem, Geloftedag in Diyatalawa, *Die Kerkbode* 108(24), 1971-12-15, pp. 812-815.

Uit al bogenoemde feesgebeure kan afgelei word dat die Dingaansdagbyeenkomste van 1900 tot bemoediging van die Boere en simpatiekgesindes gestrek het en hulle opnuut vir die toekoms besiel het. Die krag van Gelofteherdenkings het te midde van vele neerlae steeds gegeld.

3. HERDENKINGS IN VERSLAENDHEID (1901)

In 1901 het die Boere se situasie selfs meer haglik as in 1900 geword. Te midde van die toepassing van die Verskroeide Aarde-beleid het duisende vroue, kinders, bejaardes en anderskleurige arbeiders hulle in Britse konsentrasiekampe bevind, terwyl 'n groot aantal Boere steeds in plaaslike en buitelandse krygsgevangenekampe aangehou is. Die besef het begin posvat dat die Boererepublieke die stryd nie kon volhou nie en dat oorgawe nie meer ver was nie.

a. Laaste vierings aan die front

Ten spyte van die somber omstandighede, is Dingaansdag in 1901 waar moontlik met passiewolle toewyding gevier. Die magte van genl. De Wet in die Vrystaat en genl. De la Rey in Wes-Transvaal het die dag in ernstige oordenking deurgebring.

b. Herdenkings in konsentrasiekampe

Die meeste mense in konsentrasiekampe het 16 Desember 1901 in ootmoed herdenk. By die Merebankkamp in Natal is die dag in stille afsondering en gebed gedenk²² en by Ladysmith met entoesiasme gevier.²³

In die kamp by Howick het 'n "krygsraad" van agt vroue besluit dat Dingaansdag ten spyte van die kampowerhede se onverkwiklike houding jeens Boerenasionalisme, nie ongemerk sou verbygaan nie. Hulle was slegs agt, want daar is gevrees dat indien meer mense by die beplanning betrokke sou raak, hulle planne deur spioene aan die owerhede uitgelap kon word. Die idee was nie net om die Gelofte na te kom nie, maar om solidariteit met die Boeresaak te toon en, indien moontlik, die Boeremagte deur hulle optrede te ondersteun en te bemoedig.

²² D.W. Krüger, *Die viering van Dingaansdag 1838-1910*, pp. 49-50.
²³ M.J. Swart, *Geloftedag*, p. 39.

Vroeg dieoggend van 16 Desember 1901 het ‘n kerkklok die kampinwoners na ‘n kerkgodsdiens in ‘n sinkgeboutjie op die terrein geroep. ‘n Erediens onder leiding van ds. Van der Horst het die verrigtinge geopen. Om 10:00 is ‘n toespraak op ‘n oop plein in die kamp oor die geskiedenis van die Slag van Bloedrivier deur bejaarde nakomelinge van Trekkers gehou. Nadat die laaste gesang gesing is, het die agt dames ‘n “Vyfkleurvlag” (‘n samestelling van die Vierkleur en die Vrystaatse Republiek vlag wat hulle in die geheim gemaak het) gehys en volksliedere begin sing. Hulle het “Al wat Afrikaners zijn volg ons!” geroep en met die “Vyfkleur” omhoog, ‘n optog na die kampkommandant se kantoor gehou. Die skare het gou aangegroei en kinders het juigend met swaaiende hoede voor hulle uitgehardloop. Die Britse kommandant het die rebelse skouspel gadegeslaan en summier sy kwartiermeester beveel om die vlag te gaan afneem. Toe laasgenoemde dit probeer doen, is hy deur die vroue toegetakel tot hy wanhopig uitgeroep het: “For God’s sake let me go”. Die vroue het hom gedwing om eers te hensop, waarna hy met ‘n geskeurde baadjie en heelwat wonde, druipstert die aftog kon blaas. Die vlag was effens verrinneweer, maar het steeds gewapper! Die kampkommandant het £5 aangebied vir enigeen wat die vlag kon afneem, maar niemand wou dit waag nie. Op die ou einde het die vroue hulle viering ongestoord voortgesit en het nog vlae uit ander tente te voorskyn gekom. Die aksie het die vroue besonder opgebeur.²⁴

c. ‘n Nuwe gelofte in Ahmednagar Boerekrygsgevangenkamp

In Ahmednagar, Indië, het die idee in 1901 by verskeie Boerekrygsgevangers ontstaan om ‘n nuwe gelofte aan God af te lê. Onder leiding van ds. P.J. Viljoen is ‘n maand lank hierop voorberei. Die week voor 16 Desember is aan verootmoediging en gebed gewy. Op Dingaansdag 1901 het die deelnemers in Hut Sewe saamgekom. Eers het ds. Viljoen almal wat nie daartoe geneë was om die gelofte te maak nie, die geleentheid gegee om die hut te verlaat. Hy het die res gewaarsku dat hulle in die toekoms getrou by die gelofte moes bly. Dit het gelui:

Wij belijden voor den Heer onze zonde, dat wij Dingaansdag niet gevieraan hebben, als een Sabbath, volgens de belofte door de vaderen gedaan, en doen Hem heden de plechtige belofte, dat wij met Zijne hulp, met onze huisgezinnen, van nu voortaan dezen 16de dag van December altoos als een Sabbath, tot Zijn eer zullen vieren, en dat als Hij ons het leven spaart, en ons en ons volk de verlangde verlossing geeft wij Hem zullen dienen zo lang wij leven.²⁵

²⁴ *The Friend*, 1903-12-19 (Dingaansdag in een vrouwen kamp), p. 7; D.W. Krynauw, Nageslag se ere aan die heldeskaar, *Die Brandwag* 8(252), 1944-12-15, p. 15.

²⁵ A.H. de Swardt, ‘n Dingaansfeesbelofte dertig jaar gelede afgelê, *De Kerkbode* 26(25), 1930-12-17, p. 1161; F.A. van Jaarsveld en F.J. Pretorius, Tussen lewe en dood. Briefe uit die Bloemfonteinse “Refugee Kamp”, 1901-1902, *Historia* 28(1), Mei 1983, pp. 43-44.

Die skuldgevoel wat uit hierdie gelofte blyk, was tipies van ‘n houding wat op die lange duur algemeen by die meeste krygsgevangenes ontwikkel het. Deur hulle lyding aan eie sonde toe te skryf, kon hulle ‘n verklaring daarvoor vind, optrede daarteen in werking stel en voel dat hulle dus nie bloot magtelose slagoffers was nie. Dit het hulle laste draagliker help maak.²⁶

Vreemd genoeg kon geen getuienis opgespoor word dat die Boeregeïnterneerde in Portugal ooit Dingaansdag gevier het nie.²⁷

4. AANBREEK VAN ‘N NUWE ERA (1902)

Met die vredesluiting op 31 Mei 1902, het die Boererepublieke wel hulle onafhanklikheid verloor,²⁸ maar dit het nie beteken dat die herdenking van Dingaansdag tot ‘n einde sou kom nie. Inteendeel, nog meer mense het tydens die stryd van die Gelofte bewus geword en sou voortaan aan die nakoming daarvan meedoen.

Die Anglo-Boereoorlog het verdere dimensies aan die betekenis van die 1838-Gelofte gekoppel. Oor die algemeen het Dingaansfeeste tydens die stryd geestelike bemoediging vir ‘n toenemend verslae Volk gebied. Dit het reeds die basis gelê waarop die Afrikaner se nasionale heropbou vanaf 1902 sou plaasvind. Die boodskap van goddelike uitredding was vir die Volk ‘n bron van bemoediging en feeste het ‘n sentrale bymekaarkompunt geword waar onbeskroomd tussen eensgesindes oor die traumatische verlede en toekomstige Volkstaak gepraat kon word. Met die boodskap in gedagte dat lyding moonlik God se straf was omdat die Gelofte nie na behore nagekom is nie, is feesgangers dikwels vermaan om hulle te verootmoedig en hulle geestelike lewe te ondersoek. Sodoende het Dingaansfeeste ook ‘n belangrike morale rol gespeel en is die viering van die dag al wyer in Suider-Afrika gepropageer.

²⁶ S.P.R. Oosthuizen, *Die beheer, behandeling en lewe van die krygsgevangenes tydens die Anglo-Boereoorlog, 1899-1902*, D.Phil.-proefskrif, U.O.V.S., 1975, p. 326.

²⁷ O.J.O. Ferreira, *Viva os Boers! Boeregeïnterneerde in Portugal tydens die Anglo-Boereoorlog, 1899-1902*.

²⁸ F. Wallis, *Nuusdagboek*, p. 164.

VII. VIERINGS TOT MET DIE TOTSTANDKOMING VAN DIE UNIE VAN SUID-AFRIKA (1902 TOT 1910)

1. AANVANKLIKE HERDENKINGS NA AFLOOP VAN DIE ANGLO-BOEREOORLOG (1902)

Op 31 Mei 1902 is ‘n vredesooreenkoms tussen die Boereleiers en Brittanje onderteken en is kroonkoloniebestuur in die voormalige Boererepublieke ingestel.¹ Die Britte het gevrees dat 16 Desember voortaan vir politieke doeleindeste misbruik sou word, maar die viering van die dag is tog nie verbied nie. Dit is egter voorlopig nêrens as amptelike vakansiedag erken nie.

Die lyding gedurende die Anglo-Boereoorlog het die Afrikaners in Suider-Afrika geestelik verenig en daar is toenemend gevoel dat 16 Desember aan hulle almal behoort. Die viering van Dingaansdag het ‘n belangrike element vir die versterking van die Afrikaner se nasionale bewussyn geword. Milner se beleid om hierdie nasionalisme finaal die nekslag toe te dien, het juis tot die teendeel gelei. Die Afrikaner se volksbesef het meer as ooit tevore gegroei en die viering van Dingaansdag sou in die jare na die Anglo-Boereoorlog ‘n deurslaggewende rol in dié verband speel. Waar feeste voor die Anglo-Boereoorlog veral op die verlede gefokus het, het die klem vanaf 1902 al meer na die toekoms verskuif. Die Afrikaner wou nou nie alleen meer weet waar hy vandaan gekom het nie, maar ook waarheen hy onderweg was.

Die pas afgelope stryd het nog ‘n lydingsverhaal by die geskiedenisvertellings op feeste gevoeg. Vir ure lank is alle aspekte van die swaarkry gedurende die Anglo-Boereoorlog by feeste oorvertel. Hierdeur is ‘n onmeetbare bydrae tot die geestelike herstel van die Afrikaner gelewer, want dit het die boodskap oorgedra dat die lyding nie tevergeefs was nie. Met kennis van die verlede kon die Afrikaner glo dat hy weer, soos na die moorde by Bloukrans in 1838 en die anneksasie van Transvaal in 1877, beter tye sou beleef. Die moedeloses het ‘n nuwe toekomsverwagting en hoop uit die Dingaansfeeste se inhoud geput.² ‘n Interessante vergelyking kan tussen die

¹ S.B. Spies, Rekonstruksie en unifikasie, 1902-1910, in T. Cameron en S.B. Spies (reds.), *Nuwe geskiedenis van Suid-Afrika in woord en beeld*, p. 219.

² D.W. Krüger, *Die viering van Dingaansdag 1838-1910*, pp. 52-53; P.H. Kapp, *Ons Volksfeeste*, p. 69; P.W. Grobbelaar, *Volkslewe van die Afrikaner. Die verhaal van ons volkskunde*, p. 6; W. Kistner, The sixteenth of December in the context of Nationalistic thinking, in T. Sundermeier (ed.), *Church and Nationalism in South Africa*, pp. 83-84.

helende invloed van die geskiedenisvertellings by Dingaansfeeste vanaf 1902 en die getuienis wat na 1994 voor die Waarheids- en Versoeningskommissie afgelê is, getref word. In beide gevalle het die blote verbalisering van die lyding wat beleef is, vir slagoffers sielkundige afsluiting en genesing teweeg gebring.

Die Dingaansvierings van 1902 is op klein skaal aangepak weens die armoede en teneergedruktheid wat geheers het. Die koerant *Land en Volk* het op 12 Desember 1902 geskryf dat die dag weens die landstoestande huis op ernstiger wyse in die samelewing en kerke herdenk moes word. Hoewel die meeste besighede in stede soos Pretoria nie op 16 Desember gesluit het nie, is talte kerkdienste gehou. Verskeie Afrikaners het wel hulle ondernemings op die dag toegemaak.³ Die eerste Dingaansdag na afloop van die Anglo-Boereoorlog het dus stil verloop.

2. VERWIKKELINGE RONDOM DIE GELOFTE EN HERDENKINGS IN 1903

a. Statutêre erkenning in Transvaal

In 1903 het die Wetgewende Raad in Pretoria aandag aan Transvaal se openbare vakansiedae geskenk. Op 3 Junie 1903 is ‘n wetsontwerp in hierdie verband voorgelê, maar Dingaansdag was nie onder die genomineerde vakansiedae nie. Toe die Raad op 9 Junie 1903 na die tweede lesing tot bespreking van die wet oorgaan, het sir Percy Fitzpatrick (1862-1931) voorgestel dat Dingaansdag ook op die lys moes kom. Hy het aangevoer dat die dag lankal reeds ‘n vakansiedag in Transvaal was en vir almal wat met die land se geskiedenis bekend was, van besondere betekenis was. Hy het Bloedrivier as waarskynlik die mees uitstaande oorwinning in die Trekkers se reeks prestasies beskryf. Fitzpatrick was van mening dat ‘n mens tog met trots die betekenis van die Dingaansvierings kon besef, al was so ‘n persoon nie in die land gebore nie. Die amendement is gesekondeer en besware dat nog ‘n vakansiedag kommersieel nadelig sou wees, is afgewys. Die voorstel dat 16 Desember weer tot openbare vakansiedag verklaar moes word, is algemeen aanvaar. Op 17 Julie 1903 is die gewysigde Wet op Publieke Vakansiedae (Ordonnansie 37 van 1903) finaal goedgekeur en in die *Staatskoerant* gepubliseer.

³

D.W. Krynauw, Nageslag se ere aan die heldeskaar, *Die Brandwag* 8(252), 1944-12-15, p. 15.

b. Gerugte oor Dingaansdag 1903

Soos reeds genoem, is geld in 1903 bewillig om die Paardekraalmonument, wat gedurende die Anglo-Boereoorlog onder vandale deurgeloop het, te herstel. Die aankondiging van die toekenning het gerugte laat ontstaan dat pres. Kruger uit sy Europese ballingskap na Transvaal sou terugkom om op 16 Desember 1903 saam met sy volk Dingaansdag te vier. Die opwinding wat rondom hierdie gerugte ontstaan het, het só gegroei dat een van Kruger se seuns verplig was om ‘n openbare verklaring te maak dat dit nie die geval was nie.⁴

c. Transvaalse geleentheidsprogramme

In dié jaar is Dingaansdag wyd gevier en feeste is deur goeie belangstelling gekenmerk.⁵ In Pretoria is 16 Desember 1903 streng deur die handelslui as vakansiedag nagekom. Eredienste is in al die plaaslike Afrikaanse gemeentes gehou. Dit is goed ondersteun. Oor die algemeen het Engelssprekende inwoners dit egter bloot as ‘n vakansiedag beskou en ligte vermaak ondersteun, byvoorbeeld pieknieks en ‘n sportprogram ten bate van liefdadigheid op die Caledoniese Sportgronde. Die aand kon hulle ‘n konsert in die Casino Teater bywoon, waarby die stad se burgemeester teenwoordig sou wees en “Mademoiselle Delmont, the graceful serpentine dancer” en die North Banjo Trio onder andere vir vermaak sou sorg.⁶

d. Vrystaatse statutêre erkenning en vierings

Aan die einde van die jaar, op 31 Desember 1903, is 16 Desember ook amptelik in die Oranje-Vrystaat tot openbare vakansiedag verklaar.⁷ Tog is die dag reeds op 16 Desember 1903 as sodanig gevier.⁸ Oor die algemeen was besighede gesluit. Die poskantoor in Bloemfontein was net vir enkele ure en beperkte dienste oop.⁹ In ‘n Afrikaanse redaksionele berig in die Vrystaatse dagblad *The Friend*, is ‘n beroep op Dingaansdag op Afrikaners gedoen om saam te

⁴ W.J. de Kock (ed.), *Dictionary of South African biography I*, p. 292; Senteral Feestkommissie, *Officieel programma Dingaansdag viering 1916 ter herinnering. Paardekraal*, p. 11; D.W. Krynauw, Nageslag se ere aan die heldeskaar, *Die Brandwag* 8(252), 1944-12-15, pp. 15, 25.

⁵ M.J. Swart, *Gelofstedag*, p. 41.

⁶ *Pretoria News*, 1903-12-15 (Casino Theatre), p. 3; *Pretoria News*, 1903-12-16 (Day by day), p. 5; *The Star*, 1903-12-16 (Dingaan’s Day), p. 7.

⁷ D.W. Krüger, *Die viering van Dingaansdag 1838-1910*, pp. 55-57.

⁸ *The Friend*, 1903-12-16 (Redaksioneel), p. 6.

⁹ *The Friend*, 1903-12-16 (Dingaan’s Day), p. 5.

staan ter wille van die behoud van hulle taal, nasionaliteit en die waardes van die Trekkers. Daar is bygevoeg dat dit onder die tydgenootlike toestande in die Vrystaat grotendeels onmoontlik sou wees om soos voor die Anglo-Boereoorlog groot Dingaansdagbyeenkomste te hou. Tog is alle lesers versoek om die dag in erns tuis te herdenk en aan die jeug die geskiedenis van die Gelofte te vertel.¹⁰

Op enkele plekke het die verarmde volk wel soos voorheen in die ooplug saamgetrek. By Vrede is ‘n groot fees onder ‘n reuse bokseil gehou. Reeds van vroeg op dieoggend van 16 Desember 1903 was mense en rytuie na die versamelpunt onderweg. Die weer was gelukkig mooi. Om 09:00 het die feesvoorsitter die aanwesiges hartlik verwelkom. Daarna het ‘n diens en ‘n gesellige middagete gevolg. Om 14:00 het D.P. (oom Dirkie) Cilliers, ‘n seun van Sarel Cilliers, asook verskeie ander sprekers die rede gevoer. Een van die sprekers was selfs uit die Boland afkomstig. Ten slotte is bedankings gemaak en die eerste vers van Gesang 180 gesing. Die teenwoordiges het hoogs tevredenheid met die dag se verrigtinge uiteen gegaan.¹¹

Nog ‘n seun van Sarel Cilliers, kommandant Sarel Cilliers, het as spreker by ‘n fees op die plaas Rooipoortjie naby Kroonstad opgetree. By dié byeenkoms is die teenwoordiges se dank by voorbaat teenoor die Regering uitgespreek vir die behoud van 16 Desember as openbare vakansiedag. ‘n Feeskommissie is ook verkies.¹²

Soos reeds genoem, het die na-oorlogse feeste veral op die toekoms gefokus. Dit beteken dat spesiale aandag ook aan kinders se betrokkenheid by herdenkings gegee is. Op Zastraan se markplein is ‘n program vir die jeug op 16 Desember deur ‘n dame met die van Hoyle gereël. Ongeveer tweehonderd kinders het dit bygewoon en is gratis van koeldrank voorsien. Verskeie atletiekitems was op die program, maar geen melding is van meer gewyde items gemaak nie.¹³

e. Gedigte ter herdenking van Dingaansdag

Onder die moeilike toestande van die tyd, het Dingaansdag digters opnuut geïnspireer en twee gedigte word in 1903 in die media aangetref. Die eerste daarvan, met die titel

¹⁰ *The Friend*, 1903-12-16 (Redaksioneel), p. 6.

¹¹ *The Friend*, 1903-12-21 (Dingaansdag), p. 7.

¹² *The Friend*, 1903-12-24 (Dingaansdag), p. 6.

¹³ *The Friend*, 1903-12-23 (Zastron children’s sports), p. 5.

Een Gedicht over Dingaansdag, het in *The Friend* verskyn. Die digter daarvan is ongelukkig nie vermeld nie. Die slotstrofe dui op die noue verband wat tussen Dingaansdag en die eitydse leiding gesien is:

Wij gedenken, wij gedenken
 Het overwinningsuur
Teen Dingaan's wilde heidenbend
 Brak voor der Vad'ren vuur,
Toen Umzinjati's donk're stroom,
 Gehuld in morgen gloed,
Naar d'Oceaan zijn waat'ren zond
 Gekleurd door kafferbloed.

Wij gedenken, wij gedenken
 Het duurgekocht Natal
Zoo smartelijk door ons volk betaald
 Met bloed en tranental.
Zoo diep ons in het hart gegrifd,
 Zoo teer door ons bemind,
Het einddoel van den Vad'ren trok
 Een band die ons verbindt.

Wij gedenken, wij gedenken
 De graven aan Blauwkrans,
Waar kreet op kreet in stervenstrijd
 Steeg tot des Hemels trans.
Waar moeder, dochter, vrouw en kind
 Uit diepen slaap gestoord,
Door d'Ismaelietin koelen bloed
 Wreedaardig werd vermoord.

Wij gedenken, wij gedenken
 Aan Weenen's weenend dal
War't oog van tranen nat geweend,
 Onwrikbaar, vast en pal,
Ciliers [sic] zijn mannen samenriep,
 En sprak: "Op, mannen, voort,
De volle stroom stuit's vijands vlucht
 Vergelding voor de moord!"

Wij gedenken, wij gedenken
 De leider van weleer,
Die met het oog op God gericht,
 Nooit zoekend eigen eer.
Manmoedig, dapper, onbevreesd,
 Getrouw tot in den dood,
Het verste, verste nageslacht
 Een kostbaar erfdeel bood.

Wij gedenken, wij gedenken
Wat eenmaal werd beloofd,
Toen't heldental met Piet Retief
In doodslaap lag verdoofd:
Dat als God hun de zege schonk
En brak der Zulu's macht,
Die dag een dag van dank zou zijn
Voor hen en nageslacht.

Wij gedenken, wij gedenken
Dat God ons lijden zag,
Toen Hij ons overwinning schonk
Op die September [sic] dag.
Toen Hij de heiden zelf bestreed,
Zich opwierp in hun pad,
En't arm Natal de ruste schonk,
Die't o, zoo noodig had.

En wij bidden, en wij bidden
Geef ons toch heil na strijd.
Gij ziener van't verscheurd gemoed
Gij weet ons harte lijdt!
Trek toch Uw hand niet van ons af.
Sla ons in liefde ga.
Droog de tranen, heel de wonderen
In't arm Zuid Afrika.¹⁴

Die tweede gedig, met die naam *Dingaansdag*, het uit die pen van N. Hofmeyr (vermoedelik die skrywer Nicolaas Hofmeyr — 1860-1932)¹⁵ verskyn. Dit bewys dat die Afrikaner 'n behoefté aan 'n roemryke verlede gehad het en dat die viering van Dingaansdag hieraan beantwoord het:

Kan het zijn, dat een volk van zijn roemrijk verleden,
Zijn geschiedenis, afkomst en helden niets weet?
Zoo verkleefd aan het goud of genot van het heden,
Dat het nakroost de daden der vad'ren vergeet?

Kan het zijn, dat der edele voortrekkers [sic] zonen,
Door het voorbeeld van vreemden betooverd, verkracht,
Het geloof en de zeden van't voorgeslacht honen,
En zich schamen te stammen van zulk een geslacht?

't Mochte zijn, maar niet ons zal die schaamte behagen,
Wij zijn fier op onz' afkomst, 't is steeds onze vreugd
Om de naam "Afrikaner" met eere te dragen,
Want de naam is een roepstem en spoorslag tot deugd.

¹⁴

Anoniem, Een Gedicht over Dingaansdag [gedig], *The Friend*, 1903-12-19, p. 7.

¹⁵

W.J. de Kock and D.W. Krüger (eds.), *Dictionary of South African biography II*, p. 319.

Ja een spoorslag tot deugd, want er bruist ons door d'ad'ren
Een gevoel van verrukking, van geestdrift en moed,
Als wij lezen hoe kalm en blijmoedig de vad'ren
Voor hun land, volk en vrijheid vergoten hun bloed.

Al bespotten ons vreemden, verwaand en vermeten,
Wij zijn dankbaar en trotsch Afrikaners te zijn,
Want wij weten, wat zij in hun onkund niet weten:
Ons verleden is groot, schoon in jaren nog klein.

Van De Ruyters en Tromps kunnen wij niet gewagen,
Noch van Washingtons, Nelsons, Napoleons, want ziet!
Wij zijn arm en verdeeld nog, wij hebben geen haven,
En wij dromen van legers en vlooten nog niet.

Dat het ons dan genoeg zij van daag slechts te wijzen
Op de zege behaald in het verre Natal,
Want Dingaansdag gebiedt ons, de Heere te prijzen
Voor de bloedwraak der Boeren op Bloedriviers wal.

Afrikaners! viert feest, heft het harte naar boven,
De gelofte der vad'ren getrouw! 't Is uw plicht,
Uw behoefté en voorrecht, uw God thans te loven
Voor de roemrijke daad door die helden verricht.

Toen de ruwe barbaren,
Verwilderd, verwoed,
In ontelbare scharen,
Reeds dronen van bloed
Ze omringden als bijen.
Dingaan staart met trotsch
Op de golvende reien,
Gewapend met knods,
Assegaien en schilden;
Hij ziet reeds het laager
Overstroomd door zijn wilden ...
“Pretorius! Sta klaar!
Het gevecht is een bloedwraak,
De prijs is — Natal!
Geef Dingaan nu een voorsmaak
Van nad'rende val!”

Het is vroeg op de morgen
Des Sabbats, *o wee!*
Door het duister verborgen
Daar nadert de zee
Van barbaren, met dreunend
Gedans en geruis,

Diep brommend en steunend:
Een dond'rend gedruis,
Hoort hun rythmische treden
Van zangen verzeld;
Ziet hun rachtige leden!
Elk een is een held,
In de oorlog geoefend
Door Chaka, Dingaan,
Nimmer leidsman behoevend
Om voorwaarts te gaan.

Kan het zijn dat de Boeren
In slaap zijn gerust?
Men hoort niemand zich roeren,
Zijn allen gerust
In 't gevaar? ... Neen zij knielden
Met Sarel Cilliers
Achter takken en wielen,
En storten een beê,
Als nog nimmer te voren, —
Zoo wordt ons vermeld,
't Is alsof wij hem hooren,
Die priester en held,
Uit de diepte zijns harten
Met nadruk en klem
Tot de Man aller Smarten
verheffend zijn stem.

Maar de vijand komt nader,
De ure is daar
Om de valsche verrader,
De sluwe barbaar
Eens voor goed te verplett'ren,
Men grijpt het geweer

Hoort! de kogelen klett'ren ...
De Zulu stort neer
Als het koorn voor de zeisen
In't ruisende veld,
Doch ziet! honderd verrijzen
Waar één wordt geveldt,
Maar het bloed van de kind'ren
Roept luide om wraak:
Hunne rangen vermind'ren,
Elk Boer schiet slechts raak.

Toch kan niemand ze keeren;
Ze tarten het lood,
Dat uit honderd geweren
Verkondigt hun dood,

Ziet! ze grijpen als gieren,
Met nagel en bek,
Het gevecht wordt nu hevig
Op Bloedriviers wal:
Maar het laager is stevig,
De Boeren staan pal
En ontzien geen gevaren
(Hun bloed is te warm);
Komen duizend barbaren,
Nooit moede hun arm!

Doch Dingaan wil niet wijken,
Al is hij verslaan:
Over duizende lijken
Valt hij keer op keer aan,
Maar vergeefs al zijn schelden,
Rumoer en geraas:
Onze Boeren zijn helden,
Pretorius blijft baas!
Zij gedenken aan Weenen,
Aan Blauwkransrivier
En aan Moordspruitsgraafsteen:
Zij vechten zoo fier
Dat de Zulu — geen wonder!
Drieduizend gedood! —
Het geduchte gedonder
Der Boeren ontvlood.

Afrikaners! viert feest, heft het harte naar boven,
De gelofte der vaad'ren [sic] getrouw, 't is uw plicht,
Uw behoefté en voorrecht, uw God thans te loven
Voor de roemrijke daad door die helden verricht.

't Is Dingaansdag vandaag, maakt u op, mannen, broeders!
Door de lengte en breedte des lands zij er feest,
Laat de ouden en jongen, de vaders en moeders
De gelofte geden[k]en in waarheid en geest.¹⁶

f. Feesherlewing in Natal

In Natal het 'n herlewing in entoesiasme vir feeste vanaf 1903 plaasgevind — moontlik omdat Utrecht en Vryheid na afloop van die Anglo-Boereoorlog by Natal ingelyf is en die inwoners van hierdie gemeenskappe huis ywerige Dingaansdagvierders was.¹⁷

¹⁶ N. Hofmeyr, Dingaansdag [gedig], *The Friend*, 1903-12-21, p. 6.

¹⁷ D.W. Krüger, *Die viering van Dingaansdag 1838-1910*, pp. 55-57.

Gaandeweg was Gelofteherenkings dus besig om weer statutêre erkenning en al hoe meer gemeenskapsteun deur Suider-Afrika te verwerf.

3. BYEENKOMSTE VAN 1904

a. Begrafnis van oud-pres. Paul Kruger (16 Desember 1904)

Die gebeurtenis op 16 Desember 1904 wat alle ander Dingaansdagbyeenkomste van dié jaar in die skadu gestel het, was onteenseglik die begrafnis van oud-pres. Paul Kruger in Pretoria. Kruger is op 14 Julie 1904 in Switserland oorlede. Daar is besluit dat hy op 16 Desember in Pretoria ter ruste gelê sou word, want daar is spesiaal gewag vir 'n gedenkwaardige dag waarop dié plegtigheid kon plaasvind. Dingaansdag is as die ideale geleenthed beskou. Vriend en vyand is diep deur die patos van Kruger se nadoodse terugkoms na sy tuiste geroer.¹⁸ Uit alle dele van Suider-Afrika het mense vir die begrafnis na Pretoria gestroom. Alle hotelle in die stad was vol en baie mense het in die omgewing gekamp.

Op 15 Desember het meer as 'n duisend-driehonderd skoolkinders in skoolure sy stoflike oorskot besigtig waar dit in die Susannasaal in staatsie gelê het. Kore het daar opgetree en 'n kort rede is selfs vir die kinders gehou. Die nag van 15 Desember het 'n rukwind 'n deel van die Bosmanstraatkerk se dak afgewaai, maar die stormweer het gelukkig teen die môre bedaar.

Dingaansdag, 16 Desember 1904, was 'n somber dag sonder vreugde en 'n nasionale fees enig in sy soort. Sowat twintigduisend mense was in Pretoria byeen, insluitende ongeveer vyftig predikante. Staanplek is vir die toeskouers in Kerkstraat-Wes voorberei. Tipies Victoriaans is afsonderlike ruimtes met ysterheinings vir mans en dames in die straat afgeskort. Die begrafnisdiens is deur ds. P. Postma van Zeerust gehou. Di. H.S. Bosman en C.W. du Toit het ook elk 'n rede gehou. Frédéric Chopin (1810-1849) se dodemars is in die plek van die Transvaalse volkslied gespeel.¹⁹

¹⁸ *Pretoria News*, 1904-12-10 (The home-coming of Paul Kruger), p. 5.

¹⁹ *The Friend*, 1904-12-19 (De begrafenis van de leeuw van Rustenburg), p. [3]; *Pretoria News*. 1904-12-17 (The last rites), p. 5; D.W. Krüger, *Die viering van Dingaansdag 1838-1910*, pp. 52-54; M.J. Swart, *Geloftedag*, pp. 41-45; A.D. Pont, Die boodskap van Geloftedag, *Die Christelike Kultuuraksie VI*, p. 9.

Na afloop van die begrafnis het dagblaiae in Brittanje die teenwoordiges se Afrikanernasionalisme gekritiseer. Die mening is uitgespreek dat die meeste begrafnisgangers se houding en uitsprake oor hulle verlies aan vryheid, Engelssprekendes ontuis by hierdie plegtigheid laat voel het.²⁰ Dit is wel waar dat sprekers soos genl. C.R. de Wet, sterk patriotiese boodskappe gelewer het. Tog was beide bedroefde Boer en simpatieke Brit, volgens die plaaslike pers in groot getalle in harmonie saam by die seremonie. Omdat talle Engels- en Afrikaanssprekendes ewe veel vir Kruger omgegee het, is die hoop selfs uitgespreek dat die verskille tussen die twee groepe op 16 Desember 1904 saam met hom ter ruste gelê sou word.²¹

Veral Afrikaners is dwarsdeur Suider-Afrika op dié dag deur hulle leed verenig. Met sy dood het Kruger selfs meer stukrag aan die nasionalistiese inhoud van Dingaansdag verleen as met sy optredes by feeste in sy lewe.²² Tereg het *Pretoria News* berig dat die begrafnis as 't ware die begin van 'n nuwe era in 'n gemeenskaplike land, Suid-Afrika, was.²³

b. Ander Transvaalse Dingaansdagherdenkings van 1904

Alle Transvalers was nie by Kruger se begrafnis betrokke nie. By Kafferskraal (sowat nege kilometer vanaf Heidelberg) is 'n fees in 1904 aangebied wat tot in die een-en-twintigste eeu 'n jaarlikse instelling sou bly. Die Kafferskraal Dingaansfeeste het mettertyd 'n eie tradisie ontwikkel en een van Transvaal se grootste jaarlikse byeenkomste geword.²⁴

c. Vrystaatse en Natalse vierings van dié jaar

Inwoners van die Oranje-Vrystaat het in die Transvalers se leed oor Kruger se afsterwe gedeel en hulle deelneming in hierdie verband met herdenkings van die Geloofte gekombineer. In Bloemfontein is 'n spesiale oggenddiens om 10:00 in die Ned. Geref. Kerk gehou, waartydens lesse uit die verlede aan die aanwesiges voorgehou is, die teenwoordiges herinner is om hulself te veroortmoedig en God vir Sy liefde gedank is. Nog 'n diens het om 14:00 aldaar plaasgevind. Paul Kruger se begrafnis is tydens die verrigtinge in herinnering geroep. Daar is

²⁰ *Pretoria News*, 1904-12-17 (Latest cables), p. 5.

²¹ *The Star*, 1904-12-16 (Editorial), p. 8; *Pretoria News*, 1904-12-17 (The last rites), p. 7.

²² M.J. Swart, Eerste Geloftedag in die Republiek, *Die Huisgenoot* 42(2074), 1961-12-15, p. 6; M.J. Swart, *Geloftedag*, p. 44.

²³ *Pretoria News*, 1904-12-17 (The last rites), p. 7.

²⁴ *Beeld*, 1978-12-13 ('n Gesoute feesman), p. 4.

herhaal dat 16 Desember ‘n heilige dag vir Afrikaners was.²⁵ Dit was ‘n ysige, reënerige dag en lichter vermaak soos byvoorbeeld pieknieks, het min aftrek gekry.²⁶

Nog ‘n besondere opelegfeesttradisie is in die jaar gevestig, naamlik die Dingaansdagvierings van wat later as Josephinasdal sou bekendstaan. ‘n Groepie Vrystaters wat pas van krygsgevangenisskap op St. Helena teruggekeer het, wou graag ‘n debatsvereniging stig. Op 28 Mei 1904, dus nog voordat oud-pres. Kruger oorlede is, het hulle besluit om ‘n Dingaansfees in Desember van dieselfde jaar by Taaibosspruit (later bekend as Josephinasdal) naby Verkeerdevlei te hou. Hulle wou daarvan ‘n jaarlikse instelling maak. Die fees het inderdaad in 1904 plaasgevind en by die geleentheid is Okkie van Niekerk as eerste voorsitter van die Dingaansfeeskomitee aangewys.

In die eerste jare het die fees tussen plase in die omgewing rondgeswerf, maar die programinhoud was redelik onveranderd. Die oggend van 16 Desember het altyd uit ‘n geestelike program bestaan en die middag is aan volksvermaak gewy. Die mans en dames van die omgewing kon mekaar dan beter leer ken. In die komitee se joernaalboek is genotuleer dat die Bybel liefde van gelowiges vereis en as die mans en dames ‘n geleentheid kon kry om saam te kuier, sou liefde wel volg.²⁷ Dingaansdag was ongetwyfeld ‘n geleentheid waar toekomstige lewensmaats mekaar kon ontmoet. Juis by Josephinasdal het C.R. Swart, latere president van die Republiek van Suid-Afrika, en die toekomstige mev. Nellie Swart in 1920 besluit dat hulle vir mekaar bestem was!²⁸

Die saamtrekke by Josephinasdal het ‘n bekende Vrystaatse instelling geword en hierdie terrein kan saam met dié by Vegkop as die Oranje-Vrystaat se vernaamste feesplekke beskryf word.

The Friend het op 22 Desember 1904 berig oor ‘n opelegfees wat met groot sukses oor twee dae by Kafferrivier naby Bloemfontein aangebied is. Dit is deur eenhonderd-en-elf mense bygewoon. Op 15 Desember 1904 is boeresport en atletiekitems gehou. Mense het in en onder

²⁵ *The Friend*, 1904-12-15 (Bloemfontein), p. [3].

²⁶ *The Friend*, 1904-12-17 (The holiday), p. [6].

²⁷ *Die Volksblad*, 1954-12-17 (Slegs republiek kan groepe in S.A. verenig), p. 3; W. Botes, Geloftefees op Taaibosspruit – ons kyk terug oor vyftig jaar, *Die Kerkbode* 75(4), 1955-01-26, p. 107.

²⁸ *Die Volksblad*, 1954-12-17 (Duisende op Josephinasdal), p. 9.

ossewaens op die terrein uitgekamp. Toe almal die aand gaan slaap, kon talle klapgeluide deur die laer gehoor word soos wat kampeerders hulle koppe met die inkruipslag teen die waens se buikplanke gestamp het! Op 16 Desember het die program uit ‘n biduur om 07:00, diens om 10:00, feesrede en bedankings bestaan.²⁹

Elders op die Vrystaatse en Natalse platteland het herdenkings veral gespreek van Afrikanernasionalisme en die leed wat deur Kruger se dood veroorsaak is. Op Ladybrand het alle vlae, selfs dié by regeringskantore, halfmas gehang. Geleenheidsdienste ter herdenking van die Gelofte en Kruger is in die Afrikaanse kerke op die dorp gehou.³⁰ Op Greytown het die kerkklokke op 16 Desember 1904 byvoorbeeld al vanaf 06:00 die getroues tot aanbidding opgeroep. Om 10:00 het ‘n groot diens in die Ned. Geref. Kerk plaasgevind. In ‘n uiters patriotiese boodskap is die teenwoordiges herinner dat die drie krone van die volk sy godsdienst, nasionaliteit en taal was en dat dit in stand gehou moes word.³¹ Daar kan aanvaar word dat soortgelyke tonele hulle in dié jaar ook op vele ander dorpe afgespeel het.

4. WYER INHOUD VIR GELOFTEVIERINGS (1905 TOT 1906)

a. Ontstaan van die kransleggingstradisie op 16 Desember (1905)

Afrikaners se historiese besef is deur Gelofteherdenkings soos dié van 1904 aangewakker. Tydens die Tweede Volkskongres in Pretoria is op 8 Julie 1905 voorgestel dat die grafte van vroue en kinders wat in die konsentrasiekampe oorlede is, jaarliks op 16 Desember met blomme versier moes word. Dit is algemeen aanvaar.³² Vanaf 1906 is talle monumente ook by konsentrasiekampkerkhove onthul. Verskeie Dingaansfeeskomitees het hulle beywer vir die versorging van die grafte aldaar en die taak as deel van hulle verantwoordelikhede aanvaar.³³ Op die wyse is die Afrikaners se nasionale bewuswording en ontwikkeling al nouer aan Gelofteherdenkings verbind.³⁴ Daar is emosioneel verklaar dat Dingaansdag die enigste vakansiedag was wat na die Anglo-Boereoorlog spesifiek vir die Afrikaner behoue gebly het.

²⁹ *The Friend*, 1904-12-22 (Kafferrivier), p. [3].

³⁰ *The Friend*, 1904-12-20 (Ladybrand), p. [6].

³¹ *The Friend*, 1904-12-21 (Greytown), p. [3].

³² G.S. Preller, Dingaansdag. Geskiedenis van die Voortrek, in G.S. Preller en W.J. van Zijl, *Bloed Rivier Dorp en die Voortrekkers Gelofte*, p. 21; *Die Transvaler*, 1946-12-16 (Vierung van 16 Des. sedert 1902), p. 5.

³³ P.H. Kapp, *Ons Volksfeeste*, p. 69.

³⁴ M.J. Swart, *Geloftedag*, pp. 49-50.

b. Transvaalse feeste van 1905

In 1905 het Dingaansfeeste na patronen teruggekeer wat voor Kruger se begrafnis gevinstig is. In hierdie jare is al meer Afrikanerkultuurorganisasies gestig wat ook met die reël van Gelofteherdenkings gemoeid was. Op Bronkhorstspruit is ‘n fees byvoorbeeld op 16 Desember 1905 deur die “Het Volk”-vereniging aangebied. Die program het hoofsaaklik uit eredienste en feesredes bestaan. Die opkoms was klein, want die weer was baie ongunstig. Tog is die aanwesiges nie hierdeur ontmoedig nie. Hulle het besluit om ‘n feeskommissie te verkies en ‘n vaste terrein te vind waar die herdenkings voortaan jaarliks kon plaasvind.

‘n Meer suksesvolle byeenkoms het by Klipfontein naby Heidelberg in Transvaal plaasgevind. Ongeveer seshonderd mense was daar teenwoordig. Die program is deur ds. J. van Belkum (1851-1933) geleei. Die Dingaansdagprogram van 16 Desember het vertellings deur twee dames wat die Groot Trek persoonlik beleef het, ingesluit. Op Sondag 17 Desember was die feesgangers nog op die terrein byeen. Al het dit begin reën, het hulle met die eredienste tussen die buie deur voortgegaan. ‘n Feeskommissie is ook aldaar verkies.³⁵

c. Dingaansdagkontroversie onder Vrystaatse handelslui (1905)

Omdat 16 Desember in 1905 op ‘n Saterdag gevval het, was daar talle Vrystaatse handelaars van buitenlandse afkoms wat bereid was om op dié dag sake te doen. Dit het groot ontevredenheid onder Bloemfontein se meer gevestigde besigheidsmanne en toegewyde Dingaansdagvierders veroorsaak. *The Friend* het die oorywerige handelaars daarvan beskuldig dat hulle geen konsiderasie vir die publiek met dié optrede getoon het nie en ook nie ‘n Suid-Afrikaanse gees geopenbaar het nie. Deur oop te bly sou hulle die persepsie versterk dat hulle net in die land was om geld te maak. Hulle is herinner dat 16 Desember nie ‘n piekniekdag was nie, maar ‘n dag vir trotse herinnering en “a proud national consciousness”.

The Friend het ‘n spesiale halfblad afgestaan aan die advertensies van besighede wat wel op 16 Desember sou sluit, in ‘n poging om hulle te ondersteun. Dit was onder die opskrif

³⁵ C.J. Beyers and J.L. Basson (eds.), *Dictionary of South African biography V*, p. 790; *De Volkstem*, 1906-01-06 (Dingaansdag), p. [8].

“Dingaan’s Day holiday announcements” en het die volgende aankondiging van die Bloemfonteinse Handelskamer ingesluit:

The Committee of the Chamber of Commerce urges members and other Storekeepers to recognise the PUBLIC HOLIDAY proclaimed by Law as DINGAAN’S DAY, and to close their business premises on that date, SATURDAY, 16th INSTANT.

Sommige adverteerders was baie patriotties. G.A. Fichardt & Co. het byvoorbeeld verklaar:

Dingaan’s Day was instituted to commemmorate the Victory of Civilisation over South African Savagery, and it should therefore be Strictly observed as a Holy-day by every White Man in South Africa.

We CLOSE on DINGAAN’S DAY (TO-MORROW, the 16th inst.), and respectfully request OUR CUSTOMERS to place their week-end orders TO-DAY.

Andere was minder uitgesproke nasionalisties. Alex. Easton & Co. se advertensie het gelui:

WHEREAS the 16th DAY of DECEMBER, known as DINGAAN’S DAY, has heretofore been observed as a PUBLIC HOLIDAY, now therefore do we, ALEX. EASTON & CO., High Class Grocers, 85, High Street, DECLARE that we care not one jot whether we open or not; but we herein Proclaim to the entire community that all goods passed over our counter are absolutely fresh and of the finest quality.³⁶

Die Bloemfonteinse Handelskamer het op 14 Desember 1905 ‘n noodvergadering oor die saak gehou. Sommige sakelui se verweer oor die besluit om nie te sluit nie, was dat hulle gemeen het dat Maandag 18 Desember 1905 ook ‘n openbare vakansiedag sou wees en dat handel op 16 Desember dus noodsaaklik sou wees. ‘n Petisie is gesirkuleer om alle handelaars aan te moedig om op die Saterdag oop te bly en onder bogenoemde wanindruk het enkele lede van die Handelskamer dit onderteken. Hulle is oor die vingers getik.³⁷

d. ‘n Vrystaatse herdenking van 1905

Te midde van al die onenigheid het ‘n groot klomp Bloemfonteiners (veral jongmense) weer by Kafferrivier vir ‘n Dingaansfees saamgetrek en onder meer in tente wat van die Polisiediens

³⁶

The Friend, 1905-12-15 (Advertisements), p. [4]; *The Friend*, 1905-12-15 (Editorial), p. [5].

³⁷

The Friend, 1905-12-15 (Dingaan’s Day), p. [6].

geleen is, uitgekamp. Daar was meer vierders as in 1904 en die program het andermaal uit beide ligte vermaak en godsdienstige items bestaan.³⁸

e. Poging tot Kaapse statutêre erkenning (1906)

In die Kaapprovinsie het belangstelling in Gelofteherdenkings geleidelik begin sigbaar word. In 1906 is voorgestel dat 16 Desember ‘n openbare vakansiedag in die Kaapkolonie moes word, maar dit is deur die Kaapse Parlement afgestem.³⁹

f. Dingaansdag 1906

Min inligting is oor die Gelofteherdenkings van 1906 bekend. Op die oggend van Sondag 16 Desember 1906 het ‘n groot groep Afrikanervroue van Pretoria die grafte van slagoffers van die Anglo-Boereoorlog met blomkranse versier, soos in 1905 besluit is.⁴⁰

In die Vrystaat was Maandag 17 Desember 1906 ook ‘n openbare vakansiedag.⁴¹ Baie soorte vermaak is op die dag in die stad aangebied, byvoorbeeld pieknieks, ‘n gimkana, krieketwedstryd, gholftoernooi en ‘n opvoering van die drama *The walls of Jericho* in die Grand Theatre. Die eerste sooi van die treinspoor tussen Bloemfontein en Kimberley is ook op dié dag gespit.⁴²

Pas voor Dingaansdag, naamlik op Saterdag 15 Desember 1906, is ‘n monument ter ere van die vroue en kinders wat in die konsentrasiekamp by Brandfort oorlede is, op dié dorp onthul. Die seremonie is deur ongeveer ‘n duisend mense bygewoon. Hulle het die Regering geloof vir die insette om die grond daarvoor te bekom.⁴³ Soos reeds genoem is hierdie tipe seremonies toenemend van 1906 af aan Dingaansdagbyeenkomste gekoppel, hoewel dit dikwels, soos in hierdie geval, eerder op die dae pas vóór of ná 16 Desember gehou is. Dit was waarskynlik omdat daar gevoel is dat aandag nie op die dag van die Gelofte en die herdenking daarvan

³⁸ *The Friend*, 1905-12-19 (Kaffer River), p. [3].

³⁹ F.J. du Toit Spies, Hier staan ons ... Die Gelofte van 1838, *Handhaaf* 21(2), November 1983, p. 12.

⁴⁰ *Pretoria News*, 1906-12-16 (Day by day), p. 5.

⁴¹ *The Friend*, 1906-12-15 (The holiday), p. [5].

⁴² *The Friend*, 1906-12-17 (The holiday), p. [7].

⁴³ *The Friend*, 1906-12-19 (Concentration camps), p. [6].

afgetrek moes word nie, hoewel histories belangrike gebeure wel suksesvol op 15 of 17 Desember daarmee gekombineer kon word.

5. FEESTE EN POGINGS TOT STATUTÊRE ERKENNING OP DIE VOORAAND VAN UNIEWORDING (1907 TOT 1909)

a. Eerste gesprekke oor nasionale vakansiedae (1907)

In 1907 het ‘n Suider-Afrikaanse tolkonferensie plaasgevind. By die geleentheid het verteenwoordigers van die handelswêreld en bankwese genoem dat die verskillende vakansiedae in die vier dele van die land besig was om vir hulle baie probleme te veroorsaak. Daar is gevolglik besluit dat dieselfde openbare vakansiedae in al vier kolonies moes geld. Die besluit sou uiteindelik bydra daartoe dat Dingaansdag vanaf 1911 in die hele Unie van Suid-Afrika gevier sou word. Aangesien planne vir hierdie verenigingsproses teen 1907 reeds in die pyplyn was, is voorlopig besluit om die saak tot na Uniewording te laat oorstaan.⁴⁴

b. Herdenkings van 1907

Op die oggend van 16 Desember 1907 het lede van De Jonge Dames Vereeniging soos die vorige jaar vanaf 07:00 grafte in Pretoria met blomme versier.⁴⁵ Die stad se poskantoor het op dié dag beperkte dienste vir beperkte ure gelewer.⁴⁶ Inwoners kon meer oor die geskiedenis van die Slag van Bloedrivier te wete kom in ‘n artikel wat in die *Pretoria News* verskyn het. Pretorius se verslag van 23 Desember 1838 is onder meer in Engels daarin aangehaal.⁴⁷ Mense wat minder waarde aan die Gelofte geheg het, kon Dingaansdag deurbring by fietswedrenne wat deur die Pretoria Amateur Cycling Club op die Caledoniese Sportgronde aangebied is.⁴⁸ In die aand is ‘n konsert in Pretoria se dieretuyn gehou waarby die Queen’s Bays Militêre Orkes die hoofster was.⁴⁹

⁴⁴ *Die Burger*, 1934-12-17 (Van alle kante), p. 5.

⁴⁵ *Pretoria News*, 1907-12-14 (Day by day), p. [5].

⁴⁶ *Pretoria News*, 1907-12-13 (Dingaan’s Day. Postal arrangements), p. 5.

⁴⁷ *Pretoria News*, 1907-12-16 (Dingaan’s Day), p. 5.

⁴⁸ *Pretoria News*, 1907-12-14 (Day by day), p. [5].

⁴⁹ *Pretoria News*, 1907-12-14 (Monday’s concert at the Zoo), p. [5].

Teen 1907 is die feit dat Dingaansdag ‘n openbare vakansiedag in die Oranje-Vrystaat was, onbestrede deur die sakelui aanvaar.⁵⁰ Dit is nie bekend of enige Gelofteherdenkings in dié jaar in of om Bloemfontein plaasgevind het nie. Daar is wel melding gemaak van ‘n spesiale krieketwedstryd wat op 16 Desember in die stad gespeel is.⁵¹

Die Stadsraad van Kaapstad het besluit om 16 Desember 1907 in te span vir die loodsing van ‘n projek om meer toeriste na die stad te lok. Die projek het as die Cape Gala bekend gestaan en het die versiering van die stad met liggies, spesiale winkeluitstallings en die beskikbaarstelling van meer treine na die stad ingesluit. Dit was soortgelyk aan Blackpool, Engeland, se jaarlikse feestyd. Die Cape Gala is op die aand van die sestiende amptelik deur die stad se burgemeester geopen.⁵²

c. Pogings om wyer statutêre erkenning vir Dingaansdag te verkry (1908)

In Mei 1908 is ‘n konferensie in Pretoria oor Uniewording gehou. By dié geleentheid het die verteenwoordigers van Transvaal, die Oranje-Vrystaat, Natal en Kaap ‘n resolusie aanvaar wat aanbeveel het dat 16 Desember ‘n nasionale vakansiedag in die hele Unie van Suid-Afrika moes word. ‘n Finale besluit kon steeds nie oor die aangeleentheid geneem word nie.⁵³

In dieselfde jaar is ‘n wetsontwerp voor die Natalse Parlement gelê met die doel om Dingaansdag in die plek van 29 September (St. Michieldag) tot openbare vakansiedag in dié kolonie te verklaar. Die poging het misluk weens die teenkanting van Durban en Pietermaritzburg se kamers van koophandel, asook verskeie munisipaliteite. Daar is gevrees dat ‘n vakansiedag op 16 Desember, kort voor Kersfees, handel sou benadeel. Die noordelike deel van Natal, wat Utrecht en Vryheid ingesluit het, was nie met die besluit tevrede nie. Op 11 Desember 1908 het die Parlement toegestem dat Dingaansdag wel in daardie gedeelte van Natal as openbare vakansiedag gevier kon word. Staatsdienskantore en skole kon voortaan vir die dag sluit. ‘n Soortgelyke wetsontwerp is ook in 1908 in die Kaapkolonie aanhangig gemaak. Die afhandeling daarvan het só gesloer dat Uniewording in 1910 ‘n besluit daaroor onnodig gemaak het.⁵⁴

⁵⁰ *The Friend*, 1907-12-14 (Day by day), p. 4.

⁵¹ *The Friend*, 1907-12-16 (Sport and pastime), p. 8.

⁵² *The Friend*, 1907-12-17 (Capetown [sic] fete), p. 5.

⁵³ *The Friend*, 1908-12-16 (Editorial), p. 4.

⁵⁴ D.W. Krüger, *Die viering van Dingaansdag 1838-1910*, pp. 55-57; D.W. Krüger, *Die viering van Dingaansdag (1838-1910) II*, *Die Huisgenoot* 19(666), 1934-12-18, p. 53.

In ‘n redaksionele artikel wat op 16 Desember 1908 in *The Friend* verskyn het, is dit betreur dat die sewentigste herdenking van die Slag van Bloedrivier nog nie amptelik deur die hele Suider-Afrika gevier is nie. Daar is gewys op al die morele lesse wat uit die spesifieke geskiedenis geleer kon word, byvoorbeeld die selfopofferende heldemoed van Retief.⁵⁵ In dieselfde uitgawe van hierdie dagblad het ‘n artikel oor die dood van Retief en Bloedrivier verskyn om alle lezers op hoogte van die geskiedenis te bring.⁵⁶

d. Gelofteherdenkings en geleenthedsprogramme van 1908

Verskeie Gelofteherdenkings het in 1908 deur Transvaal, die Oranje-Vrystaat en Natal plaasgevind. Een daarvan was by Paardekraal en dit is skynbaar goed bygewoon.⁵⁷

In Pretoria is ‘n groot Dingaansdagsaamtrek in Burgerspark gehou. Op 16 Desember 1908 het ‘n massa van die stad se skoolkinders om 08:00 onder begeleiding van hulle onderwysers na die park gestap. Die verrigtinge is deur ds. H.S. Bosman (1848-1933) geleei. Twee platforms is opgerig waarop die vele sprekers kon optree. Genl. J.C. Smuts sou onder andere daar praat, maar is deur regeringsake in Kaapstad vertraag en was dus afwesig. Drr. W.J. Leyds (1859-1940) en F.V. Engelenburg (1863-1938) was onder die groot aantal teenwoordiges. Die Polisieorkes van Johannesburg, asook Madam Bal se gemengde en dameskore, het vir musiek by die geleentheid gesorg en verversings is deur dames van die Vrouwen Federatie en mev. Cartwright van die Boudoir Café voorsien. Verskeie stalletjies is opgerig waar allerlei produkte gekoop kon word en speletjies is ook aangebied. Van die sprekers (insluitend ds. Bosman) het genoem dat hulle aanvanklik nie bly was om onder die Britse vlag te staan nie. Nou het hulle dit egter as ‘n seën begin beskou, omdat dit Suider-Afrikaners kon verenig.⁵⁸ Ten spyte van die indrukwekkende program, is agterna beweer dat die byeenkoms nie die verwagte sukses was nie. Daar is gevoel dat die fees té Nederlands was en nie Afrikaans genoeg nie.⁵⁹ Moontlik is dit juis die pro-Britse uitsprake wat die verwytte veroorsaak het.

⁵⁵ *The Friend*, 1908-12-16 (Editorial), p. 4.

⁵⁶ *The Friend*, 1908-12-16 (Dingaan’s Day), p. 4.

⁵⁷ *The Star*, 1908-12-15 (Holiday fixtures), p. 6; *The Star*, 1908-12-16 (To-day’s anniversary), p. 9.

⁵⁸ W.J. de Kock (ed.), *Dictionary of South African biography I*, pp. 104, 277; D.W. Krüger and C.J. Beyers (eds.), *Dictionary of South African Biography III*, p. 516; *Pretoria News*, 1908-12-16 (Dingaan’s Day celebration), p. 5; *The Friend*, 1908-12-17 (Pretoria celebrations), p. 8.

⁵⁹ *Pretoria News*, 1908-12-17 (Editorial), p. 4.

Ligter vermaak in die stad het ‘n hondeskou, hoenderskou, asook middag- en aandpromenadekonserte in die dieretuin ingesluit.⁶⁰ Beide Pagel en Willison se sirkus het aandvertonings gelewer.⁶¹ Spesiale treine is van Johannesburg na Pretoria en Vereeniging gereël vir mense wat ‘n dag lank onderskeidelik in die dieretuin of langs die Vaalrivier wou ontspan.⁶²

By Pietersburg se Gelofteherdenking het genl. C.F. Beyers in 1908 as hoofspreker in die Ned. Geref. Kerk opgetree. Hy het ‘n uiters besielende rede oor die waarde van ‘n edele karakter en die groei van die land na afloop van die Anglo-Boereoorlog gelewer. ‘n Groot aantal mense was by die verrigtinge teenwoordig.⁶³

Die Vrystaatse teoloog en kindervriend, ds. C.D. Murray, het besluit om ‘n Dingaansfees vir kinders in Bloemfontein te hou. Talle inwoners van die stad het ruim skenkings daarvoor gemaak. Die plan was oorspronklik dat kinders van ses- tot sestienjarige ouderdom en hulle ouers of voogde dit op 16 Desember 1908 in Victoriapark kon bywoon. Weens ongure weer moes die funksie egter na die stadsaal verskuif word. Sowat tweeduiseend kinders het opgedaag en die gebou was oorvol. Die seuns moes aan die een kant en die dogters aan die ander kant van die saal sit. Vanaf 16:00 het verskeie kundiges hulle oor die agtergrondgeskiedenis van die dag toegespreek. Die mees geliefde spreker was ds. Murray self. Hy het die seuns gevra om edel en eerlik te leef en die dogters gewaarsku om die jongelinge te vermy, indien die advies nie nagevolg sou word nie. Dié kommentaar het luide gelag en applous uitgelok. Murray het ook die hoop uitgespreek dat Dingaansdag in die toekomstige Unie van Suid-Afrika ‘n nasionale feesdag sou word. Ten slotte kon die dogters na die verversingslokaal gaan om minerale koeldrank, koek, piesangs, lemoene en lekkers te geniet. Eers nadat hulle genoeg gehad het, kon die seuns dieselfde voorreg smaak — ‘n wrede lot vir enige kind!⁶⁴

Die reënweer het ook ander, minder stigtelike programme in die stad omvergewerp. Krieketwedstryde, perdewedrenne, skyfskietkompetisies en ‘n aandkonsert in Victoriapark moes as gevolg daarvan uit- of afgestel word.⁶⁵

⁶⁰ *Pretoria News*, 1908-12-15 (Advertisements), p. 5; *Pretoria News*, 1908-12-16 (Chicken show), p. 5.

⁶¹ *Pretoria News*, 1908-12-16 (Advertisements), p. 4.

⁶² *The Star*, 1908-12-15 (Dingaan’s Day holiday), p. 8.

⁶³ *The Friend*, 1908-12-18 (Dingaan’s Day), p. 5; *Pretoria News*, 1908-12-16 (Beyers at Pietersburg), p. 5.

⁶⁴ *The Friend*, 1908-12-15 (Report), p. 4; *The Friend*, 1908-12-17 (Dingaan’s Day), pp. 5, 8.

⁶⁵ *The Friend*, 1908-12-16 (Local sport), p. 7; *The Friend*, 1908-12-17 (Cricket), p. 3; *The Friend*, 1908-12-21 (Victoria Park concert), p. 8.

e. Dingaansdag 1909

Dingaansdag 1909 was skynbaar een van die stilste vakansiedae wat Pretoria in jare beleef het. Dit was die gevolg van ongure weer wat mense eerder tuis laat skuiling soek het. Min is bekend oor die jaar se Gelofteherdenkings in dié stad. Die enigste openbare vermaak wat afstrek gekry het, was die stad se rolshaatsbane ('n gewilde tydverdryf van die tyd). Kroegbase het gewoonlik goeie besigheid op vakansiedae gedoen, maar in 1909 het selfs hulle gekla dat 16 Desember minder inkomste opgelewer het as 'n gewone weeksdag! 'n Beplande atletiekprogram en militêre taptoe ten bate van liefdadigheid moes gekanselleer word. Besoekers wat van Johannesburg af gekom het, het die weer in die dieretuyn trotseer. Die aand het bioskope darem groot skares gelok,⁶⁶ veral 'n eenmalige vertoning van The Synchrone Opera Company se *Electrophone and Bioscope* in die Operahuis. Dit was 'n bewegende beeldprojeksie wat saam met 'n musiekopname vertoon is en 'n groot sensasie van die tyd was.⁶⁷

In Johannesburg is geleentheidsdienste ter herdenking van die Gelofte in verskeie Afrikaanse gemeentes gehou. Die middag het sowat seshonderd kinders in Braamfontein se Ned. Geref. Kerk saamgetrek en die aand is 'n soortgelyke byeenkoms aldaar vir volwassenes gehou. Weens die triestige weer kon dit ook nie in die buitelug plaasvind nie.

Geld is tydens die aandprogram ingesamel ten bate van die aankoop van die Geloftekerk in Pietermaritzburg.⁶⁸ Nadat hierdie gebou in 1841 in gebruik geneem is, het die gemeente in 1855 besluit om 'n nuwe kerkgebou op te rig. Laasgenoemde is op 7 April 1861 ingewy en die betrokke kerkraad het besluit om die Geloftekerk te verkoop om die skuld op die nuwe kerk te help verlig. Vervolgens is dit onder meer as skoolgebou, woonhuis, wamakerswinkel, mineraalwaterfabriek, apieek en teekamer gebruik. In 1908 is met die beplanning vir die terugkoop daarvan begin. Dit was op die inisiatief van ds. G.M. Pellissier (1881-1954), sy swaer adv. E.G. Jansen (1881-1959) en die Pietermaritzburgse Afrikanervriend, besigheidsman en joernalis, J.R. Herschensohn (1834-1912). Geld is onder meer by Dingaansfeeste ten bate van hierdie doel ingesamel. Op 22 Februarie 1910 is

⁶⁶ *Pretoria News*, 1909-12-14 (Athletic sports), p. 7; *Pretoria News*, 1909-12-16 (Military Tattoo), p. 5; *The Friend*, 1909-12-17 (Quiet at Pretoria), p. 5; *Pretoria News*, 1909-12-17 (The holiday), p. 5.

⁶⁷ *Pretoria News*, 1909-12-14 (Advertisement), p. 4.

⁶⁸ *The Friend*, 1909-12-17 (Dingaan's Day), p. 5.

die koop gefinaliseer. Die kerk is in ‘n museum oor die Trekgeskiedenis omskep en dit is op 16 Desember 1912 amptelik in gebruik geneem.⁶⁹ In die twintigste eeu sou fondsinsamelingsaksies vir soortgelyke verdienstelike volksake toenemend by Dingaansfeeste plaasvind.

Die feesorganiseerders van Vlakfontein by Standerton het genl. Louis Botha genooi om op Dingaansdag 1909 as hulle gasspreker op te tree. Botha het ongelukkig ernstig siek geword en is deur sy dokter aangeraai om in die bed te bly. Dit was ‘n teleurstelling vir die vierders, maar daar was tog ‘n groot opkoms by die fees.⁷⁰

In Bloemfontein het die “Onze Taal”-vereniging op die aand van 16 Desember 1909 ‘n byeenkoms in die Gedenksaal aangebied. Die lokaal was stampvol. Eers is ‘n lesing oor die oorsake van die Groot Trek aangebied. Daarna het ‘n sangsolo, ‘n voordrag van ‘n gedig met die titel *Dingaansdag*, nog drie lesings met ‘n Groot Trektema en verdere musiekitems gevolg. Genl. J.B.M. Hertzog was in die gehoor en is gevra om ‘n paar woorde tot die aanwesiges te spreek. Aangesien die program reeds so lank was, het hy verklaar dat hy graag by ‘n ander geleentheid meer oor die betekenis van Dingaansdag sou praat. Na sy inset is dertig towerlanternbeelde van tonele uit militêre veldtogte en portrette van bekende Boereleiers vertoon. Die vereniging se lied is ten slotte gesing om die verrigtinge te beëindig.⁷¹ Bloemfonteiners wat die aand nie bygewoon het nie, kon meer oor die Trekgeskiedenis uitvind in ‘n artikel wat op 16 Desember 1909 in *The Friend* verskyn het.⁷²

Ongeveer tweehonderd mense het vanaf 15 Desember 1909 op die plaas Schuilhoek naby Bloemfontein laer getrek om die Gelofte te herdenk. Die dag is aan sportsoorte soos toutrek, skyfskiet en gewigstoot gewy. Die aand is ‘n debat oor die onderwerp “Het mense sedert 1838 agteruitgegaan wat geloof betref?” gehou. Aan die einde van ‘n lewendige bespreking het die meerderheid teenwoordiges besluit dat mense se geloof oor die algemeen wel minder opreg as

⁶⁹ D.W. Krüger and C.J. Beyers (eds.), *Dictionary of South African Biography III*, p. 390; C.J. Beyers and J.L. Basson (eds.), *Dictionary of South African biography V*, pp. 378, 573; M.J. Swart (red.), *Afrikanerbakens*, p. 249; M. Basson, Die Geloftekerk, in Dingaansfeeskomitee van die Kaapse Skiereiland, *Program en soewenier 1838-1938: Dingaansdag eeufeesviering op 14, 15 en 16 Desember 1938, Rosebank se tentoonstellingsgronde*, pp. 21-24.

⁷⁰ *The Friend*, 1909-12-17 (Standerton disappointed), p. 5; *Pretoria News*, 1909-12-17 (Day by day), p. 5.

⁷¹ *The Friend*, 1909-12-17 (“Onze Taal”), p. 4.

⁷² *The Friend*, 1909-12-16 (Dingaan’s Day), p. 5.

in 1838 was. Verskeie resitasies oor die Groot Trek is voorgedra en ‘n lesing is oor die wondergat naby Marico gehou. Die verrigtinge is met ‘n vuurwerkvertoning afgesluit. Op Dingaansdag is ‘n erediens teen sonop gehou. Nog ‘n diens het om 09:30 gevvolg en in die middag is ‘n toespraak vir die kinders gehou oor die voorbeeld wat die Trekkers aan hulle gestel het. Verskeie korter redes deur gemeenskapsleiers het gevvolg en ‘n slotdiens het die program afgesluit.⁷³

Op Ficksburg is die drama *Margrita Prinsloo* op die aand van 15 Desember 1909 treffend deur die Jongelieden Vereniging in die dorp se stadsaal opgevoer. Dit was hulle bydrae tot die herdenking van Dingaansdag.⁷⁴ Hierdie drama is in 1896 deur die bekende teoloog en taalstryder, S.J. du Toit (1847-1911), geskryf en was jare lank ‘n treffer by Dingaansfeeste. Dit het altyd daarin geslaag om gehore diep te raak.⁷⁵

Soos wat dikwels in die verlede aldaar op Dingaansdag die geval was, het reën op 16 Desember 1909 by Heilbron gedreig. Vroegoggend is ‘n geleentheidsdiens in die dorp se Ned. Geref. Kerk aangebied. Tog het ‘n groot klomp mense daarna by Vegkop vir ‘n Dingaansfees in die ooplug saamgetrek. Verskeie leraars en honderde inwoners van omliggende dorpe was op die terrein aanwesig. Die byeenkoms was ‘n groot sukses.⁷⁶

Aangesien Dingaansdag 1909 nog nie ‘n amptelike vakansiedag in Natal was nie, het ‘n parlementsitting op dié datum in Pietermaritzburg plaasgevind. Tydens die middagsessie het die Premier en verskeie lede die hoop uitgespreek dat Dingaansdag ‘n nasionale vakansiedag sou word — ‘n heel ander standpunt as wat algemeen in 1908 gehuldig is. Die Premier het die lede verseker dat die Unieparlement die saak gunstig gesind was.⁷⁷ Duidelik was daar vir die eerste keer deur die hele Suider-Afrika steun vir die viering van Dingaansdag en sou dit in die Unie van Suid-Afrika op ‘n groeiende skaal plaasvind.

⁷³ *The Friend*, 1909-12-20 (Dingaan’s Day), p. 4.

⁷⁴ *The Friend*, 1909-12-18 (“Margrita Prinsloo”), p. 9.

⁷⁵ W.J. de Kock (ed.), *Dictionary of South African biography I*, p. 268; P.H. Kapp, *Ons Volksfeeste*, p. 80.

⁷⁶ *The Friend*, 1909-12-18 (Heilbron), p. 12.

⁷⁷ *The Friend*, 1909-12-17 (Natal assembly), p. 5.

6. GELOFTEHERDENKINGS IN DIE UNIE VAN SUID-AFRIKA (1910)

a. Nasionale statutêre erkenning vir 16 Desember

Op 31 Mei 1910 het die langverwagte Unie van Suid-Afrika tot stand gekom. Die Parlement moes onder meer oor nasionale vakansiedae besluit en op 23 Desember 1910 is die “Wet tot regeling van de Openbare Feestdagen in de Unie van Zuid-Afrika” (Wet 3 van 1910) aangeneem. Daarvolgens is Dingaansdag tot openbare vakansiedag deur die hele land erken.⁷⁸

Dit is nie sonder meer aanvaar nie. Die wetsontwerp is deur die minister van Binnelandse Sake, genl. J.C. Smuts, by die Unievolsraad ingedien. Daar was heftige beswaar van Kaapse handelaars teen die insluiting van Dingaansdag in die Wetsontwerp, omdat hulle gemeen het dat dit handel in die besigste tyd van die jaar sou benadeel. Daar was ook mense wat gemeen het dat die viering van Dingaansdag aanstoot aan swart Suid-Afrikaners sou gee. Na ‘n lang bespreking het die Volksraad die wetsontwerp goedgekeur.

Vervolgens is dit na die Senaat verwys waar W.P. Schreiner gevra het dat die naam Dingaansdag verander moes word. Hy was ook van mening dat dit aanstoot aan anderskleuriges kon gee. Hy is heftig deur ander senaatslede teengestaan en daar is genoem dat anderskleuriges ook deur die oorwinning oor Dingane bevoordeel is. Eers toe is die wetsontwerp finaal goedgekeur.⁷⁹

Teen 16 Desember 1910 was hierdie wet dus nog nie van toepassing nie. Tog het Afrikaners hulle meer as ooit tevore daarvoor beywer om die Geloofte wyd te herdenk.⁸⁰ Selfs die Engelse pers was die pogings skynbaar goedgesind en artikels is geplaas om mense oor die agtergrondgeskiedenis van die dag in te lig.⁸¹ In ‘n redaksionele artikel wat in die *Pretoria News* verskyn het, is die mening gelug dat die dag se naam verander moes word. Volgens die koerant was dit ‘n goeie geleentheid om die land se dapper ontslapenes byvoorbeeld Bartolomeu Dias (c. 1450-1500), Vasco da Gama (c. 1460-1524)⁸², Kruger en

⁷⁸ D.W. Krüger, *Die viering van Dingaansdag 1838-1910*, p. 57.

⁷⁹ *Die Burger*, 1934-12-17 (Van alle kante), p. 5.

⁸⁰ M.J. Swart, Vyftig jaar Geloftedag, *Historia* 6(2), Junie 1961, pp. 141-142; A. Wessels, In search of acceptable national symbols for South Africa, *Journal for Contemporary History* 19(2), September 1994, p. 273.

⁸¹ *The Star*, 1910-12-16 (Dingaan’s Day), p. 8.

⁸² W.J. de Kock (ed.), *Dictionary of South African biography I*, pp. 198, 241.

Rhodes in herinnering te roep. Alle volkere en kleurgroepe moes uiteindelik die dag saam, volgens hulle onderskeie kulturele tradisies, kon herdenk. Dit was volgens die artikel onaanvaarbaar dat net een veldslag in die geskiedenis vir herdenking deur slegs een segment van die bevolking uitgesonder moes word, terwyl dit ‘n nasionale feesdag kon wees. Duidelik was daar geen kennis oor die Gelofte by die skrywer hiervan nie.⁸³

b. Fondinsameling ten bate van die Vrouemonument

Geld is by dié jaar se Dingaansfeeste ingesamel ten bate van die oprigting van die Vrouemonument in Bloemfontein. In die koerant *De Volkstem* is byvoorbeeld erkenning verleen aan bydraes wat tydens die vierings by Doornkloof (naby Pretoria), Balfour, Kafferskraal (naby Heidelberg) en Witklip (naby Ingogo) gemaak is.⁸⁴ Die monument is op 16 Desember 1913 onthul.⁸⁵

c. Transvaalse herdenkings

In Transvaal was beperkte poskantoordienste op 16 Desember 1910 beskikbaar. Die besigheidswêreld het oor die algemeen min aandag aan die dag gewy.⁸⁶

Een van die grootste Dingaansfeeste van die na-oorlogse jare het by Paardekraal plaasgevind. Dit is onder andere deur skares mense uit omliggende distrikte bygewoon. Hulle het oudergewoonte dae voor die tyd reeds in tente, waens en skuilings om die monument gekamp. Pas na sonop op 16 Desember 1910, het die aanwesiges na die Krugersdorpse begraafplaas gestap en die grafte met blomme en kranse versier. Die hoofdiens van die dag is om 10:00 deur ds. A.A. Wetch by die monument gehou. Hy het die toehoorders herinner om die Gelofte trou na te kom en Dingaansdag in ere te hou soos wat die Britte die Slag van Trafalgar (21 Oktober) en die Amerikaners hulle Onafhanklikheidsdag (4 Julie) herdenk het. Die jeug moes inspirasie uit hulle heroïese verlede vir die toekoms put. Hy het die volk herhaaldelik teen materialisme gewaarsku. Hy was positief oor die toekoms en het verklaar dat onenigheid tussen Afrikaans-

⁸³ *Pretoria News*, 1910-12-16 (Editorial), p. 4.

⁸⁴ *De Volkstem*, 1911-01-06 (‘t Vrouwe-Monument), p. 12.

⁸⁵ M.J. Swart (red.), *Afrikanerbakens*, p. 102.

⁸⁶ *The Star*, 1910-12-15 (Notice), p. 9.

en Engelssprekendes in die Unie aan die verdwyn was. Soos by talle ander Dingaansfeeste van dié tyd, is die aanwesiges herinner om hulle geloof, taal en die waardes van hulle voorouers aan te hang. Nog geleentheidsdienste is in die middag en aand gehou. Tydens hierdie byeenkoms is ‘n komitee aangewys om na die oprigting van ‘n gedenksaal vir toekomstige feesvierings op die terrein om te sien.⁸⁷ Paardekraal was duidelik steeds dié feessentrum in Transvaal.

Nog ‘n groot fees het by Nooitgedacht plaasgevind waar die klipstapel in 1900 tydens die Anglo-Boereoorlog opgerig is. Op 16 Desember 1910 het ‘n groot groep jongmense om 07:00 Schimmelkop uitgeklim en by die klipstapel van die Boeremagte byeengekom. Pieter Botha, ‘n inwoner van Krugersdorp, het ‘n kort rede gelew en daarop gewys dat die mense wat in 1900 daar saam was, maar later tydens die Anglo-Boereoorlog gesneuwel het, as “schutsengelen die hoop stenen met hun tranen zullen benatten” as die volk 16 Desember sonder herdenking sou laat verbygaan. ‘n Man genaamd Visscher het bygevoeg “dat het een driewerf schande was voor een Afrikaner om 16 December zonder feestviering voorbij te laten gaan.” Botha het veral die jongmans van die volk aangemoedig om daadkragtig as leiers op te tree. Na ‘n erediens en sang is die godsdiensprogram onder seile aan die voet van die kop voortgesit. Dit was skynbaar die derde fees op dié plek. Die res van die dag se verrigtinge het uit dienste, redes en ‘n voorlesing van pres. Kruger se rede by Paardekraal (vermoedelik by die fees van 1891) bestaan. Die dag is met ‘n dankgebed afgesluit.⁸⁸

In Pretoria het die Suid-Afrikaanse Vrouefederasie (SAVF) ‘n tablo van agt tonele uit die Afrikanergeskiedenis ter viering van Dingaansdag aangebied. In dié stadium was toneel in die Unie nog in sy kinderskoene. Mettertyd sou tablo’s deel van vele feesprogramme word en ook bydra tot die ontwikkeling van hierdie aspek van die uitvoerende kunste.⁸⁹ Oudergewoonte is lichter vermaak, byvoorbeeld fietswedrenne, atletiek en musiekprogramme ook op 16 Desember 1910 vir Pretorianers aangebied.⁹⁰ Die opkoms by die buitelugplesier was swak weens die geweldige hitte wat dié jaar ondervind is.⁹¹ Dingaansdag was die warmste dag van die somer tot op daardie datum.

⁸⁷ F. Wallis, Nuusdagboek, pp. 201, 314; *The Star*, 1910-12-17 (West Rand News), p. 7; *The Star*, 1910-12-17 (Paardekraal), p. 7.

⁸⁸ *De Volkstem*, 1911-01-06 (Dingaansdag-Feesten), p. 10; P.J.P. du Toit, Dingaan’s Feestgevierd, *De Hervormer* 2(22), 1911-02-15, pp. 9-10.

⁸⁹ P.H. Kapp, *Ons Volksfeeste*, p. 80.

⁹⁰ *Pretoria News*, 1910-12-15 (Dingaan’s Day Sports), p. 3; *Pretoria News*, 1910-12-15 (Dingaan’s Day), p. 5.

⁹¹ *Pretoria News*, 1910-12-17 (Athletics), p. 4.

Spesiale treine het Johannesburgers soos in voorafgaande jare na ontspanningsterreine buite die stad vervoer. Die warm weer het die treinritte gewild gemaak. Sportbyeenkomste het algemeen op die Witwatersrand plaasgevind en dit kom voor of die herdenking van die Geloofte vir min inwoners van die Goudstad ‘n prioriteit was.⁹²

Verskeie Dingaansfeeste het in die omgewing van Potchefstroom plaasgevind.⁹³ Dit was ook die geval in die Waterberge, waar ‘n program by Doornfontein byvoorbeeld oor twee dae gestrek het. Op 15 Desember 1910 het ‘n voorbereidingsdiens daar plaasgevind en op 16 Desember ‘n biduur, feesdiens om 10:00, vertelling van die volksgeschiedenis deur ‘n plaaslike onderwyser om 15:00 en afsluitingsdiens om 17:00. Die behoefte is daar geïdentifiseer om eerder groot sentrale feeste met goeie sprekers te hou, as kleiner plaaslike byeenkomste met minder indrukwekkende programme.⁹⁴

Op Volksrust het die meeste mense 16 Desember 1910 skynbaar ongemerk laat verbygaan. Engelssprekende lede van die gemeenskap was onverskillig teenoor die viering van die dag. ‘n Diens is darem in die Verenigde Kerk deur een van die plaaslike ouderlinge gelei. In die omgewing het verskeie feeste op phase plaasgevind, byvoorbeeld by Rooidraai en Weltevreden. Anders as wat in die omgewing van Amersfoort die geval was, het hierdie byeenkomste nie onder leiding van verkose feeskomitees gestaan nie, met die gevolg dat die reëlings nie na wense was nie.⁹⁵

In Standerton se omgewing was die Dingaansfeeste wat die meeste populariteit onder die jeug geniet het, dié waar boeresport en soortgelyke vermaak deel van die programme was. Dit het enkele feesgangers gegrief omdat hulle van mening was dat Dingaansdag slegs met erns soos ‘n Sabbat herdenk moes word. ‘n Ontevrede Standertonner het oor die ligter vermaak op feesprogramme geskryf: “... ‘t word vergeten dat Dingaansdag, ‘n dag is, niet voor sport en spulletjes, maar ‘n dag om in God gewijd, door te brengen.” Hy het vertel hoe speletjies soos vierperdewa op 15 Desember gespeel is, in plaas daarvan dat daar in ootmoed vir die herdenking van die Geloofte op 16 Desember voorberei is. Die Standertonse feeskomitee het tot sy verligting verbied dat laasgenoemde spel in die toekoms by hulle feeste gespeel sou word.⁹⁶

⁹² *The Star*, 1910-12-16 (Dingaan’s Day), p. 9; *The Friend*, 1910-12-17 (A hot holiday), p. 4.

⁹³ *The Star*, 1910-12-16 (Dingaan’s Day), p. 9.

⁹⁴ *De Volkstem*, 1911-01-06 (Dingaansdag-Feesten), p. 10.

⁹⁵ *De Volkstem*, 1911-01-06 (Volksrust), p. 4.

⁹⁶ *De Volkstem*, 1911-01-06 (Brief: L.E. (pseud.), Standerton), p. 6.

Oud-Pres. M.T. Steyn (1857-1916)⁹⁷ het by Balfour se fees as spreker opgetree en oor die geestelike en materiële armoede van die volk gepraat. Hy het ook gewaarsku dat rasseverhoudings ‘n universele bedreiging vir wêrelvdvrede was. Ten slotte het hy die teenwoordiges vermaan om ordentlike lewens te lei en op God te vertrou.⁹⁸

d. Vierings in die Oranje-Vrystaat

In Bloemfontein is probleme weer in 1910 ondervind met winkels wat buite die wettige ure wou handeldryf. Na aanleiding daarvan het *The Friend* lesers herinner dat die Wet op Openbare Vakansiedae wel eers op 1 Januarie 1911 van krag sou word, maar dat die voorafgaande wetgewing steeds van krag was, waarvolgens 16 Desember nog ‘n openbare vakansiedag in die Oranje-Vrystaat sou wees.⁹⁹ Ligter vermaak in Bloemfontein op dié dag het onder meer uit atletiek, fietswedrenne en pieknieks bestaan. Goeie weer het die aktiwiteite moontlik gemaak.¹⁰⁰ ‘n Promenadekonsert is vanaf 20:00 in Victoriapark aangebied.¹⁰¹ Min is oor Bloemfonteiners se Gelofteherdenkings van die jaar bekend.

By De Wetsdrift, Vredefort, het ‘n groot Dingaansfees plaasgevind. Donderdag 15 Desember 1910 is vrolik deurgebring. ‘n Verskeidenheid wedrenne (vermoedelik perdewedrenne) is onder meer gehou. ‘n Konsert met samesprake en die sing van geestelike liedere het die aand vanaf 20:00 plaasgevind. Die plaaslike feeskomitee het bespreek of sodanige vermaak op die dag voor Dingaansdag sou tuishoort. Ten spyte van enkele besware het hulle besluit om dit tog te behou. Die rede hiervoor was dat geen kwaad met die vermaak bedoel is nie en dat dit volgens hulle huis sou dien om mense wat andersins sou wegblý, na feeste te lok. So kon hulle dan ook by die meer ernstige herdenkingselemente betrek word. Op 16 Desember is by ‘n meer gewyde programinhoud gehou, met ‘n biduur om 07:00, feesrede en erediens om 11:00 en nog dienste in die middag. Die plaaslike leraar was met vakansie weg en die “skape was herderloos” by die geleentheid. Die aanwesiges het dit diep betreur. In ‘n verslag oor hierdie fees is spesiaal melding gemaak daarvan dat die mans by die fees betower is deur die pragtige meisies wat dit bygewoon het!¹⁰²

⁹⁷ W.J. de Kock and D.W. Krüger (eds.), *Dictionary of South African biography II*, p. 707.

⁹⁸ M.J. Swart, President Steyn en Geloftedag, *Die Kerkbode* 88(24), 1961-12-13, pp. 882-883.

⁹⁹ *The Friend*, 1910-12-14 (Letter: Storekeeper (pseud.), Bloemfontein and response), p. 6.

¹⁰⁰ *The Friend*, 1910-12-17 (Day by day), p. 5; *The Friend*, 1910-12-17 (Dingaan’s Day), p. 6.

¹⁰¹ *The Friend*, 1910-12-14 (Day by day), p. 5.

¹⁰² *De Volkstem*, 1911-01-06 (Dingaansdag-Feesten), p. 10.

Fauresmith se kinders het op 16 Desember 1910 op die dorp se landbouskougronde byeengekom. Daar is hulle oor die geskiedenis rondom die ontstaan van Dingaansdag en lesse uit die verlede toegespreek. Verder is die dag stil deurgebring. Op Jagersfontein is 'n spesiale oggenddiens in die Ned. Geref. Kerk gehou. Die aand het die regsgelerde, G.C. Tomlinson (1887-1955), 'n toepaslike lesing in die dorp se stadsaal gehou.¹⁰³ Ook op Trompsburg het die dag rustig verloop. 'n Soortgelyke toespraak oor die Groot Trek is in die YMCA-saal gehou, waar oues van dae hulle herinneringe met die aanwesiges gedeel het.¹⁰⁴

e. Herdenkings en houdings in Natal en die Kaapprovincie

Die enigste inligting wat omtrent die jaar se Gelofteherdenkings in Natal bekend is, is dat 'n erediens op die oggend van 16 Desember 1910 deur die Ned. Geref. Kerk by Danskraal gehou is.¹⁰⁵

Hoewel 16 Desember voortaan volgens die wetboek in al vier provinsies van die Unie van Suid-Afrika gevier kon word, het die Afrikaners in die Kaap die dag nie dadelik vir hulself toegeeëien nie. Baie was van mening dat die Gelofte slegs op die nasate van die Trekkers van toepassing was. Hulle het wel behoefte aan 'n eie Afrikaanse volksfees gehad.¹⁰⁶ In die loop van die twintigste eeu sou Dingaansdagvierings onder die leiding van entoesiastiese organiseerders in dié provinsie groei om aan hierdie behoeftte te beantwoord. Sodoende het hierdie feesdag die geleenheid geword waar Afrikaners landswyd hulle lewensuitkyk op 'n jaarlikse grondslag kon openbaar en hulle intellektuele en geestelike waardes opnuut kon omlyn.

f. Toekoms

Die grootskaalse viering van 16 Desember sou uiteindelik 'n omvattende blik op die Afrikaner se nasionale oogmerke, innerlike dryfvere en nagestreefde ideale bied.¹⁰⁷ Baie water moes egter vanaf 1910 in die see loop voordat dit die geval sou wees.

¹⁰³ C.J. Beyers (ed.), *Dictionary of South African biography IV*, p. 655; *The Friend*, 1910-12-21 (Country day by day), p. 2.

¹⁰⁴ *The Friend*, 1910-12-21 (Country day by day), p. 3.

¹⁰⁵ *The Friend*, 1910-12-17 (A hot holiday), p. 4.

¹⁰⁶ P.H. Kapp, *Ons Volksfeeste*, p. 23.

¹⁰⁷ *Dagbreek en Sondagnuus*, 1947-12-21 (Redaksioneel), p. 9.

VIII. GEVOLGTREKKING

Die Trekkers se Gelofte van 1838 het aanleiding gegee tot die volksfees wat (tot op hede) vir die langste ononderbroke tyd in Suid-Afrika gevier is. Dit het ‘n betekenisvolle kultuurhistoriese invloed op die Afrikaner in die besonder, maar ook in ‘n geringer mate op die res van die Suid-Afrikaanse gemeenskap uitgeoefen. Om die waarde daarvan na behore te probeer bepaal, was dit nodig om die oorsprong, groei en betekenis van hierdie herdenkings deeglik te ondersoek. In die proses het dit duidelik geword dat talle wanbegrippe oor die Gelofte en die herdenkings daarvan tussen 1838 en 1910 bestaan. Al die besonderhede omtrent die aflegging en inhoud daarvan sal nooit ten volle vasgestel kan word nie, omdat voldoende primêre bronne nie daaroor beskikbaar is nie. Wanvoorstellings, byvoorbeeld dat vierings baie ongerekend voor 1911 plaasgevind het en dat die Gelofte geen aandag onder Kapenaars geniet het nie, kon wel met inligting uit tydgenootlike bronne weerlê word.

1. ONTWIKKELING VAN GELOFTEHERDENKINGS (1838 TOT 1910)

Al sal die presiese bewoording van die 1838-Gelofte nooit vasgestel kan word nie, is dit duidelik dat dit die onderneming bevat het dat die dag van die beslissende slag teen Dingane se Zulumag deur die Trekkerstryders en hulle nageslag herdenk sou word. Die eerste viering het dus pas na afloop van die Slag van Bloedrivier op 16 Desember 1838 plaasgevind.

In die daaropvolgende pioniersjare het dit skynbaar hoofsaaklik binne huis- en kleiner groepsverband geskied, totdat dit in 1864 deur bemiddeling van di. D.P.M. Huet en F.L. Cachet tot kerklike vakansiedag in Natal verklaar is. Van hierdie datum af het vierings in dié kolonie en die ZAR gegroeи tot byeenkomste wat binne kerklike verband in gemeenskappe herdenk is. Die Transvaalse Regering het 16 Desember in 1865 tot nasionale vakansiedag verklaar en geleidelik het dit onder die naam Dingaansdag begin bekendstaan.¹

Nadat georganiseerde volksvergaderings oor die vryheidstryd teen Brittanje in 1879 en 1880 rondom 16 Desember gehou is, het dit ‘n dieper nasionale betekenis verkry en is dit al wyer deur Afrikaners gevier. Dit was selfs in die Oranje-Vrystaat die geval, hoewel statutêre

¹ D.W. Krüger, *Die viering van Dingaansdag 1838-1910*, pp. 11-15; M.J. Swart, *Geloftedag*, pp. 15-17.

erkenning eers in 1894 deur hierdie Boererepubliek aan die dag verleen is.² Dit is interessant om daarop te let dat bogenoemde volksvergaderings op 16 Desember ook dié dag gevestig het as jaarlikse geleentheid waarop politieke verset gereël, gepeil en bespreek kon word. In die twintigste eeu sou swart bevrydingsbewegings dit veral in hierdie verband benut.

Verskeie tipies Dingaansfeeste het teen die laaste kwart van die negentiende eeu ontwikkel. Daar was tuisvierings, gemeentelike byeenkomste, herdenkings van bepaalde kerklike denominasies, die Staatsfeeste by Paardekraal en vierings wat deur gemeenskappe self gereël is. Van die programme is in die opeleg op historiese terreine soos Bloedrivier, Vegkop en Paardekraal, of pleine en parke in stede en dorpe gehou. Andere het binneshuis in woonhuise, kerke of gemeenskapsale plaasgevind. Deur die twintigste en tot in die een-en-twintigste eeu sou al hierdie verskillende soorte herdenkings bly voortbestaan.

Vanaf ongeveer 1887 het die behoeftte aan deeglik georganiseerde herdenkings gegroei. Gemeenskappe het Dingaansfeeskomitees of -kommissies uit hulle leiers gekies om behoorlike reëlings te tref.³ Hierdie verkiesings was ‘n belangrike demokratiese leerskool vir mense wat andersins dikwels in afsondering geleef het. In die Oranje-Vrystaat en die Boerekrygsgevangenekampe (tydens die Anglo-Boereoorlog) het debatsverenigings ook ‘n vername rol in dié verband gespeel.⁴ Na afloop van laasgenoemde oorlog is algemeen aanvaar dat ‘n fees net na behore kon plaasvind indien dit deur ‘n sodanige liggaam gereël sou word. Daar is selfs gevoel dat kleiner gemeenskapsfeeste met mekaar moes saamspan om groter byeenkomste met meer indrukwekkende programme daar te kan stel.⁵ In die twintigste eeu het Afrikanerkultuurorganisasies al hoe meer by die organisering en inhoud van programme betrokke geraak, hoewel die godsdiestige aard van die herdenkings uiteraard altyd die vernaamste plek daarby ingeneem het.

Wat onderwerpe betref wat deur feesredenaars bespreek is, was dank tot God, die historiese agtergrond van die aflegging van die Geloofte en die algemene volksverlede

² Republiek van die O.V.S., *O.V.S. wetten 1892-1898*, p. 46.

³ P.H. Kapp, *Ons Volksfeeste*, p. 58.

⁴ W.A. Odendaal en P.C. de Jager, *Vierung van Dingaansdag*, pp. 3-6, 8-10; B. Booyens, “Ek heb geseg!” *Die verhaal van ons Jongeliede- en Debatsverenigings*, pp. 62-63; S.P.R. Oosthuizen, *Die beheer, behandeling en lewe van die krygsgevangenes tydens die Anglo-Boereoorlog, 1899-1902*, D.Phil.-proefschrift, U.O.V.S., 1975, p. 241.

⁵ *De Volkstem*, 1911-01-06 (Dingaansdag-Feester), p. 10.

prominent. Volksedes is ook dikwels onder oë geneem. Vanaf ongeveer 1881 is 'n wyer groep temas van volksbelang, soos die ekonomie, onderwys en volkerverhoudings hierby betrek.⁶

Na afloop van die Anglo-Boereoorlog is toenemend op toekomsgerigte, bemoedigende boodskappe gefokus.⁷ Interessant genoeg is die hoop dikwels tussen 1902 en 1911 uitgespreek dat Dingaansdag in die toekoms saam deur alle inwoners van die land gevier sou word.⁸ Daar kan aanvaar word dat die bittere gevolge van die Rebellie van 1914 voorlopig 'n einde aan die ideaal gebring het. Eietydse bronne bewys ook dat dit deurentyd hoofsaaklik sekere Afrikaners was wat die Gelofte herdenk het. In dorpe en stede het die res van die inwoners die dag jaarliks met vermaak (byvoorbeeld musiekconcerte, pieknieks, skoue en sport) deurgebring of handelsaktiwiteite soos op gewone weekdae voortgesit.

In die laaste twee dekades van die negentiende eeu het die media toenemend betrokke geraak in kritiek oor feesprogramme, die inhoud van sprekers se boodskappe en die wyse waarop 16 Desember deurgebring moes word.⁹ Later het dagblaaie mekaar se beriggewing en kommentaar oor hierdie aangeleenthede oor en weer begin kritiseer.¹⁰ Dan was daar ook die vierders self watstry gekry het oor die vrae of feesprogramme aan Sondagwetgewing onderhewig moes wees en slegs op godsdienstige wyse, of ook met volksvermaak soos debatte of boeresport deurgebring moes word.¹¹ Kritiek is nodig vir evaluering en groei, maar in die twintigste eeu het die publiek en media mettertyd soveel kontroversie aan alle aspekte rondom die Gelofte gekoppel, dat die persepsie by talle Afrikaners ontstaan het dat dit beter sou wees om die herdenkings totaal te staak. Hierdie jammerlike toestand se oorsprong is dus reeds in die negentiende eeu te vind.

⁶ M.J. Swart, *Geloftedag*, p. 25; *De Volksstem*, 1882-12-16 (Berig), p. [2]; M.J. Swart, President Steyn en Geloftedag, *Die Kerkbode* 88(24), 1961-12-13, pp. 882-883.

⁷ P.W. Grobbelaar, *Volkslewe van die Afrikaner. Die verhaal van ons volkskunde*, p. 6.

⁸ *The Star*, 1904-12-16 (Editorial), p. 8; *Pretoria News*, 1904-12-17 (The last rites), p. 7; *Pretoria News*, 1910-12-16 (Editorial), p. 4.

⁹ W.J. de Kock, Waar Paardekraal se vinger wys, *Die Brandwag* 11(640), 1950-01-06, p. 18; M.J. Swart, By hierdie Geloftedag was daar drank en 'n dobbel-meisie, *Die Huisgenoot* 42(2230), 1964-12-18, p. 18; A. Coetzee, *Die opkoms van die Afrikaanse kultuurgedagte aan die Rand 1886-1936*, p. 85; *The Friend*, 1905-12-15 (Editorial), p. [5].

¹⁰ *De Volksstem*, 1896-12-18 (De "Star" en het Paardekraalfest), p. 1.

¹¹ W.A. Odendaal en P.C. de Jager, *Vierung van Dingaansdag*, pp. 12-14; *De Volkstem*, 1911-01-06 (Brief: L.E. (pseud.), Standerton), p. 6.

Veral na afloop van die Anglo-Boereoorlog is al meer aandag aan die rol van kinders by feeste geskenk. Enkele byeenkomste is spesifiek net vir die jeug gehou, hoewel volwassenes altyd daarby welkom was.¹² Die jong vierdertjies het grootgeword en herdenkings op 16 Desember het vir hulle ‘n vanselfsprekendheid gebly. Dit is waarskynlik een van die vernaamste redes waarom Geloftevierings so ‘n lang geskiedenis in Suid-Afrika het.

Die eerste Dingaansfeeste in die Kaap het eers, sover bekend, na Uniewording plaasgevind, toe 16 Desember volgens wetgewing ‘n nasionale Suid-Afrikaanse vakansiedag geword het. Tog was daar deur die loop van die negentiende eeu deurlopende belangstelling in Gelofteherdenkings onder Kaapse Afrikaners en het van hulle selfs aan feeste in die res van Suider-Afrika deelgeneem.¹³ Die totale Kaapse louheid jeens Dingaansdag waarvan so dikwels geskryf word, is dus soos reeds genoem, nog ‘n wanopvatting oor die onderwerp.

Vanaf 1911 het Gelofteherdenkings geleidelik nasionale ondersteuning verkry en gegroei, sodat daar tans geen Afrikanergemeenskap in die land aangetref kan word wat nie in een of ander stadium deel aan vierings op 16 Desember gehad het nie. Selfs anderstaliges het by geleentheid feeste gehou of by Afrikaanse programme ingeskakel. Dit kan egter eerder as uitsonderings op die reël beskou word. Soos wat Afrikaners ook buite die landsgrense gereis, gestudeer, gewerk, geveg of verhuis het, het die feesttradisie saamgegaan en teen die een-en-twintigste eeu kan genoem word dat Gelofteherdenkings al op al die kontinente ter aarde plaasgevind het!

2. BETEKENIS VAN GELOFTEHERDENKINGS (1838 TOT 1910)

Volksfeeste het ‘n besondere plek in die ontstaan en ontwikkeling van die Afrikaanse volksaard ingeneem. As kultuurskepping het dit al die fasette van die Afrikaanse bestaan omsluit en derhalwe bied ‘n studie van hierdie feesvierings ‘n unieke insae in die volkslewe.¹⁴

Gelofteherdenkings is uniek omdat dit volksfeeste is, maar tegelykertyd ‘n sterk godsdienstige inhoud het, wat deur die jare betreklik onveranderd gebly het. In die res van die wêreld het

¹² *The Friend*, 1908-12-15 (Report), p. 4; *The Friend*, 1908-12-17 (Dingaan’s Day), pp. 5, 8; *The Friend*, 1909-12-17 (Dingaan’s Day), p. 5; *The Friend*, 1909-12-20 (Dingaan’s Day), p. 4.

¹³ P.H. Kapp, *Ons Volksfeeste*, p. 50; *De Volksstem*, 1896-12-17 (Het Paardekraalfeest), p. 1; *The Friend*, 1903-12-21 (Dingaansdag), p. 7; *De Kerkbode* 14(50), 1924-12-10 (Redaksioneel), p. 1628.

¹⁴ H.B. Senekal, *Die feesgebruiken van die Afrikaanssprekendes op die Witwatersrand: ‘n Sosiologiese studie*, D.Phil.-proefschrift, U.P., 1970, p. 504.

feeste met ‘n religieuse eed as oorsprong of danksegging vir uitredding as agtergrond, mettertyd ‘n baie sterk kommersiële of sekulêre inhoud ontwikkel. Voorbeeld hiervan is Dankseggingsdag in die VSA¹⁵ en Guy Fawkes in Brittanje.¹⁶ Die herdenking wat die sterkste ooreenkoms met die Geloftenakoming toon, is die Passiespele in Oberammergau, Duitsland. In 1633 het die inwoners van dié dorpie met ‘n eed aan God beloof om ‘n gereelde Passiespel op te voer indien hulle van die pes gespaar sou word. Hulle het oorleef en in 1634 is die eerste opvoering dan ook gehou. Sedert 1680 word dié spele een keer elke tien jaar gehou, met die uitsondering van 1870, 1920 en 1940, toe oorlog dit onmoontlik gemaak het. Op die oog af het die godsdiensinstig inslag in die vierings behoue gebly, maar die bevolking van Oberammergau oorleef vandag hoofsaaklik van inkomste wat uit toerisme gegenereer word.¹⁷ In teenstelling het Gelofteherdenkings nooit ‘n permanente inkomstebron vir enige vierder geword nie en nog minder in ‘n toeristelokmiddel verander.

Die byeenkomste ter nakoming van die Gelofte van 1838 het ‘n onuitwisbare invloed op die Afrikaner en selfs die Suid-Afrikaanse kultuurgeskiedenis gehad¹⁸ en midde-in die volk se kultuurstryd gestaan.¹⁹ Deur die jare het byeenkomste eie tradisies geskep. As oudste Afrikanerfees het dit die viering van alle ander feeste van die volk ingrypend beïnvloed. Spesiale kultuurorganisasies, byvoorbeeld plaaslike feeskomitees, is in die lewe geroep om feeste te struktureer en te reël. Hoewel die liggeme nie almal ewe veel sukses hiermee gehad het nie, het dit wel die agtergrond vir gestruktureerde, volkseie kultuurbeoefening geskep.

